Eerstejaarkoshuisstudente se belewenis van kampusonrus: ’n ondersoek na die invloed van die buitengewone stressor op hul psigososiale- en akademiese ontwikkeling

C Combrinck

orcid.org/0000-0001-5891-7637

Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad *Magister Educationis* in *Opvoedkundige Sielkunde* aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof J Hay

Mede-studieleier: Dr AE Botha

Gradeplegtigheid: Mei 2022

Studentenommer: 23619066

VERKLARING / DECLARATION

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk vervat in hierdie verhandeling / proefskrif, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie voorheen, in geheel of gedeeltelik, by enige universiteit ingedien het vir ‘n graad nie. OF

I the undersigned, hereby declare that the work contained in this dissertation / thesis is my own original work and that I have not previously in its entirety or in part submitted it at any university for a degree.

Handtekening / Signature



Datum / Date

09/10/2021

Kopiereg©2018 Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Copyright©2018 North-West University (Potchefstroom Campus)

Alle regte voorbehou / All rights reserved

DANKBETUIGINGS

My opregte dank en waardering word hiermee uitgespreek teenoor:

- My studieleier, Prof J Hay. Baie dankie dat ek onder u bekwame leiding en ondersteuning in die navorsingsproses gegroei het, en dat ek my studie suksesvol kon afhandel.
- My mede-studieleier, Dr AE Botha. Baie dankie vir al die motivering en ondersteuning wat u gebied het om te verseker dat hierdie studie suksesvol voltooi word.
- Dr L Preston. Baie dankie vir die advies, hulp en ondersteuning gedurende die proses.
- My man en beste vriend, Justin Myburgh. Dankie vir jou liefde, hulp en ondersteuning. Sonder jou sou ek dit nooit kon doen nie.
- My ouers. My pa, Martin Combrinck. Dankie vir al die hulp, advies en motivering. My ma, Mareleine Combrinck. Dankie vir die liefde, gebede en motivering. Ek is bly ek kan hierdie dag saam julle deel.
- My familie en vriende vir aanmoediging en belangstelling.
- Die verskeie deelnemers van die drie universisteitskampusse. Dankie vir julle waardevolle bydrae tot die navorsing.

OPSOMMING

Kampusonrus is die afgelope vier jaar veral prominent op Suid-Afrikaanse universiteitskampusse. Hierdie onrus versteur die universiteite se klasse en programme, wat dan ‘n groot mate van stres vir die kampus en die studente inhou (Hauser, 2016). Hierdie stres is buitengewoon, aangesien dit nie deel vorm van die algemene stres wat op universiteitskampusse plaasvind nie. Eerstejaarkoshuisstudente ervaar reeds baie stres tydens hul aanpassing by die nuwe universiteits- en koshuisleefstyl en wanneer buitengewone stressors, soos kampusonrus, ook nog bykom, kan dit moontlik hulle psigososiale en akademiese ontwikkeling beïnvloed (Deschamps & Shaikh, 2006). Ek beoog om vas te stel wat eerstejaarkoshuisstudente se ervaring hiervan is.

Die algehele doelstelling van hierdie navorsingstudie is om ondersoek in te stel oor wat eerstejaarkoshuisstudente se ervaring van kampusonrus is, en watter invloed hierdie buitengewone stressor dan op hulle psigososiale en akademiese ontwikkeling het. Die doelwitte van die navorsingstudie is om vas te stel wat eerstejaarkoshuisstudente onder die terme “kampusonrus” en “buitengewone stres” verstaan en wat hulle ervarings oor die invloed hiervan is, sowel as om moontlike voorstelle aan Suid-Afrikaanse universiteite en eerstejaarkoshuisstudente te bied om kampusonrus, en die stres wat dit veroorsaak, te hanteer.

Vir hierdie navorsingstudie het ek ‘n oorhoofse kwalitatiewe navorsingsontwerp, met die fokus op ‘n beskrywende en verkennende fenomenologiese benadering, gebruik. ‘n Fenomenologiese kwalitatiewe navorsingsontwerp het my in staat gestel om die persepsies, ervarings en houdings van eerstejaarkoshuisstudente, in verband met kampusonrus, te bestudeer en dan uit te vind watter invloed dit dan op hulle psigososiale en akademiese ontwikkeling het.

Sleutelterme vir die studie sluit in: eerstejaarkampusstudente, kampusonrus, buitengewone stressor, akademiese ontwikkeling, psigososiale ontwikkeling

ABSTRACT

For the past four years campus unrest has been very prominent on South African university campuses. This unrest disrupts the universities' classes and programmes, which in turn, puts a great deal of stress on the campus and the students. This stress is extraordinary, as it does not form part of the general stress that occurs on university campuses. First-year resident students already experience a lot of stress during their adaptation to the new university and residence lifestyle and when extraordinary stressors, such as campus unrest, are added it can possibly affect their psychosocial and academic development. The researcher aims to determine first-year residence students' experience hereof.

The overall aim of this research study was to investigate what first-year residence students' experience of campus unrest is, and what influence this extraordinary stressor has on their psychosocial and academic development. The objectives of the research study were to determine what first-year students understand by the terms "campus unrest" and "extraordinary stress" and what their experiences are of the possible influence thereof, as well as to offer possible suggestions to South African universities and first-year resident students on how to deal with campus unrest and the stress it causes.

For this research study, I used an overall qualitative research design, with the focus on a descriptive and exploratory phenomenological approach. A phenomenological qualitative research design enabled me to study the perceptions, experiences and attitudes of first-year residence students in connection with campus unrest, and discover what influence it has on their psychosocial and academic development.

Key concepts: first year campus students, campus unrest, extraordinary stressor, academic development, psychosocial development

INHOUDSOPGAWE

LYS VAN BYLAE x

Hoofstuk 1: Oriëntering tot die studie 1

1.1 Inleiding en oriëntering 1

1.2 Agtergrond en motivering 1

1.3 Probleemstelling 3

1.4 Navorsingsvrae 3

1.5 Navorsingsdoel 4

1.6 Teoretiese Raamwerk 4

1.6.1 Bio-psigososiale Model van Stres 4

1.6.2 Erik Erikson se Psigososiale Ontwikkelingsteorie 6

1.6.3 Piaget se Kognitiewe Ontwikkelingsteorie 7

1.6.4 Eerstejaarkoshuisstudente en kampusonrus deur die lens van die Ekosistemiese Benadering 8

1.7 Navorsingsontwerp en –metodologie 9

1.7.1 Navorsingsparadigma 9

1.7.2 Navorsingsontwerp 10

1.7.3 Navorsingsmetodologie 11

1.7.4 Rol van die navorser 15

1.7.5 Geldigheid en betroubaarheid van die studie 15

1.7.6 Etiese oorwegings 16

Alle algemene etiese riglyne met betrekking tot kwalitatiewe navorsing, asook die universiteitsriglyne, is tydens hierdie navorsingstudie nagekom. Hoofstuk 4 bevat ’n volledige uiteensetting van die etiese maatreëls wat die navorser tydens die navorsing nagekom het. 16

1.8 Moontlike bydrae van die navorsingstudie 16

1.9 Voorgestelde navorsingstruktuur 16

1. 10 Konsepverklaring 17

Hoofstuk 2: Moontlike oorsake van stres by eerstejaarkoshuisstudente, met ‘n fokus op kampusonrus as ‘n buitengewone stressor 21

2.1 Inleiding 21
2.2 Definisie en bespreking van stres 21
2.2.1 Tipes stres 22
2.2.2 Buitengewone stres en stressors 25
2.2.3 Moontlike oorsake van stres by eerstejaarkoshuisstudente 28
2.2.4 Effek van stres op eerstejaarkoshuisstudente 32
2.2.5 Stresverminderende metodes en strategieë 34
2.3 Bio-psigososiale model van stres 36
2.4 Bespreking van kampusonrus 39
2.5 Samevatting 42
Hoofstuk 3: Psigososiale en akademiese ontwikkeling onder eerstejaarkoshuisstudente, en die moontlike invloed wat kampusonrus daarop kan hê 43
3.1 Inleiding 43
3.2 Psigososiale en akademiese ontwikkeling 43
3.2.1 Psigososiale ontwikkeling 43
3.2.2 Akademiese ontwikkeling 49
3.3 Eerstejaarkoshuisstudente 54
3.4 Eerstejaarkoshuisstudente en kampusonrus deur die lens van die Ekosistemiese Benadering 56
3.5 Samevatting 60
Hoofstuk 4: Navorsingsmetodologie 62
4.1 Inleiding 62
4.2 Navorsingsparadigma 62
4.3 Navorsingsontwerp 64
4.4 Navorsingsmetodologie 68
4.4.1 Steekproefneming 68
4.4.2 Data-insameling 74
4.4.3 Data-analise en -interpretasie 76
4.5 Rol van die navorser 78
4.6 Geldigheid en betroubaarheid van die studie 79

4.7 Etiese oorwegings 80
4.7.1 Etiese oorwegings wat op die deelnemers betrekking het 81
4.7.2 Etiese magtiging 83
4.8 Samevatting 83
Hoofstuk 5: Bevindinge 84
5.1 Inleiding 84
5.2 Beskrywing van temas soos ontleen aan die data 84
5.2.1 Inligting van deelnemers 85
Tabel 5.1: Deelnemerinligting 85
5.2.2 Die volgende vrae is vir deelnemers gedurende die onderhoude gevra: 86
5.3 Bespreking van data en integrasie met literatuurstudie 100
5.3.1 Metode van data-ontleding 100
5.3.1 Temas en subtemas 101
Tabel 5.3: Geïdentifiseerde temas 101
5.3.2 Integrasie met literatuurstudie 102
5.5 Samevatting 122
Hoofstuk 6: Samevatting en Aanbevelings 123
6.1 Inleiding 123
6.2 Samevatting van bevindinge 123
6.3 Beantwoording van die navorsingsvrae 125
6.4 Tekortkominge van studie 129
6.5 Aanbevelings 130
6.5.1 Dramatiese verandering in eerstejaarskoshuisstudente se lewensomstandighede 130
6.5.2 Invloed op psigososiale ontwikkeling 131
6.5.3 Kampusonrus, as buitengewone stressor, ‘n bydraende faktor tot algemene stres 131
6.5.4 Gevolge van kampusonrus 132
6.5.5 Algemene aanbevelings vir eerstejaarkoshuisstudente 132
6.5.6 Aanbevelings vir verdere navorsing 133

6.6 Afsluiting 133
Bibliografie 135
ETHICS APPROVAL LETTER OF STUDY 176

LYS VAN BYLAES

BYLAAG A: INLIGTINGSPAMFLET

BYLAAG B: ONDERHOUDSKEDULE: VOORBEELD

BYLAAG C: ETIESE GOEDKEURINGSBRIEF

BYLAAG D: KAMPUS 1 TOESTEMMINGSBRIEF

BYLAAG E: KAMPUS 2 TOESTEMMINGSBRIEF

BYLAAG F: KAMPUS 3 TOESTEMMINGSBRIEF

BYLAAG G: SIELKUNDIGE VERWYSINGSBRIEF

BYLAAG H: ONAFHANKLIKE BEMIDDELAAR TOESTEMMINGSBRIEF

BYLAAG I: DEELNEMER SE INGELIGTE TOESTEMMINGSBRIEF

BYLAAG J: ONDERHOUDSVRAE AFRIKAANS

BYLAAG K: ONDERHOUDSVRAE ENGELS

BYLAAG L: DEELNEMER VRYWARINGSVORM

BYLAAG M: KO-KODERING VORM 1

BYLAAG N: KO-KODERING VORM 2

BYLAAG O: TAALVERSORGINGBRIEF

BYLAAG P: ETIEKGOEDKEURING

BYLAAG Q: TURNITIN VERSLAG

Hoofstuk 1: Oriëntering tot die studie

1.1 Inleiding en oriëntering

Dit is algemeen bekend dat elke individu in die wêreld spesifieke eise het wat aan hom/haar gestel word en dat hierdie eise dan ‘n mate van stres by die spesifieke individu veroorsaak (Fischer, 2017). Volgens Papathanasiou, Tsaras, Neroliatsiou en Roupa (2015) kan hierdie stres dan ‘n fisieke, psigologiese en/of emosionele invloed op die individu hê. Clinciu (2013) stel dat dit veral eerstejaarkoshuisstudente, as individue, is wat hoë vlakke van stres, weens ‘n oorlading van verskillende eise binne ‘n kort tydperk, ervaar. In Suid-Afrika is dit ook algemeen dat die skuif vanaf hoërskool na universiteit ‘n groot aanpassing van jongmense vereis (Deschamps & Shaikh, 2006). Blootstelling aan verskeie stressors binne ‘n onbekende omgewing veroorsaak stres onder eerstejaars, waaronder verskeie dan boonop in koshuise moet aanpas. Weens klagtes van studente, my eie ervarings en nuusberigte, het dit tydens die afgelope paar jaar onder my aandag gekom dat hierdie studente se stresvlakke, weens kampusonrus, nog hoër styg. As gevolg van hierdie buitengewone gebeure, soos onluste en betogings op Suid-Afrikaanse kampusse, het studente in kampuskoshuise se stresvlakke waarskynlik nog hoër gestyg, wat moontlik verskeie negatiewe gevolge vir hulle kon inhou.

As navorser het ek dit daarom goedgedink om eerstejaarkoshuisstudente se ervaringe oor die moontlike invloed van kampusonrus, as ‘n buitengewone stressor, op hulle psigososiale en akademiese ontwikkeling te ondersoek.

Teen hierdie agtergrond gaan ek in hierdie hoofstuk ‘n kort uiteensetting van die navorsingstudie weergee. Die uiteensetting gaan die volgende insluit: die agtergrond en motivering vir die studie, die probleemstelling en algehele doelwit, die navorsingsvraag en die navorsingsdoelwitte, ‘n teoretiese raamwerk en voorlopige literatuurstudie, die navorsingsmetodologie, data-insameling- en data-ontledingstegnieke, steekproefneming, vertrouenswaardigheid en etiese kwessies en oorwegings, asook ‘n uitleg van die studie. Die onderwerpe van navorsingsmetodologie, data-insameling- en data-ontledingstegnieke, steekproefneming, vertrouenswaardigheid en etiese kwessies sal in Hoofstuk 4 in groter detail hanteer word.

1.2 Agtergrond en motivering

Soos reeds genoem, vorm stres ‘n groot deel van elke individu se lewe en is dit dus ‘n term waaroor daar gereeld bespiegel word. Volgens Clinciu (2013) is dit ook ‘n konsep waaroor al baie navorsing gedoen is. Hierdie navorsing varieer vanaf algemene en alledaagse stres, tot akute stres en die impak wat hierdie stres op die individu se fisieke, psigologiese, en

emosionele welstand het. ‘n Spesifieke onderwerp waaroor daar al ‘n redelike hoeveelheid navorsing gedoen is, is oor die impak wat stres op universiteitstudente het – hetsy dit fisiek, psigologies, emosioneel, akademies of al vier is (Clinciu, 2013). Die rede hiervoor is omdat die aanpassing vanaf ‘n gereguleerde leefstyl (op skool) tot ‘n minder gereguleerde leefstyl ‘n groot aanpassing is, en wat betekenisvolle uitdagings inhou.

Die leefstyl van ‘n algemene universiteitstudent word deur Deschamps en Shaikh (2006) beskryf as ‘n gejaag, wat baie vereistes, ongesonde gewoontes en chaos inhou. Die gemiddelde universiteitstudent het ‘n besige skedule waarin hy/sy binne ‘n spesifieke tydperk verskillende verpligtinge moet nakom. Die lewe as ‘n universiteitstudent, en veral ‘n koshuisstudent, behels meer as net akademiese verpligtinge. Hierdie uiteenlopende verpligtinge kan uiteindelik tot verskillende stressors lei wat hoë stresvlakke kan veroorsaak. Afhangend van hoe elke student hierdie stres hanteer, affekteer dit die student se welstand. Dit is algemeen bekend dat veral eerstejaarstudente meer uitdagings en stressors in die gesig staar, aangesien hulle nog besig is om te leer hoe om by die nuwe leefstyl aan te pas (Deschamps & Shaikh, 2006). Volgens Clinciu (2013), is daar al bevind dat stressors ‘n betekenisvolle impak op ‘n universiteitstudent, veral ‘n eerstejaarkoshuisstudent kan hê, en sy/haar stresvlakke so kan opjaag dat dit sy/haar welstand en ontwikkeling negatief beïnvloed.

‘n Gaping wat wel in terme van navorsing oor stres bestaan, is die impak wat kampusonrus op universiteitstudente het. Die afgelope paar jaar het daar ‘n aantal kwessies in terme van universiteitsfooie, onderrigtale en rassisme op Suid-Afrikaanse universiteitskampusse na vore getree, en dikwels in gewelddadige betogings ontaard. Hierdie verwikkelinge het tot buitengewone gebeure aanleiding gegee, en begin om buitengewone stres by studente te veroorsaak (Hauser, 2016). Buitengewone stressors dui op stressors wat nie algemeen is nie en verwys na stressors wat die algemene universiteitstudent nie veronderstel is om te ervaar nie. Soos bespreek, ervaar universiteitstudente alreeds verskeie stressors wat ‘n negatiewe invloed op hulle welstand en ontwikkeling mag uitoefen, en dus is dit kommerwekkend wanneer kampusonrus studente in die gesig staar. Dit is tans ‘n groot bekommernis vir Suid-Afrikaners, aangesien die opleiding van die land se jongmense en toekomstige leiers hierdeur geraak word.

Le Grange (2016) voer aan dat die studenteprotes van 2015 ‘n hernude belangstelling in die dekolonialisering van Suid-Afrikaanse universiteite teweeg gebring het. Hierdie protes was grootliks daarop gemik om die wyse waarop die universiteite funksioneer aan te pas en te verander, om diversiteit ten volle te akkommodeer en te bevorder. Volgens Le Grange (2016) is hierdie tipe protes belangrik en is dit goed dat studente hulle opinies wil lug en duidelik wil maak, want sodoende kan alle rolspelers saamwerk om beter universiteite en ‘n beter toekoms

te bou. Die probleem ontstaan egter wanneer hierdie protes tot aggressiewe, gewelddadige aksies lei, en eerder die kampus en sy studente ontwrig, as wat dit bydra tot die bevordering van die universiteitswese.

'n Moontlike rede waarom daar nog min navorsing oor buitengewone stressors en kampusonrus gedoen is, kan wees omdat dit eers onlangs 'n groot probleem geword het wat op die meerderheid kampusse voorkom, en dus 'n relatief nuwe kwessie op Suid-Afrikaanse universiteitskampusse is. Soos bespreek, blyk dit asof dat hierdie nuwe kwessie kan bydra tot die reeds bestaande stres van studente, en hulle dus negatief kan beïnvloed. Dit is dus belangrik dat daar ondersoek ingestel word hoe studente, veral eerstejaarkoshuisstudente, die invloed van kampusonrus op hulle psigososiale en akademiese ontwikkeling beleef.

1.3 Probleemstelling

Die voorafgaande bespreking is gebaseer op 'n probleem wat sentraal tot hierdie studie staan. Holtzhausen (2015) ondersteun Deschamps en Shaikh (2006) se bevinding dat die oorgang van hoërskool na universiteit 'n groot uitdaging vir eerstejaarstudente is, en Clinciu (2013) het bevind dat dit veral vir eerstejaarkoshuisstudente 'n groot uitdaging is. Volgens Hauser (2016) het betogings op Suid-Afrikaanse universiteitskampusse in die afgelope drie jaar baie toegeneem, wat gelei het tot kampusonrus en dus moontlike buitengewone stres by studente kan veroorsaak. Dit beteken dat veral eerstejaarkoshuisstudente, wat alreeds stres weens nuwe uitdagings ervaar, moontlik negatief beïnvloed kan word wanneer hulle hierdie buitengewone stres ook ervaar. Hierdie is dus die probleem wat sentraal tot hierdie studie staan. As navorser was my algehele doel dus om vas te stel wat eerstejaarkoshuisstudente se belewenisse oor die invloed van kampusonrus op hulle psigososiale en akademiese ontwikkeling is.

1.4 Navorsingsvrae

Die volgende vraag is as primêre navorsingsvraag vir die doeleindes van die studie geformuleer:

> *Wat is eerstejaarkoshuisstudente se belewenis van kampusonrus as 'n buitengewone stressor op hul psigososiale en akademiese ontwikkeling?*

Die volgende sekondêre navorsingsvrae, onderliggend aan die primêre navorsingsvraag, is geformuleer:

- *Wat verstaan eerstejaarkoshuisstudente onder die term "kampusonrus"?*
- *Wat is eerstejaarkoshuisstudente se belewenisse van kampusonrus?*

- *Wat is eerstejaarkoshuisstudente se belewenis van die invloed wat kampusonrus op hulle psigososiale- en akademiese ontwikkeling het?*
- *Wat is moontlike voorstelle vir eerstejaarkoshuisstudente om stres, sowel as buitengewone stressors (soos kampusonrus), te hanteer?*
- *Wat is moontlike voorstelle vir Suid-Afrikaanse universiteite om kampusonrus te hanteer, of om die stres te hanteer wanneer kampusonrus plaasvind?*

1.5 Navorsingsdoel

Die doelstelling van hierdie navorsingstudie is om ondersoek in te stel oor wat eerstejaarkoshuisstudente se belewenis van kampusonrus is, en watter invloed hierdie buitengewone stressor dan op hulle psigososiale en akademiese ontwikkeling het.

1.6 Teoretiese Raamwerk

In hierdie navorsingstudie poog ek om eerstejaarkoshuisstudente se belewenis van die moontlike invloed wat kampusonrus, as buitengewone stressor, op hulle psigososiale en akademiese ontwikkeling het, te ondersoek. Die hoofkonsepte wat dus sentraal tot hierdie navorsingstudie staan is: eerstejaarkoshuisstudente, buitengewone stres, kampusonrus, en psigososiale ontwikkeling. Met die bespreking en verkenning van hierdie konsepte kon drie teorieë, wat dus ook sentraal tot die studie staan, geïdentifiseer word. Hierdie drie teorieë is: Hans Selye se bio-psigososiale model van stres, die psigososiale ontwikkelingsteorie van Erik Erikson, en Piaget se kognitiewe ontwikkelingsteorie. Die onderliggende teoretiese model wat egter as die grondslag van die navorsingstudie dien, en waarop die laasgenoemde twee teorieë berus, is die Ekosistemiese Model van Bronfenbrenner.

In Hoofstuk 2 word stres en buitengewone stres by eerstejaarkoshuisstudente, sowel as die konsep van kampusonrus, as ‘n buitengewone stressor, meer in-diepte bespreek. Die bio-psigososiale model van stres dien as teoretiese raamwerk vir die bespreking van die bogenoemde.

In Hoofstuk 3 word psigososiale en akademiese ontwikkeling van eerstejaarkoshuisstudente, met die psigososiale ontwikkelingsteorie as teoretiese raamwerk, meer in-diepte bespreek. Dit word gevolg met die bespreking van die moontlike invloed wat kampusonrus op hierdie ontwikkeling kan hê, en dit word deur die lens van Bronfenbrenner se ekosistemiese model bespreek.

1.6.1 Bio-psigososiale Model van Stres

Hans Selye, bekend as die vader van stresnavorsing (soos aangehaal deur Johnson, 2009), definieer stres as ‘n nie-spesifieke respons wat voorkom as gevolg van enige eise wat aan die

individu se liggaam gestel word, of dit nou ‘n sielkundige of somatiese behoefte na oorlewing of die bereiking van die mens se doelwitte is.

Naid (2013) dui aan dat stres verstaan kan word as ‘n tipe spanning wat individue ervaar wanneer hulle ongewone eise, verpligtinge of geleenthede in die gesig staar. Genoemde outeur verduidelik dat hierdie eise, verpligtinge of geleenthede dien as stimuli, andersins as stressors gekenmerk, wat dan aanleiding tot die spanning gee.

Stres kan dus verklaar word as ‘n tipe spanning wat, deur middel van blootstelling aan verskeie stressors (eise, verpligtinge of uitdagings) tot ‘n respons lei wat ‘n individu sielkundig of somaties kan beïnvloed.

Ironson, Schneiderman en Siegel (2008) dui aan dat die instandhouding en balans van ‘n persoon se lewe krities daarvan afhang om te midde van ‘n veranderende omgewing nog steeds psigies intakt of konstant te funksioneer. Hierdie toestand word dan, volgens Ironson *et al.* (2008), “homeostase” genoem. Hierdie ewewigstoestand word wel deur stres beïnvloed, wat dan die individu se balans en algemene welstand affekteer en omvergooi (Selye, 1985).

Aangaande die HAT (2000) definisie van die term “buitengewoon”, en Akrani (2011) se definisie van die term “stres”, kon die volgende definisie van die konsep “buitengewone stres” saamgestel word: buitengewone stres kan beskryf word as ‘n ongewone/abnormale fisieke of psigologiese reaksie wat by ‘n individu plaasvind wanneer hy/sy sukkel om aan ‘n eis te voldoen, aangesien die vermoë om daaraan te voldoen die norm oorskry. Vir hierdie studie sal die konsep van buitengewone stressors verwys na kampusonrus as ‘n buitengewone stressor, wat op drie verskillende Suid-Afrikaanse universiteitskampusse voorkom, naamlik: Kampus 1, Kampus 2 en Kampus 3. Die konsep van buitengewone stres sal verwys na die buitengewone stres wat hierdie bogenoemde stressors by eerstejaarkoshuisstudente op hierdie drie kampusse veroorsaak.

Stres en die effek wat dit op individue uitoefen, is gegrond in die stresteorie, genaamd die Bio-psigososiale Model van Stres, wat Hans Selye ontwikkel het, en kan daarvolgens verduidelik word (Ikonomi, 2011). Genoemde outeur stel dat stres, volgens hierdie model, in drie komponente opgedeel kan word: ekstern, intern, en die interaksie tussen ekstern en intern.

Brannon en Feist (1992) verduidelik dat die Bio-psigososiale Model van Stres fokus op die fisieke faktore van gesondheid, maar ook die psigologiese en sosiale faktore inkorporeer. Dit is dus ‘n holistiese voorstelling van hoe ‘n individu se gesondheid en welstand lyk. Volgens UK Essays (2015) kan biologiese (fisieke), sosiale en psigologiese faktore almal ‘n rol speel in die gesondheid van die individu, en veral bydra tot ‘n persoon se stresvlakke. Hierdie effek

kan die individu dan so negatief beïnvloed dat dit sy/haar agteruit-/ondergang in terme van gesondheid en welstand kan beteken.

Tydens sy/haar tyd op universiteit ervaar ‘n student baie stres, hetsy dit fisiek, sosiaal of psigologies is. Wanneer faktore soos akademiese prestasie, finansies, sosiale verhoudings en/of tydsbestuur ‘n sekere mate van stres veroorsaak kan dit die eerstejaarkoshuisstudent se homeostase so versteur dat dit sy/haar welstand en/of gesondheid negatief affekteer. Wanneer die student dan sukkel om hierdie algemene stres te hanteer, en daar kom ‘n buitengewone stressor – soos betogings wat sy/haar roetine verbreek – by, kan dit die student so negatief beïnvloed, dat hy/sy sal sukkel om soos die algemene student te ontwikkel.

Die Bio-psigososiale Model van Stres (volgens Terrill & Abbs, 2016) stel voor hoe stres sosiaal, sielkundig of biologies van aard kan wees, en ‘n uitwerking op ‘n individu se lewe kan hê. ‘n Individu kan dus verskeie stressors van ‘n sielkundige, sosiale en/of ‘n biologiese aard ervaar en hierdie stressors kan dan op ‘n interaktiewe wyse ‘n spesifieke invloed (negatief of positief) op die individu se lewe hê.

Volgens die Bio-psigososiale Model van Stres kan biologiese, sosiale en/of psigologiese faktore ‘n mate van stres by ‘n student veroorsaak en kan dit dan ‘n invloed op die student se ontwikkeling hê. Dit beteken dus dat hierdie faktore waarmee ‘n eerstejaarkoshuisstudent elke dag te doen het, die stres wat hy/sy ervaar, sowel as psigososiale en akademiese ontwikkeling mekaar beïnvloed om uiteindelik die student se welstand te bepaal. Dit sal dus baie help om eerstejaarkoshuisstudente se belewenisse oor die invloed van stres en kampusonrus op hulle psigososiale- en akademiese ontwikkeling te ondersoek, om sodoende voorstelle en hulp te kan bied.

1.6.2 Erik Erikson se Psigososiale Ontwikkelingsteorie

Volgens McLeod (2013) is die konsep van psigososiale ontwikkeling gebaseer sterk op Erik Erikson se teorie (sterk gebaseer op Psigoanalise), wat agt verskillende fases, waardeur ‘n ontwikkelende individu in sy/haar lewensloop gaan, beskryf. Erikson (soos aangehaal deur Barbour, 2015) verduidelik dat die individu by elkeen van hierdie fases met psigologiese konflikte/krisisse gekonfronteer word, wat dan binne die sosiale omgewing opgelos moet word ten einde ontwikkelingsvooruitgang te verseker. Meyer, Moore en Viljoen (2008) dui aan dat wanneer die individu hierdie konflik/krisis kan oorkom en die fase voltooi, dit tot gesonde persoonlikheidsontwikkeling sal lei.

Eerstejaarstudente bevind hulself oor die algemeen in ‘n oorgangstydperk vanaf die vyfde fase, naamlik “ego identiteit vs. rolverwarring”, na die sesde fase, naamlik “intimiteit vs. isolasie”, van hul lewens. Eerstejaarstudente kan hulself wel nog onder die vyfde fase bevind,

maar aangesien eerstejaarstudente die begin van jong volwassenheid betree, kan hulle ook onder die sesde fase val. Vir hierdie studie gaan daar dus slegs op die vyfde fase, “ego identiteit vs. rolverwarring”, en die sesde fase, “intimiteit vs. isolasie”, gefokus word.

McLeod (2013) verduidelik dat die vyfde fase gedurende adolessensie (soos in Tabel 3.1 ook aangedui) voorkom, en dat adolessente tydens hierdie fase na ‘n gevoel van selfwaarde en persoonlike identiteit soek. McLeod (2013) dui ook aan dat die sesde fase gedurende vroeë volwassenheid voorkom (soos in Tabel 3.1 ook aangedui). Volgens Meyer *et al.* (2008) bepaal hierdie fase hoe die individu verhoudings eksploreer en ervaar, en hoe die individu se toekomstige verhoudings uiteindelik gaan wees. Genoemde outeur brei verder uit oor hierdie fase, deur te verduidelik dat wanneer hierdie fase suksesvol voltooi word, dit tot gemaklike verhoudings en ‘n sin van toewyding, veiligheid en omgee binne ‘n verhouding kan lei.

Hierdie fases speel ‘n baie belangrike en kenmerkende rol in die suksesvolle ontwikkeling en sielkundige groei van ‘n individu. Die suksesvolle voltooiing van hierdie twee fases is duidelik noodsaaklik vir ‘n individu se persoonlikheids- en welstandsontwikkeling om ten einde ‘n gesonde persoonlikheid en welstand te bereik, en enige iets wat met hierdie voltooiing inmeng kan moontlik verhoed dat dit gebeur.

1.6.3 Piaget se Kognitiewe Ontwikkelingsteorie

Die hoofrede vir ‘n adolessent of jong volwassene se aansluit by ‘n universiteit en om as ‘n “student” geklassifiseer te word, is om akademies te ontwikkel (Kuzminov, 2015). Hierdie aspek speel dus ‘n kardinale rol in ‘n student se lewe, asook sy/haar toekoms as ‘n individu in die samelewing. Indien ‘n student dus akademies wil ontwikkel, is dit belangrik dat faktore soos stressors nie by die student se akademie inmeng en dit moontlik benadeel nie.

Akademiese ontwikkeling behels kognitiewe prosesse en kan dus aan die hand van Piaget se kognitiewe ontwikkelingsfases bespreek word. Piaget (soos aangehaal deur McLeod, 2009) sê dat daar vier fases is waardeur ‘n individu suksesvol moet gaan om ten einde kognitief te ontwikkel.

Eerstejaarstudente val onder die vierde en laaste fase, wat as die formeel-operasionele fase bekend staan, aangesien die ouderdom van hierdie fase vanaf 11 jaar tot volwassenheid strek. Vir hierdie studie sal ek dus op hierdie fase van kognitiewe ontwikkeling fokus. Cherry (2018) verduidelik dat die individu tydens hierdie fase oor die vermoë beskik om abstrak te dink en om hipoteses logies te toets. Die individu is ook veronderstel om onafhanklik te kan dink en probleme op te los tydens hierdie fase. Hierdie vaardighede is nodig wanneer ‘n individu akademiese werk moet verrig, en dus is hierdie ontwikkeling nodig ten einde akademiese ontwikkeling te verseker. Wanneer stres dus byvoorbeeld by ‘n student teenwoordig is, en

sy/haar homeostase in terme van kognitiewe ontwikkeling versteur word, kan dit veroorsaak dat die student akademies mag sukkel.

Volgens Pritchard (soos aangehaal deur Anon., 2015) kan ‘n student se akademiese prestasies en ontwikkeling deur verskeie faktore geaffekteer word, naamlik sosiale status, totale studietyd, akkommodasie, dosente, ouderdom, geslag en sosiale en/of politiese gebeure.

1.6.4 Eerstejaarkoshuisstudente en kampusonrus deur die lens van die Ekosistemiese Benadering

Die individu ontwikkel nie in isolasie nie, en word eerder elke dag deur die omgewing en omstandighede rondom hom/haar beïnvloed. Hierdie invloed dra dan by tot die ervarings van die individu en hoe hy/sy as ‘n unieke individu ontwikkel. Die Ekosistemiese Benadering kan help om as agtergrond en teorie waarop hierdie proses gebaseer is, te dien. Volgens Berryman, Glynn en Wearmouth (2005) is die Ekosistemiese Benadering gebaseer op die idee dat menslike strukture, wat interaktief is, as selfregulerende sisteme dien en dus soortgelyk aan die natuurlike ekosisteem funksioneer. Genoemde outeurs verduidelik dat hierdie sisteme deur die herhalende, interaktiewe patrone van die deelnemers (wat as sub-sisteme dien) volgehou word. Verder verduidelik hierdie outeurs dat sisteme in ‘n aanhoudende interaksie met mekaar is, en dus sal ‘n verandering in enige aspek van die sisteem ‘n invloed op die algehele sisteem hê. Individue ervaar dan probleme of uitdagings wanneer hulle in hierdie interaktiewe patrone vasgevang word. Meyer *et al.* (2008) sê dat die Ekosistemiese Benadering daarop dui dat elke sisteem, en elke deelnemer binne die sisteme van ‘n spesifieke konteks, ‘n rol in die struktuur en die proses daarvan speel.

Met hierdie Ekosistemiese Benadering as agtergrond en onderliggende teoretiese model kan daar gekyk word na die moontlike invloed wat kampusonrus op eerstejaarkoshuisstudente, as individue, se unieke ontwikkeling het. Wanneer daar dus dan spesifiek na eerstejaarkoshuisstudente en kampusonrus gekyk word, kan daar aangeneem word dat ‘n eerstejaarkoshuisstudent as die individu binne sy/haar eie ekosistemiese model dien, terwyl kampusonrus as ‘n sub-sisteem, wat deel van die eerstejaar se gemeenskap vorm, dien. Tydens die kort aanpassingstydperk wat eerstejaarkoshuisstudente in die gesig staar, word hulle gewoonlik aan verskeie stressors in ‘n nuwe, onbekende omgewing blootgestel. Hierdie stressors en ander eise wat aan hulle gestel word, veroorsaak gewoonlik ‘n mate van stres (Clinciu, 2013).

Buitengewone stres oorskry die “norm” van die algemene stres wat ‘n eerstejaarkoshuisstudent moet ervaar, en dus wanneer ‘n eerstejaarkoshuisstudent met so ‘n

tipe stressor gekonfronteer word, kan dit baie nadelig vir hom/haar wees. Soos in Hoofstuk 2 onder 2.2.2 bespreek word, is daar verskillende tipes buitengewone stressors, en is meeste van hulle geneig om traumatiese ervarings te veroorsaak en dan ‘n beduidende negatiewe invloed op ‘n individu te hê. Wanneer buitengewone stres by ‘n individu voorkom, veroorsaak dit ‘n negatiewe verandering in een van daardie individu se sisteme en wanneer hierdie stres nie behandel en reg hanteer word nie, kan dit ‘n slegte rimpel-effek veroorsaak, waartydens al die ander sisteme van die individu negatief beïnvloed word.

As daar op die volgende definisie van kampusonrus gelet word, kan kampusonrus definitief as ‘n buitengewone stressor geklassifiseer word: “Die openlike demonstrasie van ‘n groep se ontevredenheid oor ‘n spesifieke saak, wat dan op ‘n universiteitskampus geskied. Hierdie demonstrasie kan effektief wees, maar kan wel baie skade aanrig as dit nie binne die wet en reëls plaasvind nie.”

As kampusonrus, en die moontlike invloed van hierdie buitengewone stressor, in terme van die Ekosistemiese Benadering binne ‘n eerstejaarkoshuisstudent se lewe in ag geneem, kan daar aangeneem word dat die student se algehele sisteem negatief beïnvloed sal word wanneer dit nie effektief en vinnig hanteer word nie. Hierdie onrus binne die gemeenskapsisteem van die studente dien as ‘n buitengewone stressor wat mettertyd al die ander sisteme sal impakteer en negatief kan beïnvloed. Hierdie rimpel-effek sal voortduur totdat dit uiteindelik die eerstejaarkoshuisstudent se inter- en intrapersoonlike verhoudinge kan aanraak en tot negatiewe gevolge soos depressie en angsprobleme kan lei.

Deur die lens van die Ekosistemiese Benadering, en die bestudering van die literatuur, kan die moontlike afleiding gemaak word dat kampusonrus ‘n invloed op eerstejaarkoshuisstudente sal hê en heel moontlik sal hierdie invloed negatief wees.

1.7 Navorsingsontwerp en –metodologie

Die navorsingsontwerp en die metode van navorsing wat in die voorgenome studie gevolg gaan word, sal vervolgens bespreek word. Ek gaan uitbrei oor die navorsingsparadigma, navorsingsontwerp, navorsingsmetodologie en steekproefneming, data-insameling- en data-ontledingstegnieke, vertroulikheid asook etiese kwessies.

1.7.1 Navorsingsparadigma

Volgens Anderson (2013) kan ‘n paradigma beskryf word as ‘n filosofiese en teoretiese raamwerk wat bestaan uit gemeenskaplike oortuigings en gevoelens oor hoe die realiteit verstaan en bestudeer moet word. Nieuwenhuis (2016) beaam hierdie stelling en beskryf ‘n paradigma as die wyse waarop daar na gebeure gekyk word en dan as verwysingsraamwerk

gebruik word om dit wat waargeneem is, te organiseer. Laasgenoemde outeur verduidelik dat daar vyf navorsingsparadigmas bestaan: post-positivisme, interpretivisme, kritiese teorie, simboliese interaksionisme en post-modernisme.

Vir die doel van hierdie navorsingstudie gaan die interpretivistiese navorsingsparadigma as vertrekpunt dien. Interpretivisme word deur Nieuwenhuis (2016) beskryf as die betekenis wat individue of gemeenskappe aan ondervindinge heg, en dat hierdie betekenis deur subjektiewe ervarings en belewenisse van die wêreld gevorm word. Dit beteken dus dat die realiteit nie op ‘n objektiewe wyse bepaal word nie, maar eerder op ‘n sosiale wyse gevorm word.

In hierdie navorsingstudie volg ek ‘n interpretivistiese navorsingsparadigma, aangesien ek as navorser op ‘n interaktiewe, subjektiewe wyse probeer vasstel het wat eerstejaarkoshuisstudente se belewenis oor die moontlike invloed van kampusonrus op hulle psigososiale en akademiese ontwikkeling is.

1.7.2 Navorsingsontwerp

Volgens Kothari (2004) dien die navorsingsontwerp as ‘n konseptuele struktuur waarbinne navorsing uitgevoer word en kan dit dus gesien word as ‘n bloudruk vir die insameling, meting en analise van data. Die navorsingsontwerp behels dus ‘n uiteensetting van wat ek as navorser gaan doen om die navorsingstudie suksesvol uit te voer.

Vir hierdie navorsingstudie gaan ek ‘n oorhoofse kwalitatiewe navorsingsontwerp, met die fokus op ‘n beskrywende en verkennende fenomenologiese benadering, gebruik word.

Aangesien die doel van hierdie navorsing is om die belewenisse van eerstejaarkoshuisstudente in terme van kampusonrus se invloed op hulle psigososiale- en akademiese ontwikkeling te ondersoek, het ek fenomenologiese, kwalitatiewe navorsing, wat beskrywend en verkennend van aard is, as die mees gepaste navorsingsbenadering vir die studie geïdentifiseer.

‘n Fenomenologiese kwalitatiewe navorsingsontwerp sal my in staat stel om die belewenisse van eerstejaarkoshuisstudente, in verband met kampusonrus, te bestudeer en dan uit te vind watter invloed dit dan op hulle psigososiale en akademiese ontwikkeling het. Met die verkennende en beskrywende aard wat deel van hierdie navorsingsontwerp vorm, sal dit my ook help om lig op die huidige kwessie van kampusonrus se invloed op eerstejaarkoshuisstudente te werp en dit meer in-diepte te bestudeer, en uiteindelik dan moontlike idees vir die verligting van hierdie kwessie se uitdagings, en die uitbreiding van hierdie studie, te verskaf.

1.7.3 Navorsingsmetodologie

Williams (2011) beskryf navorsingsmetodologie as die manier waarop die navorser verskillende metodes gebruik ten einde die navorsingsprobleem te ondersoek en op te los.

1.7.3.1 Steekproefneming

Steekproefneming word deur Mugo (2002) beskryf as die proses waartydens die navorser ‘n aantal mense vanuit ‘n populasie selekteer om as verteenwoordigers vir die algehele populasie op te tree, met die doel om eienskappe van hierdie populasie vas te stel.

Daar is twee hoofkategorië waaraan metodes vir steekproefneming behoort, naamlik waarskynlikheidsmetodes en nie-waarskynlikheidsmetodes (Maree & Pietersen, 2016). Maree en Pietersen (2016) dui aan dat daar onder hierdie kategorieë verskeie spesifieke metodes is om steekproefneming vir ‘n navorsingstudie toe te pas. Vir hierdie navorsingstudie het ek die nie-waarskynlikheidsmetode, naamlik doelgerigte steekproefneming, as die mees geskikte metode beskou.

1.7.3.1.1Seleksie van universiteite

Vir hierdie navorsingstudie het ek studente van drie verskillende Suid-Afrikaanse universiteitskampusse, deur middel van doelgerigte steekproefneming, geselekteer om as deelnemers te dien. Die universiteitskampusse is doelgerig gekies op grond van kampusonrus wat in 2016 op verskeie kampusse plaasgevind het. Op twee van die universiteitskampusse het daar ernstige vorme van kampusonrus voorgekom en dus is hulle doelgerig deur die my as navorser gekies. Op die ander kampus het daar nie ernstige vorme van kampusonrus voorgekom nie, en hierdie kampus is deur my gekies om as ‘n mate van kontrole te dien. Om die privaatheid en vertroulikheid van hierdie kampusse te beskerm, sal daar tydens hierdie studie na hierdie kampusse verwys word as Kampus 1, Kampus 2 en Kampus 3. Hierdie drie kampusse is geleë in die sentrale en noordelike provinsies van Suid-Afrika.

Volgens Battaglia (2011) poog die nie-waarskynlikheidsmetode van steekproefneming nie om ‘n ewekansige steekproef vanuit die populasie te selekteer nie, maar fokus dit eerder daarop om doelbewus ‘n spesifieke steekproef te selekteer en toe te pas, omdat die groep die nodige kennis het vir die data wat die navorser benodig. Doelgerigte steekproefneming was gebruik om die bogenoemde universiteitskampusse vir die navorsingstudie te selekteer, aangesien die verskillende drie kampusse ‘n wye spektrum van verskillende data kon verskaf.

1.7.3.1.2 Seleksie van deelnemers

Vir die doel van hierdie studie het ek as navorser daarin belang gestel om die invloed van kampusonrus op eerstejaarkoshuisstudente se psigososiale en akademiese ontwikkeling te

bestudeer, en dus was eerstejaarkoshuisstudente die deelnemers wie se belewenisse van belang was. Ten einde hierdie studente se belewenisse te analiseer, het ek huidige histories derdejaarkoshuisstudente, deur middel van doelgerigte steekproefneming, geselekteer, omdat hierdie studente in 2016 eerstejaarstudente was, en tydens daardie jaar nie net die algemene stres (akademiese prestasie, finansies, sosiale verhoudings en/of tydsbestuur) van ‘n eerstejaarkoshuisstudent ervaar het nie, maar ook buitengewone stres as gevolg van betogings en onluste. Ek het hierdie invloed vasgestel en bestudeer, deur middel van individuele onderhoude waarin die belewenisse van verskillende derdejaarstudente (mans en dames) in kampuskoshuise, op elkeen van die drie geselkteerde universiteitskampusse, bestudeer en bespreek was.

Hierdie steekproefneming van die studente was nie aan ‘n spesifieke getal gebonde gewees nie, maar het eerder volgens data versadiging plaasvind. Volgens Green en Thorogood (soos aangehaal deur O’Reilly & Parker, 2012) beteken hierdie konsep dat die navorser moet aanhou om data in te samel totdat daar nie meer iets nuuts gegenereer kan word nie, en daar nie meer ontluikende patrone en temas in die data voorkom nie.

Ek het, deur middel van onderhoude (Bylae J en K) , voortgegaan met die insameling van data, totdat daar niks meer ontluikende patrone of temas voorgekom het nie, maar eerder ‘n patroon van herhaling begin voorkom het. Eers toe hierdie punt bereik was, kon daar verseker vasgestel word hoeveel studente deel van die steekproef gevorm het, en hierdie getal was uiteindelik 18 studente.

Daar is wel ‘n sekere beraamde getal, wat as riglyn vir die steekproef dien. Hierdie getal bestaan uit 8 studente per kampus, waar 4 dames van 2 verskillende dameskoshuise en 4 mans van 2 verskillende manskoshuise sal kom, wat dan ‘n totale getal van 24 studente sou uitmaak. Hierdie totale getal sou net as riglyn vir die steekproef van die studentedeelnemers dien, en kon dit wel verminder of vermeerder, afhangende van wanneer data-versadiging bereik word. Data-versadiging, as steekproefneming, gaan ook per kampus verkry word, wat beteken dat die navorser per kampus gaan vasstel of die ontluikende temas binne die onderhoude nie meer voorkom nie en daar eerder te veel herhaling in die onderhoude voorkom. Dit beteken dus dat die getal studente van elke kampus moontlik kan verskil, afhangende van wanneer elkeen data-versadiging bereik het. Hierdie word meer in-diepte in 4.4.1.2 bespreek.

Om die studie verder te trianguleer, het ek beoog om deur middel van elektroniese vraelyste data in te samel, waarin die belewenisse van die bogenoemde derdejaarstudente se ouers bestudeer kon word. Die navorser het die ouers se kontakbesonderhede van die studente

ontvang, maar na verskeie pogings om kontak met hulle te maak, het sy egter geen terugvoer ontvang nie. Hierdie het ‘n mate van vertraging in my werkstempo veroorsaak, wat daartoe gelei het dat ek teen die gebruik en steekproef van ouers as bykomende deelnemers in die studie besluit het.

1.7.3.2 Data-insameling

Ten einde die navorsingstudie se navorsingsvraag te kon beantwoord, asook die navorsingstudie se doelwitte te kon aanspreek, is data deur middel van individuele onderhoude ingesamel.

Data-insameling word deur Polkinghorne (2005) beskryf as ‘n proses waartydens inligting, met ‘n spesifieke doel in gedagte, ingesamel en geobserveer, aangeteken, georganiseer, geklassifiseer en omskryf word om ten einde logiese verwerkings en afleidings te kan maak.

Ritchie (2003) dui aan dat daar verskeie metodes/tegnieke is wanneer dit kom by die data-insameling van ‘n kwalitatiewe navorsingstudie, naamlik: observasie, invul van vraelyste, opnames, dokumentêre analise, groepbesprekings (fokusgroepe), en onderhoude. Genoemde outeur brei uit dat onderhoude en groepbesprekings die hooftegnieke vir die insameling van kwalitatiewe navorsing is.

Volgens Cohen, Manion en Morrison (2007) is die onderhoud ‘n kenmerkende navorsingstegniek wat belangrike doeleindes dien en die navorser die geleentheid bied om toegang tot die deelnemers se denkwyses, ervarings en belewenisse te verkry. Nieuwenhuis (2016) stel dat hierdie geleentheid gebied word tydens ‘n twee-rigting gesprek tussen die persoon wat die onderhoud voer en die deelnemers, waartydens die daar vrae aan die deelnemers gerig word, wat hulle dan moet beantwoord.

Vir hierdie studie is die individuele onderhoud dus as hooftegniek vir data-insameling gebruik, om sodoende direkte toegang tot die deelnemers se belewenisse te verkry. Die onderhoude was semi-gestruktureerd van aard gewees, en het uit ‘n afdeling vir biografiese inligting en 10 vaste vrae bestaan, waarop uitbreiding en aanpassing moontlik was. Verwys na Bylaag J vir die Afrikaanse vrae, en na Bylaag K vir die Engelse vrae.

Cohen *et al*. (2007) verwys na die vraelys as ’n bruikbare instrument om inligting in te samel, aangesien dit gestruktureerde data verskaf, sonder die deelnemer se teenwoordigheid toegepas kan word en redelik eenvoudig is om te analiseer. Vir hierdie navorsingstudie sou die vraelys as ‘n bykomende insamelingstegniek gebruik word, om op ‘n gestruktureerde wyse ‘n wyer perspektief te verkry en sodoende ook die studie te trianguleer.

Die hooftema van kampusonrus en die invloed wat dit op eerstejaarkoshuisstudente se psiogososiale en akademiese ontwikkeling het, sou oorkoepelend in die vraelys voorkom. Die vraelys sou gestruktureerd wees en uit vaste vrae, wat met die hooftema verband hou, bestaan het. Vir hierdie studie sou die vraelys uit 6 oop-einde vaste vrae bestaan het, waar die deelnemers die kans sou kry om uit te brei oor hulle belewenisse aangaande die moontlike invloed wat kampusonrus op eerstejaarkoshuisstudente kan hê. Soos reeds genoem, is hierdie tegniek, weens geen terugvoer, egter nie gebruik nie.

1.7.3.3 Data-analise en -interpretasie

Ritchie (2003) stel dat die analisering van kwalitatiewe data nie spesifieke opeenvolgende stappe, reëls of prosedures volg nie, maar eerder ‘n deurlopende, herhalende en interaktiewe proses behels. Die data kan dus volgens sistematiese stappe geanaliseer word, maar met kwalitatiewe navorsing is hierdie stappe dan interaktief en kan met mekaar oorvleuel.

Vir hierdie navorsingstudie is inhoudsanalise gebruik om die data te analiseer. Nieuwenhuis (2016) stel dat inhoudsanalise die gebruik van ‘n tegniek is wat die navorser in staat stel om objektief en sistematies spesifieke eienskappe of temas vanuit die data te identifiseer, en dan afleidings daaroor te maak.

Volgens Elo en Kyngäs (2008) kan inhoudsanalise op ‘n induktiewe of deduktiewe wyse gebruik word. Vir hierdie studie is dit op ‘n induktiewe wyse gebruik, omdat ek daarna gemik het om vanaf die spesifieke na die algemene te beweeg wanneer die data geanaliseer word. Sodoende, volgens Chinn en Kramer (1999), kon die navorser spesifieke gevalle waarneem, wat dan saamgevoeg kon word om ‘n groter stelling as ‘n geheel te vorm.

Volgens Hsieh en Shannon (2005) fokus inhoudsanalise op die belangrikheid van taal as kommunikasiemiddel, en die inhoud wat dit behels, wanneer ‘n spesifieke teks se inhoud as data geanaliseer word. Soos reeds genoem, het ek individuele semi-gestruktureerde onderhoude vir hierdie studie se data-insameling gebruik, en dus was hierdie onderhoude die teks wat geanaliseer was.

1.7.3.3.1 Individuele onderhoude

Nadat die individuele onderhoude uitgevoer en met ‘n bandopnemer opgeneem is, is dit volledig deur ‘n onafhanklike persoon, met transkripsie-ervaring, getranskribeer – wat natuurlik bereid was om aan die streng verstroulikheidsooreenkoms te voldoen. Daarna het die formele analise van temas plaasgevind. Hierdie proses het volgens sekere sistematiese stappe, soos voorgestel deur Braun en Clarke (2006), plaasgevind. Soos reeds genoem, is hierdie stappe interaktief en kan dit oorvleuel.

1.7.3.3.2 Vraelyste

Nadat die vraelys ontwikkel en deur my deurgelees en notas geneem is, het die studieleiers sowel as ‘n derde, onafhanklike kollega, met ‘n MEd in Opvoedkundige Sielkunde, die gesigs- en inhoudsgeldigheid van die kwalitatiewe vraelys noukeurig bestudeer. Hierdie kollegas is ook gevra word om te verseker dat die vraelys betroubaar is.

Soos onder die opskrif “1.7.3.1.2 Seleksie van deelnemers“ bespreek, is daar egter uiteindelik nie van vraelyste gebruik gemaak nie, en het hierdie proses van kodering dus nie plaasgevind nie.

1.7.4 Rol van die navorser

Babbie en Mouton (2007) stel dat die navorser, in sy/haar interaksie met die deelnemers, self die primêre navorsingsinstrument word. Aangesien die navorser belangstel in die deelnemers se belewenisse oor die invloed van kampusonrus, het ek tydens hierdie kwalitatiewe navorsingstudie, op ‘n interpretivistiese wyse, deur middel van onderhoude en vraelyste met die deelnemers, data omtrent hierdie verskynsel bekom. Ek as navorser was dus die instrument waardeur die deelnemers, tydens interaksie in die onderhoude, hulle belewenisse oor die invloed van kampusonrus gedeel het.

In die verstaan van die deelnemers se gevoel van sekuriteit, het ek, volgens Rossouw (soos aangehaal deur Bartlette, 2013), subjektiwiteit tydens die navorsingsproses erken en verklaar. Hiermee het die navorser onderneem om tydens die navorsingsproses ten alle tye subjektiwiteit te erken. Ek het ook onderneem om tydens die onderhoude subjektiwiteit te verklaar en slegs as instrument, waardeur die deelnemers hulle belewenisse kan uitdruk, te dien.

As navorser het ek ook onderneem dat die deelnemers se identiteit tydens die navorsing anoniem sal bly en dat al die data, en die terugvoer daarvan, met vertroulikheid hanteer sal word.

1.7.5 Geldigheid en betroubaarheid van die studie

Volgens Creswell (2014) behels kwalitatiewe geldigheid die proses waardeur ‘n navorser, met die toepassing van verskillende prosedures, kontroleer of die navorsingsbevindinge akkuraat is en of die data-insamelingstegniek meet wat dit veronderstel is om te meet. Genoemde outeur stel ook verskeie strategieë vir die versekering van geldigheid voor. Hieroor word verder in Hoofstuk 4 uitgebrei.

Ek het hierdie strategieë in ag geneem en onderneem om gedurende die navorsingsproses daarvan gebruik te maak.

Kwalitatiewe betroubaarheid word deur Gibbs (2007) gedefinieer as die navorsingsbenadering se konsekwentheid regoor verskillende navorsers en navorsingsprojekte. Gibbs (2007) stel verskeie prosedures vir die versekering van betroubaarheid voor. Hierdie prosedure word meer in-diepte in Hoofstuk 4 bespreek.

Ek het hierdie prosedures in ag geneem en onderneem om gedurende die navorsingsproses daarvan gebruik te maak.

1.7.6 Etiese oorwegings

Wanneer navorsing onderneem word, is etiese oorwegings van kardinale belang, en is dit die navorser se verantwoordelikheid om eties korrek op te tree en die deelnemers se regte en welstand te beskerm. Verder is dit ook belangrik dat die universiteite se identiteit nie openbaar gemaak sal word deur die navorsing nie.

Ek het alle algemene etiese riglyne met betrekking tot kwalitatiewe navorsing, asook die universiteitsriglyne, tydens hierdie navorsingstudie nagekom. Hoofstuk 4 bevat 'n volledige uiteensetting van die etiese maatreëls wat ek tydens die navorsing nagekom het.

1.8 Moontlike bydrae van die navorsingstudie

Hierdie navorsingstudie fokus op eerstejaarkoshuisstudente se belewenisse oor kampusonrus se invloed op hulle psigososiale- en akademiese ontwikkeling. Die uniekheid van hierdie studie is dat daar 'n leemte in navorsing bestaan oor kampusonrus se invloed op studente bestaan. Daar is al baie navorsing oor die invloed wat stres op studente het, maar nog nie veel oor die invloed wat buitengewone stres, soos kampusonrus, op eerstejaarkoshuisstudente het nie. Die aflewering van hierdie studie het dus uitdagings aan my as navorser gebied.

Kwalitatiewe navorsing fokus daarop om te beskryf wat al die deelnemers in gemeen het wanneer hulle die spesifieke verskynsel, wat bestudeer word, ervaar (Nieuwenhuis, 2016). Tydens hierdie studie is daar gepoog om ondersoek in te stel na die positiewe en negatiewe ervarings wat derdejaarkoshuisstudente (eerstejaarkoshuisstudente in 2016), van drie verskillende Suid-Afrikaanse universiteitskampusse, in terme van kampusonrus het. Sodoende kon daar bepaal word of die studente se ervarings nasionaal iets in gemeen het. Die bevindinge kan voortaan deurgetrek word om eerstejaarkoshuisstudente in hierdie verband te help en om effektiewe ondersteuning in die toekoms aan eerstejaarstudente te bied.

1.9 Voorgestelde navorsingstruktuur

Hierdie navorsingstudie is soos volg gestruktureer en uitgelê:

Hoofstuk 1 Inleiding

Hoofstuk 2 Literatuuroorsig: Moontlike oorsake van stres by eerstejaarkoshuisstudente, met ‘n fokus op kampusonrus as buitengewone stressor

Hoofstuk 3 Literatuuroorsig: Psigososiale en akademiese ontwikkeling onder eerstejaarkoshuisstudente, en die moontlike invloed wat kampusonrus daarop kan hê.

Hoofstuk 4 Navorsingsontwerp en -metodologie

Hoofstuk 5 Data-analise, bevindinge en gevolgtrekkings

Hoofstuk 6 Samevatting en aanbevelings

1. 10 Konsepverklaring

Akademiese ontwikkeling

Your Dictionary (2017) definieer akademie as die studie van kursusse of modules (vakke) wat ‘n persoon aan ‘n universiteit of skool studeer.

Die HAT (2000:786) definieer die woord “ontwikkel” soos volg: “Geleidelik groei, vorm aanneem, ontstaan”. Verder word ontwikkeling deur die HAT (2000:786) gedefinieer as “handeling, proses van te ontwikkel; groei, geestelike vorming”.

Volgens IGI Global (2017) word akademiese ontwikkeling soms ook as opvoedkundige of professionele ontwikkeling beskou, en behels dit dan akademiese en professionele personeellede wat betrokke is by beplande aktiwiteite om alle dimensies van onderrig, leer en vakkundigheid in universiteite te verbeter.

Afgelei van hierdie definisies, kan die akademiese ontwikkeling van ‘n student dus gedefinieer word as die proses waartydens die student deur middel van beplande aktiwiteite geleidelik groei in sy/haar spesifieke studieveld, wat dan uiteindelik lei tot die vorming en verbetering van die student se vermoë en kundigheid in sy/haar studieveld.

Die konsep “akademiese ontwikkeling” sal in die studie verwys na die akademiese ontwikkeling van eerstejaarkoshuisstudente op die drie genoemde kampusse.

Buitengewone stressors

Die HAT (2000:121) definieer buitengewoon as “ongewoon in hoë mate”. Verder word ongewoon deur die HAT (2000:776) gedefinieer as “nie gewoon, nie alledaags nie” en as

“buitensporig, abnormaal”. Die term buitengewoon verwys dus na iets wat nie aan ‘n bepaalde norm voldoen, of volgens ‘n bepaalde norm plaasvind nie.

Volgens Szabo, Somogyi en Tache (2012) verwys die term stressor na die faktor/agent wat aanleiding tot die “stres-respons” gee. Naid (2013) sluit hierby aan deur ‘n stressor te beskryf as iets wat komplekse reaksies vanuit verskeie stelsels in die liggaam ontlok.

Buitengewone stressors kan dus gedefinieer word as iets wat op ‘n abnormale, ongewone wyse ‘n stresrespons vanuit die liggaam ontlok. Dit verwys na iets wat so ‘n dramatiese invloed op ‘n individu se liggaam (hetsy fisies, psigologies of chemies) het, dat dit abnormale spanning in die individu se lewe veroorsaak.

Vir hierdie studie sal die konsep van buitengewone stressors verwys na buitengewone stressors wat op drie verskillende Suid-Afrikaanse universiteitskampusse voorkom, naamlik: Kampus 1, Kampus 2 en Kampus 3.

Eerstejaarkoshuisstudente

Merriam-Webster (2017) definieer ‘n student eerstens as “iemand wat studeer; hom op die studie toelê; iemand met ‘n liefde vir studie” en tweedens as ‘n persoon wat ingeskryf is aan ‘n tersiêre instansie, soos ‘n universiteit, en ‘n spesifieke kursus daar studeer.

Volgens die HAT (2000) is die woord “eerstejaar” ‘n selfstandige naamwoord afgelei van die selfstandige naamwoord eerstejaarstudent, en laasgenoemde word deur die HAT gedefinieer as ‘n student wat in die eerstejaar van sy/haar studie aan ‘n tersiêre instansie is.

Die English Oxford Living Dictionaries (2017) definieer ‘n koshuis as ‘n instelling wat bekostigbare kos en verblyf aan ‘n spesifieke groep mense, soos studente, reisigers of werkers, verskaf. Meer spesifiek definieer The Free Dictionary (2017) ‘n universiteitskoshuis as ‘n universiteitsgebou (gewoonlik op kampus) wat woonplek, met die nodige geriewe, vir universiteitstudente bied.

‘n Eerstejaarkoshuisstudent kan dus beskryf word as ‘n persoon wat sy/haar eerste jaar van ‘n spesifieke kursus aan ‘n universiteit studeer en in ‘n universiteitsgebou saam met ander studente woon.

Die konsep van eerstejaarkoshuisstudente sal in die studie verwys na eerstejaarkoshuisstudente wat op Kampus 1, Kampus 2 of Kampus 3 aan ‘n koshuis behoort, en in 2016 daar ‘n inwoner was.

Kampusonrus

Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (1980) definieer die term kampus as ‘n terrein tussen en rondom die akademiese geboue van ‘n universiteit of kollege. Vir hierdie spesifieke studie sal hierdie term grootliks verwys na die drie Suid-Afrikaanse universiteitskampusse vanwaar die navorser haar data verkry het.

Volgens die Collins Dictionary (2017) verwys onrus na ‘n toestand van ontevredenheid, versteuring en rusteloosheid binne ‘n groep mense, wat hulle tipies dan openlik in die publiek demonstreer. Verder verduidelik die Collins Dictionary (2017) dat hierdie tipe demonstrasie deur middel van krete, danse, marse, plakkate of pamflette kan plaasvind. Hierdie demonstrasie kan egter gewelddadig raak, waarin die afbrand van geboue, standbeelde en objekte, asook die fisiese aanranding van ander mense, voorkom – hierdie tipe onrus vind plaas wanneer die opstandige groep nie volgens die wet optree nie.

Die konsep van kampusonrus kan dus beskryf word as die openlike demonstrasie van ‘n groep se ontevredenheid oor ‘n spesifieke saak, wat dan op ‘n universiteitskampus geskied. Hierdie demonstrasie kan effektief wees, maar kan wel baie skade aanrig as dit nie binne die wet en reëls plaasvind nie.

Kognitiewe ontwikkeling

Barbour (2015) dui aan dat kognitiewe ontwikkeling verwys na die verwerwing van die vermoë om te redeneer en probleme op te los. Verder verduidelik genoemde outeur dat Jean Piaget die teorie van kognitiewe ontwikkeling ontwikkel het, en dit weergegee het as vier fases waardeur ‘n kind (vanaf geboorte tot adolessensie) suksesvol moet vorder ten einde kognitief suksesvol te ontwikkel. Vir hierdie studie is die vierde fase van toepassing. Volgens McLeod (2009) staan hierdie fase bekend as die formeel-operasionele fase, en behels dit alle individue wat 11 jaar en ouer is. Genoemde outeur verduidelik dat hierdie fase tot volwassenheid strek, en dat die individu gedurende hierdie fase die vermoë om aan abstrakte konsepte te dink, asook die vaardigheid om hipoteses logies te toets, ontwikkel. Hierdie vaardighede is nodig wanneer ‘n individu akademiese werk moet verrig, en dus is hierdie ontwikkeling nodig ten einde akademiese ontwikkeling te verseker.

Psigososiale ontwikkeling

Volgens Mcleod (2013) is die konsep van psigososiale ontwikkeling gebaseer op Erik Erikson se psigo-analities-gebaseerde teorie, wat agt verskillende fases, waardeur ‘n ontwikkelende individu in sy/haar lewensloop gaan, beskryf. Erikson (soos aangehaal deur Barbour, 2015) verduidelik dat die individu by elkeen van hierdie fases met psigologiese konflik gekonfronteer word, wat dan opgelos moet word ten einde ontwikkelingsvooruitgang te verseker.

Die konsep psigososiale ontwikkeling sal in die studie verwys na die psigososiale ontwikkeling van eerstejaarkoshuisstudente van 2016 op die volgende drie universiteitskampusse: Kampus 1, Kampus 2 en Kampus 3.

Stres

Hans Selye, bekend as die *vader van stresnavorsing* (soos aangehaal deur Johnson, 2009), definieer stres as ‘n nie-spesifieke respons wat voorkom as gevolg van enige eise wat aan die individu se liggaam gestel word, of dit nou ‘n sielkundige of somatiese aanvraag na oorlewing of die bereiking van die mens se doelwitte is.

Naid (2013) dui aan dat stres verstaan kan word as ‘n tipe spanning wat individue ervaar wanneer hulle buitengewone eise, verpligtinge of geleenthede in die gesig staar.

Stres kan dus verklaar word as ‘n tipe spanning wat, deur middel van blootstelling aan verskeie eise, verpligtinge of uitdagings, tot ‘n respons lei wat ‘n individu sielkundig of somaties kan beïnvloed. Kshirsagar (2016) sê dat stres in ‘n student, of enige ander individu, gedefinieer kan word as ‘n fisieke of verstandelike reaksie van die individu wanneer enige situasie druk op die persoon uitoefen. Verder verduidelik genoemde outeur dat chemiese stowwe in die bloed vrygestel word wanneer ‘n individu stres ervaar. Wanneer fisieke skade die rede vir die stres is, sal dit ‘n chemiese reaksie veroorsaak, wat dan ekstra energie en krag aan die individu sal verskaf, en hom/haar dan sal help om te reageer en op ‘n positiewe wyse op te tree. Wanneer die skade egter op ‘n emosionele wyse reageer, is daar nie ‘n manier vir die stres om te ontsnap nie, en kan dit die individu benadeel. Kshirsagar (2016) verduidelik dat daar dus positiewe tipe stres (eustres) en negatiewe stres (distres) bestaan, en dat eustres ‘n positiewe invloed op die individu en sy/haar ontwikkeling kan hê, terwyl distres ‘n individu kan benadeel. Johnson (2009) lê klem daarop dat dit belangrik is om te verseker dat distres reg beheer en behandel word, voordat moontlike angsversteurings en depressie kan ontwikkel.

Kshirsagar (2016) verduidelik verder dat studente verskillende tipes van stres op verskillende maniere en vlakke kan ervaar; dit hang alles af van hulle psigiese en fisieke vermoëns, sowel as hulle onmiddellike omgewing.

Hoofstuk 2: Moontlike oorsake van stres by eerstejaarkoshuisstudente, met ‘n fokus op kampusonrus as ‘n buitengewone stressor

2.1 Inleiding

Weens klagtes van studente, eie ervarings en nuusberigte, het dit tydens die afgelope paar jaar (met spesifieke fokus op 2015 en 2016) onder die navorser se aandag gekom dat kwessies van kampusonrus op Suid-Afrikaanse universiteitskampusse al hoe meer voorkom. Hierdie onrus kan beskryf word as buitengewone gebeure op die kampusse, wat tot studente (veral eerstejaarkoshuisstudente) se reedsbestaande stresvlakke kan bydra en dit nog hoër laat styg (Hauser, 2016, soos bespreek in par. 1.2). Verskeie navorsers, volgens Clinciu (2013), het al bevind dat ‘n universiteitstudent, veral ‘n eerstejaarkoshuisstudent, se welstand en ontwikkeling geweldig negatief beïnvloed kan word wanneer hul stresvlakke sodanig verhoog word.

Volgens die navorser is dit dus belangrik om vas te stel of kampusonrus, en die buitengewone stres wat dit veroorsaak, wel ‘n invloed op eerstejaarkoshuisstudente se psigososiale- en akademiese ontwikkeling het, en indien wel, tot watter mate. Die volgende temas staan dus sentraal tot hierdie studie: kampusonrus, stres, psigososiale- en akademiese ontwikkeling en eerstejaarkoshuisstudente. In hierdie hoofstuk, sowel as die volgende hoofstuk (Hoofstuk 3), gaan die navorser, deur middel van die literatuur, hierdie hooftemas verken. In hierdie hoofstuk, spesifiek, gaan die temas van stres, buitengewone stressors en kampusonrus verken word.

Eerstens gaan stres as ‘n konsep verduidelik en bespreek word, waarna die konsep van buitengewone stres ook verken gaan word. Hierdie konsepte gaan dan verder in terme van die Biopsigososiale Model van Stres, as onderliggende teoretiese raamwerk, bespreek en belig word. Daarna volg ‘n bespreking van onluste en kampusonrus.

2.2 Definisie en bespreking van stres

Hans Selye, bekend as die vader van stresnavorsing (soos aangehaal deur Johnson, 2009), definieer stres as ‘n nie-spesifieke respons wat voorkom as gevolg van enige eise wat aan die individu se liggaam gestel word, of dit nou ‘n sielkundige of somatiese behoefte na oorlewing of die bereiking van die mens se doelwitte is.

Naid (2013) dui aan dat stres verstaan kan word as ‘n tipe spanning wat individue ervaar wanneer hulle ongewone eise, verpligtinge of geleenthede in die gesig staar. Genoemde

outeur verduidelik dat hierdie eise, verpligtinge of geleenthede dien as stimuli, andersins as stressors gekenmerk, wat dan aanleiding tot spanning kan gee.

Kshirsagar (2016) sluit aan by die bogenoemde deur te sê dat stres in ‘n student, of enige ander persoon, gedefinieer kan word as ‘n fisieke of verstandelike reaksie by die individu, wanneer enige situasie druk op die persoon uitoefen. Stres kan dus verklaar word as ‘n tipe spanning wat, deur middel van blootstelling aan verskeie stressors (eise, verpligtinge of uitdagings), tot ‘n respons lei wat ‘n individu sielkundig of somaties kan beïnvloed.

Ironson, Schneiderman en Siegel (2008) dui aan dat die instandhouding en balans van ‘n persoon se lewe krities daarvan afhang om te midde van ‘n veranderende omgewing nog steeds psigies intakt of konstant te funksioneer. Hierdie toestand word dan, volgens Ironson *et al.* (2008), “homeostase” genoem. Homeostase word deur Merriam-Webster (2017) gedefinieer as ‘n relatiewe ewewigstoestand, of die neiging na so ‘n toestand, tussen die verskillende maar interafhanklike elemente van ‘n organisme. Dit beteken dus dat dit belangrik is vir ‘n individu wat sy/haar lewe in stand wil hou om homeostase te beleef. Hierdie ewewigstoestand word wel deur stres beïnvloed, wat dan die individu se balans en algemene welstand affekteer en omvergooi (Selye, 1985).

Stres is deur die World Health Organisation beskryf as die Gesondheidsepidemie van die 21ste Eeu” (Fink, 2016). Ter verklaring van laasgenoemde, sê genoemde outeur dat die rede hiervoor moontlik is omdat stres ‘n individu se homeostase affekteer, en dan ‘n beduidende effek op sy/haar emosionele en fisieke gesondheid kan hê.

2.2.1 Tipes stres

2.2.1.1 Eustres en distres

Kshirsagar (2016) stel dat chemiese stowwe in die bloed vrygestel word wanneer ‘n individu stres ervaar. Wanneer enige fisiese skade aan die individu se liggaam berokken is, die hoofrede vir die stres is, sal dit ‘n chemiese reaksie veroorsaak, wat dan ekstra energie en krag aan die individu sal verskaf. Hierdie energie sal hom/haar dan help om te reageer en op ‘n positiewe wyse op te tree. Wanneer die stres egter op ‘n emosionele wyse presenteer, is daar nie ‘n manier vir die stres om te ontsnap nie, en kan dit die individu benadeel, aangesien daar nie ‘n fisiese komponent is nie. Genoemde outeur verduidelik dat daar dus positiewe tipe stres (eustres) en negatiewe stres (distres) bestaan, en dat eustres ‘n positiewe invloed op die individu en sy/haar ontwikkeling kan hê, terwyl distres ‘n individu kan benadeel.

Volgens Kshirsagar (2016) kan eustres beskryf word as stres wat noodsaaklik is in elke individu se lewe, aangesien dit ‘n rol in motivering van ‘n individu se optrede en prestasie

vertolk. Deur die motivering wat eustres aan ‘n individu verskaf, help dit die individu om op ‘n positiewe wyse sy/haar aksies effektief uit te voer. Genoemde outeur dui aan dat stres vir ‘n student positief (eustres) kan wees wanneer die vlak daarvan hoog, of genoeg is om die student te motiveer.

Volgens Selye (soos aangehaal deur Marten, 2017) verwys eustres na ‘n aanpassingsproses, waartydens ‘n organisme sy wese en gedrag so aanpas om in sy interne omgewing te kan oorleef. Dit beteken dat ‘n individu leer om aan te pas by die uitdagings wat ‘n stressor bied. Volgens Marten (2017) is eustres meer as net ‘n aanpassingsproses, maar eerder ‘n positiewe kognitiewe evaluering van die individu se reaksie tot ‘n stressor. Dit kom dus voor wanneer die uitkoms positief is en uiteindelik welstand bevorder. Aangesien hierdie twee teorieë van Kshirsagar en Selye mekaar nie weerspreek nie, dui Marten (2017) aan dat dit gekombineer kan word, en dat eustres dan beskryf kan word as die aanpassingsreaksie tot ‘n stressor wat deur die individu as positief waargeneem word.

Distres word deur Kshirsagar (2016) beskryf as stres wat nie noodsaaklik in ‘n individu se lewe is nie, aangesien dit negatiwiteit genereer en skadelik vir ‘n individu se welstand en lewe is. Wanneer iemand ernstige fisiese of sielkundige probleme ervaar, dui dit op distres (negatiewe stres). Volgens genoemde outeur word distres by ‘n student veroorsaak wanneer sy/haar stresvlak te hoog of te laag is, en dit is dan ‘n weerspieëling van die negatiewe aard van die stressors. Distres kan uiteindelik dan angsversteurings en depressie veroorsaak. Johnson (2009) lê klem daarop dat dit belangrik is om te verseker dat distres reg beheer en behandel word, voordat moontlike angsversteurings en depressie kan ontwikkel.

Volgens Marten (2017) sê Ridner dat distres die toestand van stres is, wat aanleiding tot ‘n onaangename emosionele reaksie en ‘n ongesonde liggaamsreaksie gee. Nerdrum, Rustøen en Rønnestad (2006) bevind in ‘n studie dat studente veral hoë vlakke van waargenome stres en psigologiese distres ervaar, en dat die hoeveelheid distres in voorgraadse studente hoër was in vergelyking met die algemene studente-populasie. Die redes vir hierdie hoë vlakke van stres en distres was as gevolg van toenemende akademiese werkslading, bekommernis oor akademiese prestasie asook persoonlike faktore, soos om deel van ‘n nuwe portuurgroep te vorm (Dyrbye, Thomas & Shanafelt, 2005).

2.2.1.2 Akute en chroniese stres

Kshirsagar (2016) dui aan dat stres in een van twee kategorieë opgedeel kan word, afhangend van die tydsduur wat dit by die individu voorkom, naamlik akute stres of chroniese stres. Genoemde outeur verduidelik dat akute stres voorkom wanneer ‘n individu vir ‘n kort tydperk aan stres ly, en dat chroniese stres voorkom wanneer ‘n individu vir ‘n lang tydperk (weke, maande of jare) aan stres ly.

Volgens Meyer (2017) behels akute stres ‘n reaksie op ‘n tydelike stimulus, waartydens die liggaam se stres-stelsel vir ‘n kort tydperk geaktiveer word. Alhoewel hierdie tipe stres ‘n blywende effek op biologiese- of gedragsaspekte kan hê wanneer dit ernstig genoeg is, verduidelik genoemde outeur dat die menslike “stres-reaksie-stelsel” oor die algemeen daartoe in staat is om akute stres te hanteer. Akute stres verwys na dreigende gebeure wat vir ‘n relatiewe kort tydperk duur en ‘n duidelike eindpunt het. Voorbeelde hiervan is om die uitdaging van ‘n belangrike eksamen te hanteer of wanneer iemand se huis deur ‘n ernstige oorstroming bedreig word (Weiten, 2010).

Miller en Smith (1993) verduidelik dat akute stres die mees algemene vorm van stres is, en dat dit voorkom as gevolg van eise en uitdagings uit ‘n individu se onlangse verlede en die eise en uitdagings wat in die nabye toekoms verwag word. Genoemde outeurs stel dat hierdie stres opwindend is wanneer dit in klein dosisse plaasvind, maar dat te veel daarvan uitputtend kan wees. Wanneer hierdie korttermyn stres dus oordoen word, kan dit tot sielkundige distres, en ander fisiese simptome soos spanningshoofpyne, lei. Gelukkig kan die simptome van hierdie stres wel deur die meeste mense herken word.

Verder verduidelik Miller en Smith (1993) dat akute stres nie genoeg tyd het om groot skade, wat met langtermyn nagevolge geassosieer word, aan te rig nie. Die mees algemene simptome, volgens genoemde outeurs, is gewoonlik emosionele distres, spierprobleme, maagprobleme en korstondige ooropwinding. Akute stres kan dus in enige individu se lewe voorkom, maar is behandelbaar en kan hanteer word.

Terwyl akute stres opwindend kan wees, is dit nie die geval met chroniese stres nie, aangesien chroniese stres ‘n knaende tipe stres is, wat mense vir lang tydperke affekteer en onderkry (Miller & Smith, 1993). Volgens hierdie outeurs (1993) verwoes chroniese stres mense se liggame, verstande en lewens. Meyer (2017) verduidelik dat die rede hiervoor is omdat die liggaam se stres-stelsel vir ‘n lang tydperk geaktiveer word wanneer dit op voortdurende stimuli reageer. Chroniese stres verwys na dreigende gebeure wat vir ‘n relatiewe lang tydperk duur en geen duidelike tydslimiet of eindpunt het nie. Voorbeelde hiervan behels voortdurende finansiële druk as gevolg van baie kredietkaart-skuld of die eise wat gepaard gaan met die omsien na ‘n siek familielid oor ‘n tydperk van jare (Weiten, 2010).

Volgens Miller en Smith (2010) kom chroniese stres voor wanneer ‘n persoon baie moeilik ‘n uitweg uit ‘n slegte situasie sien, en is dit ‘n stres wat aanhoudende eise vir skynbaar onbeperkte tydperke aan individue stel. Individue gee dan gewoonlik op om na oplossings te soek, aangesien hul geen hoop sien nie. Genoemde outeurs stel dat chroniese stres dikwels uit traumatiese ervarings van vroeë kinderjare spruit, wat geïnternaliseer word en vir altyd teenwoordig en pynlik is; sommige van die ervarings het ‘n groot invloed op die persoonlikheid

van ‘n individu. Verder verduidelik genoemde outeurs dat wanneer ‘n persoonlikheid herstruktureer moet word, of diepgewortelde oortuigings dan herformuleer moet word, vereis die herstel daarvan aktiewe selfondersoek – dikwels met professionele hulp.

Miller en Smith (1993) dui aan dat die slegste aspek van chroniese stres is dat mense vergeet dit is teenwoordig, en daaraan gewoond raak. Aangesien akute stres nuut is, word die individu dadelik bewus daarvan, terwyl chroniese stres geïgnoreer word omdat dit as langstaande, bekend en gewoond-daaraan ervaar word. Volgens genoemde outeurs kan chroniese stres lei tot die dood as gevolg van selfmoord, geweld, hartaanvalle, beroerte, en selfs kanker. Met hierdie stres word individue afgebreek tot ‘n finale, fatale ineenstorting. Genoemde outeurs verduidelik dat die simptome van chroniese stres moeilik is om te behandel, aangesien fisiese en sielkundige hulpbronne oor ‘n lang tydperk uitgeput word, en dus uitgebreide mediese- en gedragsbehandeling sowel as streshantering vereis.

2.2.2 Buitengewone stres en stressors

Die HAT (2000) definieer buitengewoon as “ongewoon in hoë mate”. Verder word ongewoon deur die HAT (2000) gedefinieer as “nie gewoon, nie alledaags nie” en as “buitensporig, abnormaal”. Die term buitengewoon verwys dus na iets wat nie aan ‘n bepaalde, gewone norm voldoen, of volgens ‘n bepaalde, gewone norm plaasvind nie.

Soos in Par. 2.2 bespreek, kan stres in ‘n student of enige ander individu gedefinieer word as ‘n fisieke of kognitiewe reaksie van die individu wanneer enige situasie druk op die persoon uitoefen (Kshirsagar, 2016). Volgens Akrani (2011) kan stres gedefinieer word as ‘n toestand van psigologiese en fisiologiese wanbalans as gevolg van die gaping wat daar tussen ‘n eis wat aan die individu gestel word en die individu se vermoë om aan hierdie eis te voldoen, bestaan.

Buitengewone stres kan dus beskryf word as ‘n ongewone fisieke of psigologiese reaksie wat by ‘n individu plaasvind wanneer hy/sy sukkel om aan ‘n eis te voldoen, aangesien die vermoë om daaraan te voldoen die norm oorskry.

Volgens Szabo, Somogyi en Tache (2012) verwys die term stressor na die faktor/agent wat aanleiding tot die “stres-respons” gee. Naid (2013) sluit hierby aan deur ‘n stressor te beskryf as iets wat komplekse reaksies vanuit verskeie stelsels in die liggaam ontlok. Soos in die tweede paragraaf onder 2.2 ook bespreek, verduidelik genoemde outeur dat ‘n stressor beskryf kan word as die eise, verpligtinge of geleenthede wat aan individue gestel word, en as stimuli dien wat aanleiding tot spanning gee.

Na aanleiding van die bespreking van eersgenoemde konsep “buitengewoon” en laasgenoemde konsep “stressor”, kan ‘n buitengewone stressor gedefinieer word as iets wat op ‘n abnormale, ongewone wyse ‘n stresrespons vanuit die liggaam ontlok. Dit verwys na iets wat so ‘n dramatiese invloed op ‘n individu se liggaam (hetsy fisies, psigologies of chemies) het, dat dit abnormale spanning in die individu se lewe veroorsaak.

Kennedy (2015) se definisie van buitengewone stres sluit aan by die bogenoemde: “Dit is die hoeveelheid stres wat ‘n individu ervaar, wat die maatstaf, van die hoeveelheid stres wat ‘n algemene individu veronderstel is om te ervaar, oorskry.”

Laasgenoemde outeur dui aan dat daar drie hooftipes stressors is, wat as buitengewoon geklassifiseer kan word, en moontlike psigologiese nadele kan inhou:

1. **Liggaamlik-sielkundige:**
   Hieronder kom post-traumatiese stresversteuring (PTSV), konversieversteuring, psigologiese pynversteuring en depressie voor.
   - Post-traumatiese stresversteuring: Volgens Yehuda (2002) kan dit beskryf word as ‘n kondisie van aanhoudende emosionele stres wat voorkom as ‘n reaksie op ‘n traumatiese gebeurtenis wat ‘n dreigement tot besering of dood ingehou het. Hierdie toestand behels gewoonlik die herroeping van die traumatiese gebeurtenis, wat kan lei tot slaapversteurings, negatiewe veranderinge in denke en gemoed, veranderinge in fisiese en emosionele reaksies en algehele onttrekking.
   - Konversieversteuring: Hierdie is ‘n versteuring wat voorkom as neurologies, waar fisiese simptome onbewustelik as gevolg van ‘n stresvolle of traumatiese gebeurtenis veroorsaak word (Borowski, 2009). Dit beteken dat ‘n individu fisiese simptome, wat geen oënskynlike fisiese oorsaak het nie, sal ervaar.
   - Psigologiese pynversteuring: Hierdie versteuring hou verband met psigologiese faktore. Hiermee kan sommige tipes verstandelike of emosionele probleme verhoogde of verlengde pyn veroorsaak. Dit beteken dat ‘n individu met hierdie versteuring sal kla van pyn wat nie met sy/haar werklike simptome ooreenstem nie (Edward & Covington, 2000).
   - Depressie: Kassin, Fein en Markus (2011) verduidelik dat depressie ‘n gemoedsversteuring is, wat deur gevoelens van hartseer, pessimisme, apatie en stadige denkprosesse gekenmerk kan word. Genoemde outeurs dui aan dat depressie ‘n toestand van moedeloosheid is, wat deur negatiewe selferkenning binne die individu veroorsaak word.

2. **Sielkundig-liggaamlike:**

Hieronder ressorteer hartaanvalle, beroertes en maagsere.

- Hartaanval: Tydens ‘n hartaanval word die bloedtoevoer, wat normaalweg die hart met suurstof voed, afgesny en die hartspiere begin doodgaan. Daar is verskeie oorsake van ‘n hartaanval, wat geblokte are en bloedklonte behels, maar daar is verskeie faktore wat kan lei tot hierdie oorsake en stres is een van die grootste faktore (Kinman, 2018). Net soos wat stres kan lei tot hartaanvalle, kan ‘n hartaanval ook lei tot geweldige stres binne ‘n familie.
- Beroerte: Sacco (2013) beskryf ‘n beroerte as die skielike afsterwe van breinselle as gevolg van ‘n tekort aan suurstof, wat deur die verstopping van bloedvloei of die skeur van ‘n aar tot die brein veroorsaak word. Genoemde outeur dui aan dat die volgende simptome daarvan is: verlies van spraak, swakheid of lamheid aan die een kant van die liggaam. Stres speel ook ‘n groot rol hierin.
- Maagseer: Volgens Nordqvist (2017) kom ‘n maagseer voor wanneer die spysverteringsvloeistowwe die voering van die spysverteringstelsel wegvreet. ‘n Maagseer kan in die voering van die maag, die dunderm of die onderste deel van die slukderm voorkom. Hierdie toestand is aanvanklik behandelbaar en nie gevaarlik nie, maar oor ‘n lang tydperk kan dit lewensgevaarlik wees. Volgens Nordqvist (2017) is stres hier ook ‘n groot oorsaak van ‘n maagseer.

3. Sielkundig-sielkundige:

Hieronder kom afknouery (boelie) en die waarneming van ‘n grusame besering of afsterwe voor.

- Afknouery/teistering: Dryden-Edwards (2018) beskryf afknouery as fisiese of verbale aggressie wat oor ‘n tydperk herhaal word, en die wanbalans van mag betrek. Volgens genoemde outeur behels dit gewoonlik ‘n persoon wat sy/haar krag of invloed gebruik om skade aan ander, wat swakker is, aan te rig. Afknouery kan baie skade aan veral ‘n kind rig en kan ‘n geweldige mate van stres veroorsaak.
- Waarneming van ‘n grusame besering of afsterwe: Volgens Kennedy (2015) dien hierdie as ‘n geweldige traumatiese gebeurtenis by mense en kan dit ‘n vorm van uiterste stres veroorsaak. Hierdie tipe gebeurtenis kan ook lei tot PTSV, soos by die fisiek-sielkundige bespreek is.

Vir hierdie studie sal die konsep van buitengewone stressors verwys na kampusonrus as ‘n buitengewone stressor, wat op drie verskillende Suid-Afrikaanse universiteitskampusse voorkom, naamlik op Kampus 1, Kampus 2 en Kampus 3. Die konsep van buitengewone stres sal verwys na die buitengewone stres wat hierdie bogenoemde stressors by eerstejaarkoshuisstudente op hierdie drie kampusse veroorsaak.

2.2.3 Moontlike oorsake van stres by eerstejaarkoshuisstudente

Stres, hetsy ‘n groot of klein mate daarvan, het duidelik daagliks ‘n groot invloed op individue se lewens en hulle funksionering – veral op eerstejaarkoshuisstudente, wat ‘n groot hoeveelheid verskillende stressors in ‘n kort tydperk van aanpassing ervaar. Soos reeds genoem, kan dit ‘n eerstejaarstudent geweldig negatief beïnvloed wanneer buitengewone stressors ook nog voorkom. Dit is dus belangrik om vas te stel wat die moontlike oorsake van hierdie stres is. Volgens Misra en McKean (2000) is die toename in stres onder universiteitstudente kommerwekkend, aangesien dit ‘n groot invloed op hulle gesondheid en welstand kan hê. Reifman (2011) stel dat universiteitstudente oor die algemeen alreeds ‘n mate van stres ervaar wanneer hulle skielik moet leer aanpas by die nuwe leefstyl en strenger akademiese vereistes, maar dat dit deesdae nie meer net daarby bly nie en eerder toeneem. Genoemde outeur sluit by Misra en McKean aan deur te verduidelik dat die toename in stres onder universiteitstudente toegeskryf kan word aan die aanhoudende toename in vereistes wat aan studente op kampusse gestel word. Baie studente sukkel om by hierdie standaarde en hoë mate van stres by te bly, wat uiteindelik lei tot die benadeling van hul gesondheid en welstand.

Ribeiro *et al.* (2017) beweer dat stres elke dag ‘n realiteit van alle individue se lewens is en dat dit een van baie faktore is wat ‘n invloed op ‘n individu se lewensgehalte het. Lewensgehalte word deur Ribeiro *et al.* (2017) gedefinieer as ‘n individu se persepsie van posisie in die lewe, in terme van die konteks van sy/haar kultuur en waardesisteem – en dit behels sy/haar doelwitte, perspektiewe, standaarde en bekommernisse. Volgens genoemde outeur word universiteitstudente se lewensgehalte veral beïnvloed, aangesien die tydperk waarin hulle hulself bevind as ‘n hoë-stres tydperk erken word.

Ribeiro *et al.* (2017) stel dat oormatige en aanhoudende stres die aanvang van die ontwikkeling van baie siektes kan wees, wat beteken dat die gevolge daarvan verder as die blote gesondheid van ‘n individu strek. Verder verduidelik genoemde outeur dat die eise van die (post-)moderne lewe gereeld die begin van somatiese gebeure in jongmense se lewens veroorsaak, en hulle algehele funksionering en welstand affekteer, wat dan lei tot negatiewe gevolge op die studente se akademiese prestasie. Die emosies wat studente in die akademiese omgewing ervaar, hou verband met hul akademiese aanpassing en sukses, asook hul gesondheid en welstand. Faktore soos angs en stres kan egter lei tot swak akademiese prestasie en siektetoestande. Daar is wel verskeie dinge wat aanleiding tot die angs en stres by studente kan gee.

Kshirsagar (2016) verduidelik dat studente verskillende tipes van stres op verskillende maniere en vlakke kan ervaar; dit hang alles af van hul psigiese en fisieke vermoëns, sowel as hul onmiddelike omgewing.

Genoemde outeur verduidelik verder dat die oorsake en gevolge van stres by studente van hul spesifieke situasie en/of omgewing afhang. Hy noem vier spesifieke oorsake wat geneig is om stres by studente te veroorsaak, en wat as "algemene stres" onder veral eerstejaarkoshuisstudente geklassifiseer kan word: akademiese prestasie, finansies, sosiale verhoudings, en tydsbestuur.

- Akademiese prestasie:
  Die skuif vanaf hoërskool na universiteit is 'n groot aanpassing in terme van die akademie, aangesien die leerstof geneig is om baie meer omvattend, uitdagend en veeleisend te wees. Die eerstejaarstudent moet dus baie vinnig hierby aanpas, asook verseker dat hy/sy self-dissipline toepas, en hierdie kan 'n groot mate van stres by die student meebring.
- Finansies:
  Universiteitskoste raak al hoe duurder, en deesdae is hierdie koste baie hoog. Ouers wat dit nie kan bekostig nie, pas hul lewenstyle aan om te verseker dat hulle die student se gelde kan betaal, en hierdie kan geweldige stres op die student uitoefen. Studente wat dan finansiële steun soos beurse en lenings kry, ervaar ook baie stres, omdat hierdie beurse of lenings sekere vereistes stel wat nagekom moet word. Bykomend tot hierdie universiteitskostes, is die feit dat die eerstejaarstudent sy/haar geld reg moet bestuur om te verseker dat hy/sy oorleef.
- Sosiale verhoudings:
  Wanneer 'n student universiteit toe gaan, word hy/sy skielik aan baie verskillende mense blootgestel, en binne 'n kort tydperk kan daar baie verhoudings (van liefde en/of vriendskap) ontstaan. Die student kan dit dan moeilik vind om die regte verhoudings te bou en om die regte mense te vertrou, wat tot stres lei. 'n Student wil ook verseker dat hy/sy by die norm inpas, en die keuse van vriende en/of geliefdes word hierdeur beïnvloed, wat ook verdere stres tot gevolg het. Met die baie verhoudings en vriendskappe, kom die moontlikheid van konflik ook voor, wat verdere stres by 'n student kan teweegbring.
- Tydsbestuur:
  Wanneer 'n student universiteit toe gaan, word hy/sy skielik blootgestel aan 'n onafhanklike leefstyl, en dus weet die student nie altyd hoe om tyd reg te bestuur nie. Die student kan geneig wees om sekere take uit te stel wanneer hy/sy lui is, en dit kan tot groot probleme, en uiteindelik stres, lei. Aangesien die eerstejaarstudent dikwels nie

daaraan gewoond is om sy/haar eie tyd te bestuur nie, kan dit tot slegte tydsbestuur lei, wat baie stres kan veroorsaak. Daar is ook skielik baie verpligtinge wat ‘n student moet nakom (akademies, sosiaal en in koshuisverband) en as hy/sy sukkel om hierdie verpligtinge te balanseer en die tyd daarvan reg te bestuur, veroorsaak dit ‘n groot mate van stres.

Eerstejaarstudente kan een tot almal van hierdie vier oorsake van stres ervaar, alhoewel die deursnee eerstejaarstudent geneig is om al vier te ervaar. Hierdie vier oorsake kom egter nie sistematies, in volgorde of een-vir-een in die student se lewe voor nie – hul is interaktief en beïnvloed mekaar soos ‘n kettingreaksie.

Essel en Owusu (2017) brei uit oor die oorsaak van swak akademiese prestasie deur te stel dat die verhoogde werkslading van universiteit stres by die studente veroorsaak, terwyl die stres hul begeerte om nie lae punte te kry nie dryf om harder te werk en meer ure daaraan te spandeer, wat dan tot nog meer stres kan lei. Genoemde outeurs verduidelik ook dat die mis van klasse geweldige stres by studente veroorsaak, omdat hulle bekommerd is dat dit kan lei tot laer punte. Die mis van klasse en laer punte kan ook ‘n skuldgevoel by die student veroorsaak, wanneer hy/sy ‘n lening of ‘n beurs het wat hy/sy moet volhou of bekommerd is oor die geld wat sy/haar ouers vir die klasse betaal.

Sosiale verhoudinge of verpligtinge, soos koshuisbyeenkomste, kan weer veroorsaak dat ‘n student klas moet mis of akademiese werk moet afskeep. Hierdie dui op die belangrikheid van tydsbestuur en wanneer ‘n student sukkel om sy/haar tyd reg te bestuur tussen al sy/haar verpligtinge en bekommernisse, kan dit tot geweldige stres lei en die student heeltemal oorweldig.

Volgens Essel en Owusu (2017) speel ‘n student se omgewing ‘n groot rol in hoe hy/sy funksioneer – veral ‘n eerstejaarkoshuisstudent wat by ‘n nuwe omgewing moet aanpas. Hierdie outeurs lys en verduidelik ‘n aantal omgewingsfaktore wat ook geneig is om stres by studente veroorsaak:

- Gebrek aan vakansie of aftyd:
  Die menslike liggaam is so ontwerp dat dit daarvan afhanklik is om gereeld te rus. Wanneer studente vir lang tydperke in leeromgewings is, affekteer dit die kognitiewe denke van die studente – hulle raak moeg en lui om op hulle studies te fokus. Op die lange duur bring hierdie gevoelens vir die studente meer stres mee, aangesien die liggaam nie genoeg energie het om met die leerproses voort te gaan nie.
- Rekenaarprobleme:

Meeste studente beskik nie oor die nodige vaardighede om ‘n rekenaar vir akademiese doeleindes te gebruik nie, en vir meeste van die universiteitskurrikulums in die (post-) moderne tydperk word daar van rekenaars gebruik gemaak. Dit skep baie uitdagings en ongemak vir die student, wat uiteindelik ‘n groot mate van stres kan meebring.

- Slegte lewensomstandighede:
  Die lewensomstandighede waarin studente hulself bevind speel ‘n beduidende rol in hul gevoelens en denke. Wanneer ‘n student in slegte omstandighede bly, waarin hy/sy nie gemaklik voel nie, veroorsaak dit ongelukkigheid en dit affekteer amper elke aspek van sy/haar lewe. Die nadink oor hierdie kwessies kan dan stres by die student veroorsaak, en veroorsaak dat hy/sy fokus verloor.
- Onbekende situasies:
  In ‘n nuwe omgewing, met ‘n groot hoeveelheid verskillende en onbekende mense en groepe, kan ‘n student (veral ‘n eerstejaar) hom-/haarself in verskeie onbekende situasies bevind. Wanneer ‘n student by so ‘n onbekende situasie, waarvan hy/sy niks weet nie, betrokke raak, kan dit hom/haar ongemaklik maak. Dit kan hulle ontstel en bekommer, en tot stres lei.
- Vrees:
  Vrees is een van die grootste probleme wat ‘n eerstejaarstudent elke dag, op deurlopende basis in hul akademiese lewe in die gesig staar. Alle nuwe ervarings is onbekend en lei tot ‘n mate van vrees. Studente is ook geneig om mislukking te vrees. Die vrees wat hulle ervaar demp hul motivering, en omdat hulle dit besef en besef dat dit hul vooruitgang affekteer, veroorsaak dit ‘n groot mate stres wanneer hulle met ‘n vreesaanjaende situasie gekonfronteer word.
- Bekommernis oor die toekoms:
  Die gedagte van hoe die toekoms moontlik gaan ontwikkel, is vir die meeste studente ‘n las. Studente ervaar geweldige stres wanneer hulle begin wonder oor die toekoms en die moontlikheid dat hulle gaan sukkel om werk te kry, oorweeg, of wanneer hulle wonder of hulle ‘n betekenisvolle invloed op die samelewing sal hê.

Daar is dus verskillende bydraende faktore of oorsake van stres by universiteitstudente, hoofsaaklik afhangend van die omgewing en/of situasie waarin hulle hulself bevind. Eerstejaarkoshuisstudente is wel geneig om die meeste van die genoemde bydraende faktore tot stres te ervaar, aangesien daar van hulle verwag word om by ‘n nuwe omgewing en leefstyl aan te pas. Hierdie faktore kan dan ‘n betekenisvolle effek op die eerstejaarkoshuisstudente hê - veral as dit gereeld en in hoë mates voorkom, en nie effektief hanteer word nie.

2.2.4 Effek van stres op eerstejaarkoshuisstudente

Ironson, Schneiderman en Siegel (2008) beweer dat mense, deur middel van evolusie, met redelike effektiewe homeostatiese meganismes toegerus is, wat hulle in staat stel om korttermyn stressors te hanteer, en as gevolg hiervan sal akute stres by jong, gesonde individue gewoonlik nie ‘n gesondheidsrisiko inhou nie. As die bedreiging egter voortdurend, by veral ouer en ongesonde individue voorkom, kan die langtermyn gevolge van die reaksie tot die stres sy/haar gesondheid ernstig benadeel. Volgens Ironson *et al*. (2008) kom nadelige gevolge van chroniese stres veral in mense voor, waar diegene se hoë kapasiteit vir simboliese denke voortdurende stresreaksies vir ‘n wye reeks lewensomstandighede kan ontlok. Genoemde outeurs dui aan dat die verhouding tussen psigososiale stressors en chroniese siekte kompleks is, aangesien dit deur die aard, hoeveelheid en voortdurendheid van die stressors, sowel as die individu se biologiese kwesbaarheid en aangeleerde patrone vir die hantering daarvan, beïnvloed word.

Vir eerstejaarkoshuisstudente, as jong volwassenes, is dit dus makliker om akute stres te hanteer en moontlik dan chroniese stres te vermy. Soos vroeër bespreek, word eerstejaarkoshuisstudente egter deesdae met baie stres gekonfronteer en kan hulle dus sukkel om akute stres effektief te hanteer, en kan chroniese stres makliker voorkom.

Essel en Owusu (2017) sluit by laasgenoemde aan deur aan te dui dat studente tans hoë vlakke van stres in baie areas van die lewe ervaar, en die kombinasie van ‘n besige lewe en akademiese verpligtinge stres veroorsaak. Soos reeds bespreek, kan beperkte stres voordelig wees en tot uitstekende prestasie lei, terwyl onbeheerde stres tot uitputting, depressie en ander siektes lei. Essel en Owusu (2017) is van mening dat verskeie studente oorweeg om selfmoord te pleeg as gevolg hiervan.

Verder dui Essel en Owusu (2017) vier areas, waarin stres eerstejaarstudente moontlik sal affekteer, aan:

- Akademies:
  Alhoewel stres konsentrasie kan verbeter wanneer dit vir ‘n kort tydperk voorkom (eustres), kan stres in eerstejaarstudente hulle vermoë om te konsentreer negatief affekteer, aangesien stres konsentrasie onderbreek en verbreek. Wanneer hierdie onderbreking vir lang tydperke voorkom, sal ‘n student kognitief sukkel om effektief te funksioneer. Stres affekteer ook die produktiwiteit van die uitset wat die student lewer. Wanneer ‘n student stres, is hy/sy geneig om nie sy/haar beste te lewer nie, wat dan in die uitsette manifesteer en in die akademiese punte duidelik sigbaar is. Die inisiatief van studente word ook deur stres geaffekteer, aangesien stres hul denke onderbreek en hulle

dan verhoed om nuwe idees te genereer of probleme op te los. Studente is ook geneig om as gevolg van stres aan geheueverlies te lei. Aangesien stres die studente se denke onderbreek en dit gedurig in hul onderbewussyn bly, kan dit lei tot die onderbreking van slaappatrone, wat dan lei tot verminderde konsentrasie en uiteindelike geheueverlies. Studente sal dus sukkel om akademies te presteer, aangesien geheueverlies hulle sal verhoed om kognitief ten volle te funksioneer.

- Sosiaal:

  Studente is van nature sosiale wesens en dus is dit belangrik dat hulle op universiteit sosiaal verkeer en groei. Stres is geneig om egter hierdie sosiale ontwikkeling te ontwrig. Isolasie, gekoppel aan stres, kan ‘n groot invloed op studente se sosiale lewens hê. Gewoonlik wanneer studente gespanne is en met baie dinge worstel, is hul geneig om te onttrek van hul vriende ten einde eerder alleen oor die kwessies na te dink. Dit is wel normaal om by tye alleen te wees wanneer hy/sy stresvolle situasies wil uitklaar, maar wanneer dit gereeld gebeur, loop die student die risiko om sy/haar vriende te verloor en sosiaal nie te groei nie. Wanneer ‘n student gereeld alleen wil wees en hom-/haarself onttrek, kan dit ook tot depressie lei, aangesien hy/sy nie die nodige menslike kontak het wat ‘n student as sosiale wese nodig het nie.

- Fisiek:

  Soos reeds bespreek, kan aanhoudende stres, sonder onderbreking, lei tot distres. Distres lei dan tot fisieke probleme, en die invloed van hierdie stres reflekteer derhalwe op die gesondheid van die student. Stres kan selfs veroorsaak dat ‘n individu sukkel om normaal asem te haal. ‘n Tekort aan asem is vir meeste mense nie ‘n probleem nie, maar vir mense met asma of ‘n longsiekte, is dit dan baie moelik om die nodige suurstof te kry. Die voortdurende tekort aan asem kan die suurstoftoegang so verminder dat die individu flou kan val of selfs breinskade opdoen. Stres kan ook hiperventilasie veroorsaak, wat kan lei tot ‘n paniekaanval by iemand wat daartoe geneig is. Spierspanning kan ook ‘n gevolg van stres wees. Tydens ‘n skielike aanvang van stres, sal die spiere alles op een sal saamtrek en dan weer ontspan wanneer die stres verbygaan. Chroniese stres veroorsaak egter dat die spiere in die liggaam min of meer in ‘n konstante toestand van spanning bly. Stres veroorsaak ook moegheid by studente, aangesien hulle al hul energie gebruik om gedurig te dink aan die kwessie wat hulle laat stres. Wanneer die student dan nie energie het nie, benadeel dit sy/haar konsentrasie en uiteindelik sy/haar akademiese prestasie.

- Emosioneel:

  Psigoneuroimmunologie (PNI) navorsing stel voor dat chroniese stres tot erge gemoedsversteurings, soos depressie en angs, bi-polêre versteuring, kognitiewe

probleme, persoonlikheidsveranderinge en gedragsprobleme kan lei. Nog ‘n algemene effek wat stres op studente het, is buierigheid. Alhoewel gemoedsverandering en buierigheid in studente normaal is, is die koers waarteen dit verander iets wat oorwegend by studente wat gestres en depressief is, voorkom. Die gedurige verandering van die student se gemoed affekteer sy/haar dag en veroorsaak dat hy/sy sukkel om te konsentreer. Geïrriteerdheid en ‘n slegte humeur is ook effekte wat stres op studente het. Die konstante bekommernis oor wat stres in die student se lewe veroorsaak, kan meebring dat dit sy/haar denke oorneem, wat die verdraagsaamheid van die student verminder en tot humeurprobleme lei.

Benewens hierdie vier areas wat bespreek is, lê Schneiderman, Ironson en Siegel (2005) klem op hoe belangrik dit is dat stres nie oorheersend in ‘n student se lewe moet voorkom, ten einde distres in alle areas van sy/haar lewe moet veroorsaak nie. Indien studente se stres nie reg hanteer en beheer word nie, kan dit tot ernstige gevolge lei.

2.2.5 Stresverminderende metodes en strategieë

Vanuit die bespreking van die effek wat stres op eerstejaarkoshuisstudente kan hê, is dit duidelik dat die eerstejaars strategieë benodig om hierdie stres te verminder en te hanteer. Volgens McKean en Misra (2000) kan die volgende metodes studente help om stres te verminder: effektiewe tydsbestuur, sosiale ondersteuning, positiewe waardering, en die betrokkenheid by ontspanningsaktiwiteite. Watter metode die beste gaan werk, indien enige, hang egter van elke individu af. Die aard van die stres wat ervaar word, en die intensiteit daarvan kan ook bydra daartoe dat hierdie metodes nie sal help nie. Murphy en Archer (soos aangehaal deur McKean & Misra, 2000) verduidelik dat wanneer die bogenoemde tipes stres negatief deur die student beskou word, of wanneer dit te buitensporig en buitengewoon raak, dit kan lei tot die fisiese en psigologiese benadeling van die student. Wanneer die stres wat die student ervaar tot so ‘n mate buitengewoon is dat hy/sy nie oor die vermoë beskik om een van die bogenoemde metodes/strategieë effektief toe te pas nie, kan dit die student nog steeds fisiek en veral psigologies ernstig benadeel.

Essel en Owusu (2017) stel algemene praktiese metodes voor wat studente moontlik kan benut om stres te verminder of te hanteer:

- Meditasie:
  Meditasie is wanneer ‘n individu sy/haar gedagtes op ‘n spesifieke voorwerp, gedagte of aktiwiteit fokus, met die doel om ‘n toestand van verstandelike helderheid en emosionele kalmte te bereik. Hierdie tegniek sal die student help om vir ‘n ruk van enige stres te vergeet en sy/haar liggaam toelaat om te rus.

- Liggaamskandering:
  Hierdie tegniek bevorder totale bewustheid by die individu, deur sy/haar aandag op verskeie dele van sy/haar liggaam te fokus. Dit werk soos progressiewe spierontspanning, waar hy/sy by die voete begin en so opgaan, en deur die hele liggaam werk. Dit is egter belangrik dat die individu nie sy/haar spiere saamspan en dan rus nie, soos met progressiewe spierontspanning nie, maar eerder net fokus op die manier hoe sy/haar liggaam voel terwyl die sensasies ingeneem word.
- Diep asemhaling:
  Diep asemhaling verminder spanning in die liggaam en maak die verstand helder, en hierdie bevorder dan beide fisieke en verstandelike welstand. Wanneer ‘n individu stres, is hy/sy geneig om vinnig en oppervlakkiger asem te haal en hierdie asemhaling beperk die suurstofinname, wat dan bydra tot die stres in die liggaam. Dit is dus belangrik dat die student asemhalingsoefeninge uitvoer om die stres te verminder – maar die asemhaling moet diep vanuit die maag kom, om te verseker dat genoeg lug inkom.
- Begeleide beelding:
  Hierdie tegniek is ‘n goeie ontspanningstegniek, waartydens die student in sy gedagtes hom-/haarself na sy/haar gunsteling kalmerende omgewing kan neem, en daar feitlik alle stres of angs kan vrylaat.
- Self-massering:
  Massering verseker diep ontspanning, omdat ‘n individu se verstand ontspan soos wat die spiere in die liggaam begin ontspan. Daar is verskeie self-masseringstegnieke wat studente op hulself kan toepas om te ontspan.
- Ondersteuning van naastes:
  Wanneer ‘n individu sy/haar bekommernisse en stres met ‘n persoon naby aan hom/haar deel, help dit om die individu daarna emosioneel ligter te laat voel. Dit is ‘n effektiewe manier om uitlating aan emosies en gevoelens te gee en kan stres tot ‘n groot mate verlig. Dit help ook baie wanneer iemand naby aan die individu self agterkom dat die individu stres ervaar en vanself hulp en ondersteuning bied – veral wanneer die individu te trots of skaam is om dit self te erken.

Volgens Essel en Owusu (2017) dien hierdie praktiese stresverminderende metodes slegs as riglyne hoe studente hul stres kan verminder, en is dit belangrik dat hulle self moet vasstel watter strategie die beste op hulle en hul spesifieke situasie van toepassing sal wees. Genoemde outeurs beklemtoon dat berading van die beste metodes van stresvermindering is, en dat studente veral daarvan gebruik moet maak wanneer die bogenoemde metodes nie voldoende is nie. Eerstejaarkoshuisstudente kan dus bogenoemde metodes so toepas soos

wat dit vir hulle die beste uitkoms sal verseker, maar die opsie van berading veral oorweeg wanneer hierdie metodes nie voldoende of effektief genoeg is nie. Alhoewel finansies met betrekking tot berading vir studente oor die algemeen ‘n groot kwessie is, verskaf Suid-Afrikaanse universiteite ‘n vorm van intervensiediens, wat studente met die behoefte vir berading of sielkundige dienste die gratis geleentheid bied om hierdie behoefte te vervul.

Daar is dus verskillende metodes wat die eerstejaarkoshuisstudente kan help om hulle stres te verminder, maar verg dit egter van hulle om self vas te stel wat hulle behoeftes die beste sal pas en wanneer die behoefte vir berading of sielkundige dienste benodig word.

2.3 Bio-psigososiale model van stres

Stres en die effek wat dit op individue uitoefen, is gegrond in die stresteorie, genaamd die “Bio-psigososiale Model van Stres” wat Hans Selye ontwikkel het, en kan daarvolgens verduidelik word (Ikonomi, 2011). Genoemde outeur stel dat stres, volgens hierdie model, in drie komponente opgedeel kan word: ekstern, intern, en die interaksie tussen ekstern en intern. Ikonomi (2011) verduidelik verder dat die eksterne komponent alle omgewingstoestande behels wat die individu se homeostase op ‘n psigososiale wyse kan versteur, maar dat die individu daartoe in staat is om agter te kom wanneer hy/sy hom-/haarself in so ‘n stresvolle situasie bevind. Verder verduidelik hy dat die interne komponent neurologiese en fisiologiese reaksies op stres behels. Selye (soos aangehaal deur Ikonomi, 2011) dui aan dat die individu deur drie fases tydens interne stres gaan, en hy verwys na die “Algemene Aanpassingsindroom” (GAS) wat hy hiervolgens geïdentifiseer en ontwikkel het. Hierdie sindroom help die individu om sy/haar lewe in stand te hou en ‘n gesonde balans te handhaaf (homeostase te stabiliseer) wat hom/haar dan help om deur die stresvolle situasie te kom.

‘n Student se eerstejaar op universiteit behels baie nuwe ervarings en uitdagings wat die student alleen moet aanpak, veral wanneer hy/sy aan ‘n kampuskoshuis behoort. Dit impliseer dat hy/sy definitief ‘n mindere of meerdere mate van stres sal ervaar. Soos reeds bespreek, kan stres positief (eustres) of negatief (distres) wees, en dit is belangrik dat hierdie stres van ‘n eerstejaarstudent nie tot distres lei nie, maar op ‘n vlak van eustres bly. Dit is egter moeilik vir eerstejaarkoshuisstudente om slegs by ‘n vlak van eustres te bly wanneer die studentelewe soveel stresvolle kwessies, soos uitdagings ten opsigte van akademiese prestasie, finansies, sosiale verhoudings en tydsbestuur, inhou. Wanneer buitengewone stressors, soos betogings, ook nog by hierdie bogenoemde stres bykom, is die kans vir distres baie hoër. Dit kan aspekte van die student, soos psigososiale en akademiese ontwikkeling, negatief beïnvloed. Wanneer stres die student so affekteer, kan dit negatiewe gevolge vir sy/haar

gesondheid en welstand inhou. Die stresteorie wat onderliggend aan hierdie proses en verwikkelinge is, is die “Biopsigososiale Model van Stres” van Hans Selye (Ikonomi, 2011).

Volgens Ikonomi (2011) kan hierdie model in drie komponente opgedeel word: ekstern, intern, en die interaksie tussen ekstern en intern.

- Eksterne komponent:
  Hierdie komponent behels alle omgewingstoestande wat stres kan veroorsaak. As gevolg van ‘n natuurlike/emosionele oorsaak wat die individu se homeostase versteur, veroorsaak ‘n psigososiale stimulus dan ‘n spesifieke reaksie. By hierdie komponent kan die individu ook agterkom wanneer hy/sy in ‘n stresvolle situasie is, en die mees algemene faktore wat so ‘n situasie veroorsaak is persoonlik, sosiaal of professioneel. Sosiale, of akademiese stres kan dus hier ‘n invloed op ‘n student hê.
- Interne komponent:
  Hierdie komponent behels neurologiese en fisiologiese reaksies wanneer stres plaasvind. Wanneer ‘n individu oor ‘n lang tydperk stres ervaar, gaan hy/sy deur drie fases: alarmreaksie, weerstand en uitputting. Selye het egter die konsep van “Algemene Aanpassingsindroom” (GAS) ontwikkel wat die individu help om sy/haar homeostase te stabiliseer en sodoende deur die stresvolle situasie te kom.
  1. Alarmreaksie: Hier vind die veg-of-vlug reaksie plaas, met verskeie neurologiese en/of fisiologiese reaksies.
  2. Weerstand: Hierdie is die toestand van opwekking. As hierdie toestand vir ‘n verlengde tydperk voortduur, kan die ongewone hoë vlak van hormone die homeostase versteur en tot swak gesondheid en ongesteldheid lei.
  3. Uitputting: Dit is hier waar die individu se energievlakke daal en dan tot uitputting en selfs ineenstorting lei.
- Die interaksie tussen eksterne en interne komponente:
  Hierdie komponent behels die interaksie wat daar tussen die omgewingstoestande en die neurologiese en fisiologiese reaksies, wat stres veroorsaak, plaasvind. Hier kan die individu stres vanaf sy/haar omgewing, sowel as sy/haar liggaam beleef. Hy/sy sal die stressituasie kan identifiseer, maar sal nog steeds die GAS proses benodig om sy/haar homeostase te stabiliseer.

Brannon en Feist (1992) verduidelik dat die Bio-psigososiale Model van Stres fokus op die fisieke faktore van gesondheid, maar ook die psigologiese en sosiale faktore inkorporeer. Dit is dus ‘n holistiese voorstelling van hoe ‘n individu se gesondheid en welstand lyk. Volgens UK Essays (2015) kan biologiese (fisieke), sosiale en psigologiese faktore almal ‘n rol speel om die individu se gesondheid te affekteer, en veral bydra tot ‘n persoon se stresvlakke.

Hierdie effek kan die individu dan so negatief beïnvloed dat dit sy/haar ondergang in terme van gesondheid en welstand kan beteken.

Soos reeds genoem, ervaar ‘n student tydens sy/haar tyd op universiteit baie stres, hetsy dit fisiek, sosiaal of psigologies is. Wanneer faktore soos akademiese prestasie, finansies, sosiale verhoudings en/of tydsbestuur ‘n sekere mate van stres veroorsaak kan dit die eerstejaarkoshuisstudent se homeostase so versteur dat dit sy/haar welstand en/of gesondheid negatief affekteer. Wanneer die student dan sukkel om hierdie algemene stres te hanteer, en daar kom ‘n buitengewone stressor – soos betogings wat sy/haar roetine verbreek – by, kan dit die student so negatief affekteer, dat hy/sy sal sukkel om voldoende as student te ontwikkel.



Figuur 2.1: Strukturele raamwerk van die Bio-psigososiale Model van Stres *(aangepas uit Terrill & Abbs, 2016)*

Vanuit Figuur 2.1 is dit duidelik dat die Bio-psigososiale Model van Stres voorstel hoe stres sosiaal, sielkundig of biologies van aard kan wees, en ‘n uitwerking op ‘n individu se lewe kan hê. ‘n Individu kan dus verskeie stressors van ‘n sielkundige, sosiale en/of ‘n biologiese aard ervaar en hierdie stressors kan dan op ‘n interaktiewe wyse ‘n spesifieke invloed (negatief of positief) op die individu se lewe hê.

Volgens die Bio-psigososiale Model van Stres kan biologiese, sosiale en/of psigologiese faktore ‘n mate van stres by ‘n student veroorsaak en kan dit dan ‘n invloed op die student se ontwikkeling hê. Dit beteken dus dat hierdie faktore waarmee ‘n eerstejaarkoshuisstudent elke dag te doen het, die stres wat hy/sy ervaar, sowel as psigososiale en akademiese ontwikkeling mekaar beïnvloed om uiteindelik die student se welstand te bepaal. Dit sal dus baie help om eerstejaarkoshuisstudente se belewenisse oor die invloed van stres en kampusonrus op hulle psigososiale en akademiese ontwikkeling na te speur, om sodoende voorstelle en hulp te kan bied.

2.4 Bespreking van kampusonrus

Soos reeds genoem, dien kampusonrus as ‘n buitengewone stressor, wat ‘n groot mate van stres by eerstejaarkampusstudente kan veroorsaak (Hauser, 2016). Dit is dus belangrik om vas te stel wat kampusonrus en onluste, as stressors behels. Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (1980) definieer die term kampus as ‘n terrein tussen en rondom die akademiese geboue van ‘n universiteit of kollege. Vir hierdie spesifieke studie sal hierdie term grootliks verwys na die drie Suid-Afrikaanse universiteitskampusse vanwaar ek as navorser die data gaan verkry.

Volgens die Collins Dictionary (2017) verwys onrus na ‘n toestand van ontevredenheid, versteuring en rusteloosheid binne ‘n groep mense, wat hulle tipies dan openlik in die publiek demonstreer. Verder verduidelik die Collins Dictionary (2017) dat hierdie tipe demonstrasie deur middel van krete, danse, marse, plakkate of pamflette kan plaasvind. Hierdie demonstrasie kan gewelddadig raak, waarin die afbrand van geboue, standbeelde en objekte, asook die fisiese aanranding van ander mense, voorkom – en hierdie tipe onrus vind plaas wanneer die opstandige groep nie volgens die wet optree nie.

Die konsep van kampusonrus kan dus beskryf word as die openlike demonstrasie van ‘n groep se ontevredenheid oor ‘n spesifieke saak, wat dan op ‘n universiteitskampus geskied. Hierdie demonstrasie kan effektief wees om sekere doelwitte te bereik, maar kan wel baie skade aanrig as dit nie binne die wet en reëls plaasvind nie.

Soos reeds genoem, is daar die afgelope paar jaar ‘n bydraende stresfaktor op Suid-Afrikaanse kampusse, wat ‘n verdere moontlike invloed op studente kan uitoefen. Hierdie

stres verwys na kampusonrus, wat as ‘n buitengewone stressor geklassifiseer kan word, aangesien dit ongewoon behoort te wees vir ‘n student om hierdie tipe stres ook te ervaar.

Alhoewel kampusonrus eers die afgelope ses jaar prominent op Suid-Afrikaanse universiteitskampusse voorgekom het, is dit ‘n kwessie wat al wêreldwyd vanaf die 1960’s begin ontwikkel het. In die 1950’s en 1960’s het mense regoor die wêreld begin opstandig raak teenoor die tradisionele politieke sisteme, en begin veg vir waarin hulle glo (Patterson, 2006). Tydens die tradisionele politieke sisteme se bevordering van ‘n hoofsaaklik patriargiese blanke gemeenskap, het die sterk bevoordeling van die blanke gemeenskap, sowel as die manlike figuur, sommige individue ontstel en opstandig gemaak. Patterson (2006) verduidelik dat hierdie opstandige individue ontevrede was met die patroon van verdeeldheid wat hierdie bevoordeling in gemeenskappe veroorsaak het. Hierdie protes het, volgens Patterson (2006), gelei tot die burgerregtebeweging in Amerika, waar burgers hierdie algemene patroon van verdeeldheid begin breek het, en die “Black Power” beweging, asook die Vroue-Beweging posgevat het. Hervorming het begin plaasvind, en studente-aktiviste het meer radikaal geraak, groot optogte begin reël wat die maak van bomme en die afbrand van kampusgeboue ingesluit het. Hierdie tipe opstandigheid en aktivisme het wêreldwyd versprei en ander lande is aangemoedig om dieselfde te doen.

Steinfels (2008) verwys na die groot optogte wat in Mei 1968 ‘n periode van burgerlike onrus in Frankryk veroorsaak het. Volgens genoemde outeur het die onrus begin met ‘n reeks studente-optogte teen kapitalisme, Amerikaanse imperialisme en tradisionele instellings en waardes. Die studente was opstandig oor die tradisionele opvoedkundige waardes van die kampusse, en die beweging het aanvanklik begin om opvoedkundige hervorming aan te moedig (Bernath-Plaisted, 2008). Hierdie optogte het erge konflik by die Universiteit van Nanterre in Parys veroorsaak, wat tot die sluiting van die kampus gelei het. Volgens Bernath-Plaisted (2008) het studente van die Sorbonne Universiteit in Parys betoog oor die sluiting van die Nanterre Universiteit en die moontlike skorsing van die Nanterre studente. Verder verduidelik genoemde outeur dat die nasionale studente-unie, asook die unie vir universiteitsopvoeders ‘n optog teen die polisie-inval, wat by die Sorbonne Universiteit plaasgevind het, gereël het. Hierdie optog het gewelddadig geraak, en die polisie moes van traangas gebruik maak, asook honderde studente arresteer.

In 1970 het die Amerikaanse president, Richard Nixon, aangekondig dat die Viëtnamese Oorlog voortgesit gaan word, en dat daar verder ook nog Amerikaanse troepe na Kambodja gestuur sal word (The University of Iowa Libraries, 2010). Volgens Croyle (2016) het hierdie aankondiging veroorsaak dat studente regoor die VSA, deur middel van ernstige optogte, teen

die voortduur van hierdie oorlog betoog het, wat uiteindelik tot die sluiting van ongeveer 400 opvoedkundige instellings gelei het. Tydens hierdie optogte moes die polisie intree, en het dit veroorsaak dat vier studente doodgeskiet, en nege studente beseer is by die Kent State Universiteit (Croyle, 2016). Genoemde outeur verduidelik dat hierdie gebeure nog meer optogte en betogings onder die studente, wat teen oorlog, geweld en tradisionele waardes gekant was, veroorsaak het.

Wanneer daar na hierdie geskiedenis gekyk word, is dit duidelik dat die stryd om politieke en akademiese hervorming vanaf die 1960's begin toeneem het, regoor die wêreld.

Volgens Allardice (1987) het studente-onrus vanaf die Soweto onluste in 1976 'n probleem, asook amper per jaarlikse voorkoms, in Suid-Afrika geword. Allardice (1987) dui aan dat die rede vir hierdie onderbrekings van akademiese programme wissel van 'n plaaslike aard, soos ontevredenheid met kos en verhitting, tot 'n meer algemene soort wat afkomstig is van nasionale gebeure, soos die herdenking van gebeure soos Sharpeville.

Ter aansluiting by die verwysing na die Soweto onluste, verduidelik Iwase (2014) waaroor hierdie onluste gegaan, en wat dit behels het. Tydens hierdie onluste het verskeie swart skole op 16 Junie 1976 in die strate van Soweto begin betoog teen die bekendstelling van Afrikaans as die onderrigmedium in plaaslike skole. Duisende mense het aan hierdie betoging, wat drie dae geduur het, deelgeneem en die polisie was op bystand om te verseker dat die betogings vlot verloop. Dinge het egter begin handuit ruk toe polisiemanne begin intree. Tydens hulle intrede het chaos ontstaan en die polisiemanne het die polisiehonde vrygelaat en op die skare begin skiet. As gevolg van die gewelddadige aksies wat tydens hierdie betoging plaasgevind het, het die onluste op die derde dag geeïndig, nadat 176 mense gedood, 1139 beseer en 1298 gearresteer is. As herdenking aan hierdie gebeure, is 16 Junie nou 'n vakansiedag in Suid-Afrika, bekend as Jeugdag (Iwase, 2014).

Suid-Afrika het duidelik in die verlede probleme met verskillende kampusonrus ervaar, maar optogte op universiteitskampusse het eers sy hoogtepunt tydens die afgelope paar jaar, met die "#FeesMustFall" en "#RhodesMustFall" bewegings bereik. Hierdie bewegings kan as kampusonrus en buitengewone stressors geklassifiseer word.

Volgens Davids en Waghid (2016) het betogings op Suid-Afrikaanse universiteitskampusse egter nie skielik in 2015, met die "#FeesMustFall" beweging begin nie, maar bou dit eerder al op vanaf 1994. Genoemde outeurs verduidelik dat studente aan armer universiteite, soos die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie, Fort Hare Universiteit en die Tshwane

Universiteit van Tegnologie al vanaf 1994 gereeld teen die verhoging van universiteitsfooie betoog het. Hierdie kwessie het egter eers onlangs meer dekking begin kry, omdat dit na al die ander Suid-Afrikaanse kampusse toe versprei het. Dit is dus ‘n kwessie wat al vir twee dekades lank bestaan en mettertyd momentum opgebou het, en uiteindelik tot groot, destruktiewe betogings en ernstige nagevolge vir Suid-Afrikaanse universiteite gelei het.

Naicker (2016) spreek sy kommer uit oor die groei van hierdie beweging en hoe dit die ondergang van Suid-Afrika se universiteite kan beteken. Naicker (2016) verwys spesifiek na die insidente op die kampus van Rhodes Universiteit, waar standbeelde en strukture tydens aggressiewe en gevaarlike betogings gevandaliseer en afgebreek is. Hierdie tipe betogings was ‘n baie traumatiese ervaring vir die universiteit en sy studente. Tsimong (2016), wat self ‘n student by Rhodes Universiteit was, verduidelik dat hy ‘n ondersteuner van hierdie tipe bewegings is, maar dat dit so hand-uit geruk het dat dit hom vir sy lewe laat vrees het. Volgens Hauser (2016) is hierdie tipe aggressiewe betogings heeltemal onaanvaarbaar en begin dit die doel van die bewegings belemmer. Dit gaan nie meer oor dit wat deur vreedsame betogings bereik kan word nie, maar eerder oor hoeveel skade daar aangerig kan word. Hauser (2016) spreek verder haar kommer uit oor hoe die “FeesMustFall” beweging op alle Suid-Afrikaanse universiteitskampusse ‘n opwagting maak, maar met die doel om skade aan te rig, eerder as om ‘n geldige punt, aangaande studente se bekommernisse en kwessies te maak. Genoemde outeur getuig hoe sy self al ervaar het hoe haar klasse en eksamens deur aggressiewe betogers onderbreek word, en hoe traumaties dit vir haar en medestudente was. Die skielike sluiting van die universiteit en die uitstel van akademiese verpligtinge, wat daarop gevolg het, het volgens Hauser (2016) ook baie stres op die studente geplaas, wat tot negatiewe houdings en emosionele trauma gelei het.

2.5 Samevatting

Met al die bogenoemde in gedagte, is dit duidelik dat betogings op Suid-Afrikaanse universiteitskampusse heelwat skade begin aanrig en dikwels teenstrydig is met die doel om kwessies en bekommernisse aan te spreek. Hierdie skade affekteer die funksionering van die universiteit en dus ook alle rolspelers binne die universiteit, wat beteken dat studente ook geaffekteer word. Wanneer die bogenoemde in ag geneem word, kan die afleiding gemaak word dat hierdie betogings moontlik ‘n invloed op studente en hulle funksionering mag uitoefen, en dat dit moontlik veral by eerstejaarkoshuisstudente ‘n groot mate van stres kan veroorsaak.

Hoofstuk 3: Psigososiale en akademiese ontwikkeling onder eerstejaarkoshuisstudente, en die moontlike invloed wat kampusonrus daarop kan hê

3.1 Inleiding

Soos onder Par. 2.1 in Hoofstuk 2 bespreek, is kampusonrus op Suid-Afrikaanse universiteitskampusse ‘n kommerwekkende kwessie wat al hoe meer begin voorkom het en toe uiteindelik ‘n hoogtepunt in 2016 bereik het. Ek as navorser het daarom beoog om vas te stel of die buitengewone stres, wat deur kampusonrus veroorsaak word, ‘n invloed op eerstejaarkoshuisstudente se psigososiale- en akademiese ontwikkeling het. Soos reeds genoem, staan die volgende temas dus sentraal tot hierdie studie: kampusonrus, stres, psigososiale- en akademiese ontwikkeling en eerstejaarkoshuisstudente. In Hoofstuk 2 is die temas van stres, buitengewone stressors en kampusonrus verken. In hierdie hoofstuk gaan die temas van psigososiale- en akademiese ontwikkeling, sowel as eerstejaarkoshuisstudente en kampusonrus deur die lens van Bronfenbrenner se Ekosistemiese Benadering belig word.

Eerstens gaan die konsep van psigososiale ontwikkeling verduidelik en bespreek word, waarna die konsep van akademiese ontwikkeling sal volg. Daarna gaan die navorser uitbrei oor eerstejaarkoshuisstudente en wat die konsep alles behels. Dit word opgevolg met ‘n bespreking van eerstejaarkoshuisstudente en kampusonrus deur die lens van Bronfenbrenner se Ekosistemiese Benadering. Die hoofstuk sal dan afgesluit word met ‘n volledige samevatting van al die temas wat in hierdie hoofstuk sowel as Hoofstuk 2 bespreek en verken is.

3.2 Psigososiale en akademiese ontwikkeling

3.2.1 Psigososiale ontwikkeling

Volgens McLeod (2013) is die konsep van psigososiale ontwikkeling gebaseer op Erik Erikson se psigo-analities-gefundeerde teorie, wat agt verskillende fases, waardeur ‘n ontwikkelende individu in sy/haar lewensloop gaan, beskryf. Erikson (soos aangehaal deur Barbour, 2015) verduidelik dat die individu by elkeen van hierdie fases met psigologiese konflikte/krisisse gekonfronteer word, wat dan opgelos moet word ten einde ontwikkelingsvooruitgang te verseker. Meyer, Moore en Viljoen (2008) dui aan dat wanneer die individu hierdie konflik/krisis kan oorkom en die fase voltooi, dit tot gesonde persoonlikheidsontwikkeling sal lei.

Die tabel hieronder dui die agt verskillende fases van psigososiale ontwikkeling aan:

Tabel 3.1: Die fases van psigososiale ontwikkeling (aangepas vanuit McLeod, 2013)

Fase	**Psigologiese krisis**	**Basiese deugde/waarde**	**Ouderdom**
1	Vertroue vs. wantroue	Hoop	Babajare (0 - 1½)
2	Outonomie vs. skaamte	Wilskrag	Vroeë kinderjare (1½ - 3)
3	Inisiatief vs. skuld	Doel	Speel ouderdom (3-5)
4	Hardwerkendheid vs. minderwaardigheid	Bevoegdheid	Skool ouderdom (5-12)
5	Ego identiteit vs. rol verwarring	Getrouheid	Adolessensie (12-18)
6	Intimiteit vs. isolasie	Liefde	Jong volwassene (18-40)
7	Produktiwiteit vs. stagnasie	Omgee	Volwassenheid (40-65)
8	Ego integriteit vs. wanhoop	Wysheid	Bejaardheid (65+)

Eerstejaarstudente bevind hulself oor die algemeen in ‘n oorgangstydperk vanaf die vyfde fase, naamlik “ego identiteit vs. rolverwarring”, na die sesde fase, naamlik “intimiteit vs. isolasie”, van hul lewens. Eerstejaarstudente kan hulself wel nog in die vyfde fase bevind,

maar aangesien eerstejaarstudente die begin van jong volwassenheid betree, kan hulle ook onder die sesde fase val. Vir hierdie studie gaan daar dus slegs op die vyfde fase, “ego identiteit vs. rolverwarring”, en die sesde fase, “intimiteit vs. isolasie”, gefokus word.

McLeod (2013) verduidelik dat die vyfde fase gedurende adolessensie (soos in Tabel 3.1 ook aangedui) voorkom, en dat adolessente tydens hierdie fase na ‘n gevoel van selfwaarde en persoonlike identiteit soek. Hierdie soeke na selfwaarde en identiteit vind deur middel van ‘n intense verkenning van persoonlike waardes, oortuigings en doelwitte plaas.

Volgens Meyer *et al.* (2008) is hierdie die fase waartydens die individu meer onafhanklik raak en deel van die samelewing wil vorm. Hierdie fase is dus ‘n belangrike fase van ontwikkeling, aangesien die individu, as kind, die rolle wat hy/sy as volwassene wil beklee moet aanleer. Tydens hierdie fase sal die adolessent probeer vasstel presies wie hy/sy is, deur sy/haar identiteit te herondersoek. Erikson (soos aangehaal deur McLeod, 2013) stel voor dat daar twee identiteite hiertydens betrokke is: die seksuele en die beroep. Wat dan aan die einde van hierdie fase moet plaasvind, is ‘n her-geïntegreerde gevoel van selfwaarde, van wat die individu streef om te wees, en van die individu se seksualiteit.

Volgens Erikson (soos aangehaal deur McLeod, 2013) sal sukses in hierdie fase lei tot die waarde van getrouheid, waar die individu, ten spyte van ideologiese verskille, daartoe in staat is om ander te aanvaar en hom-/haarself aan ander te verbind, en terselfdertyd getrou te wees aan sy/haar eie ideologiese oortuigings. Fleming (2004) stel dat dit die basiese doel van hierdie fase vir die adolessent is om getrou tot sy/haar kern-identiteit en geloof in sy/haar eie ideologie te wees. McLeod (2013) verduidelik dat dit in hierdie tydperk is wanneer ‘n individu sy/haar eie identiteit ontwikkel, gebaseer op die gevolge van sy/haar verkenning van die samelewing. Wanneer die individu dan misluk om hom-/haarself met ‘n sin van identiteit binne die samelewing te vestig, kan dit tot rolverwarring lei. Rolverwarring behels die onsekerheid binne ‘n individu oor sy/haar plek en rol binne die samelewing, wat uiteindelik tot ‘n identiteitskrisis kan lei. Volgens McLeod (2013) kan die individu, as ‘n reaksie op hierdie rolverwarring of identiteitskrisis begin eksperimenteer met verskillende leefstyle. ‘n Individu kan ook ‘n negatiewe identiteit ontwikkel wanneer hy/sy in ‘n spesifieke identiteit geforseer word, en gevolglik daarteen rebelleer, wat dan uiteindelik ook tot ‘n gevoel van ongelukkigheid kan lei. Fleming (2004) sluit hierby aan deur te verwys na ouers wat geneig is om hul eie persepsies by hulle kinders af te dwing en hulle sodoende dan in ‘n spesifieke identiteit in te dwing; dit lei tot rebellering en negatiewe identiteitsontwikkeling. Volgens Fleming (2004) is dit nie net ouers wat hierdie negatiewe ontwikkeling kan veroorsaak nie, maar kan enige iets (soos byvoorbeeld ‘n stressor) wat die individu verhoed om sy/haar eie identiteit deur middel van verkenning te ontwikkel, lei tot negatiewe identiteitsontwikkeling.

Erikson (soos aangehaal deur Fleming, 2004) noem vyf maniere waarop adolessente dit kan hanteer wanneer hulle hul eie identiteit moet konfronteer:

- Voortydige sluiting:
  Wanneer ‘n adolessent die angstigheid, wat gepaard gaan met ‘n gebrek aan identiteit, wil onderdruk, is hy/sy geneig om voortydig ‘n identiteit uit gerieflikheid te aanvaar. Die adolessent sal dus iemand anders se waardesisteem aanneem sonder om daaroor na te dink. Voorbeeld: Wanneer ‘n adolessent besluit om ‘n tandarts te word bloot omdat sy pa ‘n tandarts is.
- Uitstel:
  Hier sal die soeke van die adolessent na sy/haar identiteit uitgestel word terwyl hy/sy ander opsies verken. Voorbeeld: Erikson het hierdie strategie self gebruik deur eers deur Europa te toer voordat hy hom tot ‘n beroep verbind het.
- Diffusie:
  Hierdie stel ‘n tipe apatie voor, waartydens ‘n gebrek aan passie of toewyding by die adolessent voorkom. Voorbeeld: ‘n Student wat akademies nie presteer nie, aangesien hy/sy nie genoeg toewyding toon nie.
- Positiewe rol-identiteit:
  Dit is wanneer die adolessent werklik weet wie hy/sy oor die algemeen is, en waarheen hy/sy op pad is in die lewe. Voorbeeld: ‘n Adolessent wat weet dat geregtigheid vir hom belangrik is en dus beplan om regte te studeer.
- Negatiewe rol-identiteit:
  Hierdie verwys na die opstandige ontkenning van ouers se gesag of die samelewing se verwagtinge; die teenoorgestelde word eerder gekies. Voorbeeld: Die seun van ‘n polisieman besluit om by ‘n bende, diewe of dwelmmisbruikers aan te sluit.

Dit is duidelik belangrik dat ‘n individu tydens adolessensie sy/haar identiteit deur middel van verkenning moet ontwikkel, maar ook terselfdertyd moet verseker dat alle uitdagings tydens hierdie proses van identiteitsontwikkeling oorkom word ten einde die sukses van sy/haar psigososiale ontwikkeling te verseker. Dit blyk dus dat hierdie vyfde fase ‘n gekompliseerde fase verteenwoordig, wat ‘n noodsaaklike doel dien in die individu se vorm van sy/haar identiteit en uiteindelik dat sy/haar psigososiale ontwikkeling.

McLeod (2013) dui aan dat die sesde fase gedurende vroeë volwassenheid voorkom (soos in Tabel 3.1 ook aangedui). Volgens Meyer *et al.* (2008) bepaal hierdie fase hoe die individu verhoudings verken en ervaar, en hoe die individu se toekomstige verhoudings uiteindelik gaan wees. Genoemde outeur brei verder uit oor hierdie fase, deur te verduidelik dat wanneer

hierdie fase suksesvol voltooi word, dit tot gemaklike verhoudings en ‘n sin van toewyding, veiligheid en omgee binne ‘n verhouding kan lei. Daar is egter faktore wat die hierdie kan versteur en die jong volwassene en sy/haar psigososiale ontwikkeling dan negatief kan beïnvloed. Wanneer ‘n jong volwassene byvoorbeeld stres ervaar word sy/haar homeostase in terme van psigososiale ontwikkeling versteur, en kan dit die individu se verhoudings uiteraard negatief affekteer. So ‘n negatiewe faktor kan bydra tot wantroue en wanhoop in verhoudings en uiteindelik dan meebring dat die jong volwassene verhoudings en toewyding vrees en vermy. Mcleod (2013) verduidelik dat wanneer intimiteit vermy word en verhoudings en toewyding gevrees word, dit tot isolasie, eensaamheid en soms depressie kan lei. Wanneer sukses binne hierdie fase bereik word, lei dit egter tot die waarde van liefde, wat ‘n belangrike deel van elke individu se lewe uitmaak. Dit is dus van kardinale belang dat individue hierdie sesde fase suksesvol voltooi.

Vanuit hierdie bespreking van die twee fases waarin eerstejaarstudente hulself in terme van psigososiale ontwikkeling bevind, blyk dit dat hierdie fases ‘n baie belangrike en kenmerkende rol in die suksesvolle ontwikkeling en sielkundige groei van ‘n individu speel. Die suksesvolle voltooiing van hierdie twee fases is duidelik noodsaaklik vir ‘n individu se persoonlikheids- en welstandsontwikkeling om ten einde ‘n gesonde persoonlikheid en welstand te bereik, en enige iets wat met hierdie voltooiing inmeng kan moontlik verhoed dat dit gebeur.

3.2.1.1 Emosionele en identiteitsontwikkeling

Arthur Chickering het voortgebou op die psigososiale teorie van Erikson, deur een van die mees invloedryke teorieë, naamlik die Teorie van Identiteitsontwikkling, oor die psigososiale ontwikkeling van universiteitstudente te ontwikkel (Foubert, Nixon, Sisson en Barnes, 2005). Volgens Foubert *et al.* (2005) het Chickering se aanvanklike teorie weergegee dat ontwikkeling ‘n proses behels waartydens die studente deur 7 vektore/fases beweeg. Die oorspronklike 7 vektore wat hy ontwikkel het, het studente se universiteitservaring gekoppel aan hulle persoonlike ervaringe. Linda Reisser het egter opgemerk dat hierdie aanvanklike teorie van Chickering slegs op studente van klein, liberale kunste-universiteite gebaseer was, en dus beperk was. Foubert *et al*. (2005) verduidelik dat in die poging om hierdie beperking reg te stel, het Chickering en Reisser twee dekades se nuwe navorsing by die teorie ingesluit en sodoende sommige van die 7 vektore heromskryf en herrangskik, om ten einde ‘n meer akkurate voorstelling van universiteitstudente se ontwikkeling weer te gee. Volgens Chickering en Reisser (1993) fokus hierdie teorie op die algehele identiteitsontwikkeling van universiteitstudente, waartydens die teorie sewe vektore, wat met psigososiale ontwikkeling te doen het, vasstel. Hul verduidelik dat hierdie vektore as imperatiewe dien wat universiteitstudente moet voltooi om ten einde hulle identiteit te ontwikkel. Genoemde outeurs identifiseer en beskryf die sewe vektore soos volg:

1. Ontwikkeling van bevoegdheid:

   Daar is drie tipes bevoegdhede wat universiteitstudente ontwikkel, wat intellektuele, handvaardighede en interpersoonlike bevoegdhede behels. Intellektuele bevoegdheid verwys na die vermoë om te verstaan, analiseer en sintetiseer. Handvaardighede-bevoegdheid behels na die vermoë om fisiese take te voltooi, en interpersoonlike bevoegdheid verwys na die vestiging van verhoudings met ander.
2. Bestuur van emosies:

   Universiteitstudente, en veral eerstejaarkoshuisstudente, ervaar oor die algemeen ‘n verskeidenheid van emosies. Wanneer ‘n student dus hierdie vektor bereik en voltooi, word hy/sy bewus van sy/haar emosies en hoe om dit te hanteer. Aangesien daar soveel aspekte van die universiteitslewe is wat verskeie intense emosies veroorsaak, is dit belangrik dat die studente die balans tussen self-bewustheid en selfbeheersing van hulle emosies identifiseer.
3. Beweeg deur outonomie tot interafhanklikheid:

   Dit is belangrik vir studente om te leer hoe om na hulself om te sien en verantwoordelikheid vir hulself te neem. Dit is dus belangrik vir hulle om emosionele en instrumentele onafhanklikheid te vind. Emosionele onafhanklikheid behels die vermoë van ‘n student om uit eie wil sy/haar persoonlike verhoudings op die spel te sit in ruil vir die voortsetting van sy/haar eie individuele belangstellings en oortuigings. Instrumentele onafhanklikheid behels die vermoë van ‘n student om sy/haar probleme self op te los. Dit beteken dus dat hierdie vektor studente in staat stel om die balans tussen die behoefte aan onafhanklikheid en die behoefte aan aanvaarding te kry, en om terselfdertyd die uniekheid en onafhanklikheid van ander individue te respekteer.
4. Ontwikkeling van volwasse interpersoonlike verhoudings:

   Hierdie vektor vereis die vermoë om intiem te wees sowel as om ander te aanvaar en die unieke verskille van individue te vier. Universiteitstudente het die geleentheid om ‘n wye verskeidenheid van mense, met verskillende oortuigings, waardes en agtergronde te ontmoet. Hierdie blootstelling kan studente help om die konsep van diversiteit te begryp. Deur hierdie vektor ontwikkel studente die vermoë om waardevolle verhoudings te vestig.
5. Vestiging van identiteit

   Identiteitsontwikkeling is die proses waartydens die individu ontdek by watter tipes ervaringe hy/sy aanklank vind. Daar word dus vasgestel hoe ‘n individu deur ander beskou word. Die vestiging van ‘n individu se identiteit lei tot ‘n gevoel van tevredenheid met hom-/haarself en hoe hierdie “self” deur ander gesien word.
6. Ontwikkeling van ‘n doel:

Hier begin studente agterkom hoekom hulle studeer en ‘n graad wil verdien. Hulle besef wat die doel daarvan is om ‘n werk te kry, ‘n lewe te maak, en vaardighede te ontwikkel. Die ervaringe waaraan studente tydens hulle universiteitsjare blootgestel word, help studente om vas te stel wat vir hulle die meeste vervulling verskaf en wat hulle doel in die lewe is.

7. Ontwikkeling van integriteit:
   Hierdie vektor hou nou verband met die vorige een, aangesien dit die vermoë van studente behels om menslike waardes op hulself en hul eie gedrag toe te pas. Wanneer ‘n eerstejaarstudent universiteit toe gaan is die waardes wat hy/sy saambring geneig om uitgedaag te word in hierdie nuwe omgewing. Die vestiging van integriteit is die vermoë vir studente om die waardes wat ooreenstem met sy/haar eie oortuigings te versamel en te beoefen.

Chickering en Reisser (soos aangehaal deur Foubert *et al.*, 2005) het tydens die organisering van die vektore opgemerk dat studente se kognitiewe ontwikkeling ooreenstem met hulle vermoë om saam met die vektore te beweeg.

3.2.2 Akademiese ontwikkeling

Die hoofrede vir ‘n adolessent of jong volwassene se aansluit by ‘n universiteit en om as ‘n “student” geklassifiseer te word, is om akademies te ontwikkel (Kuzminov, 2015). Hierdie aspek speel dus ‘n kardinale rol in ‘n student se lewe, asook sy/haar toekoms as ‘n individu in die samelewing. Indien ‘n student dus akademies wil ontwikkel, is dit belangrik dat faktore soos stressors nie by die student se akademie inmeng en dit moontlik benadeel nie. Aangesien ‘n eerstejaarstudent nog leer om by die nuwe omgewing en nuwe akademiese verpligtinge aan te pas, is hy/sy geneig om toe te laat dat ander faktore soos ander nuwe ervarings sy/haar akademiese verpligtinge beïnvloed. Volgens Kuzminov (2015) kan hierdie invloed dan die eerstejaarstudent se akademiese ontwikkeling en toekoms geweldig benadeel, aangesien ‘n student se eerstejaar die grondslag van sy/haar akademiese ontwikkeling vorm.

Your Dictionary (2017) definieer akademie as die studie van kursusse of modules (vakke) wat ‘n persoon aan ‘n universiteit of skool studeer. Die HAT (2000) definieer die woord “ontwikkel” soos volg: “geleidelik groei, vorm aanneem, ontstaan”. Verder word ontwikkeling deur die HAT (2000) gedefinieer as “handeling, proses van te ontwikkel; groei, geestelike vorming”. Volgens IGI Global (2017) word akademiese ontwikkeling soms ook as opvoedkundige of professionele ontwikkeling beskou, en behels dit dan akademiese en professionele personeellede wat betrokke is by beplande aktiwiteite om alle dimensies van onderrig, leer en vakkundigheid in universiteite te verbeter.

Afgelei van hierdie definisies, kan die akademiese ontwikkeling van ‘n student dus gedefinieer word as die proses waartydens die student deur middel van beplande aktiwiteite geleidelik groei in sy/haar spesifieke studieveld, wat dan uiteindelik lei tot die vorming en verbetering van die student se vermoë en kundigheid in sy/haar studiefokus. Akademiese ontwikkeling impliseer dus kognitiewe prosesse en kan aan die hand van Piaget se kognitiewe ontwikkelingsfases bespreek word. Piaget (soos aangehaal deur McLeod, 2009) stel dat daar vier fases is waardeur ‘n individu suksesvol moet gaan ten einde kognitief te ontwikkel.

Die tabel hieronder dien as verduideliking en visuele voorstelling van kognitiewe ontwikkeling se vier fases:

Tabel 3.2: Fases van kognitiewe ontwikkeling (aangepas vanuit http://www.PsychologyNotesHQ.com)

Fase	**Ouderdom**	**Beskrywing**
Sensories-motories	0-2 jaar	Koördinasie van sintuie met motoriese reaksie. Sensoriese nuuskierigheid oor die wêreld. Taal word gebruik vir behoeftes en kommunikasie. Voorwerp-permanensie word ontwikkel.
Pre-operasioneel	2-7 jaar	Simboliese denke, gebruik van behoorlike sinsbou en taal om konsepte uit te beeld. Verbeelding en aanvoeling is sterk, maar sukkel nog met abstrakte denke.
Konkrete-operasioneel	7-11 jaar	Heg konsepte aan konkrete situasies. Verstaan tyd, ruimte en kwantiteit en kan dit toepas, maar nie as onafhanklike konsepte nie.

Formele-operasioneel	11+	Teoretiese, denkbeeldige en nie-feitelike denke. Abstrakte logika en redenasie. Strategie en beplanning is moontlik. Konsepte in een konteks geleer kan op ‘n ander konteks toegepas word.

Eerstejaarstudente val onder die vierde en laaste fase, wat as die formeel-operasionele fase bekend staan, aangesien die ouderdom van hierdie fase vanaf 11 jaar tot volwassenheid strek. Vir hierdie studie sal daar dus op hierdie fase van kognitiewe ontwikkeling gefokus word. Cherry (2018) verduidelik dat die individu tydens hierdie fase oor die vermoë beskik om abstrak te dink en om hipoteses logies te toets. Die individu is ook veronderstel om onafhanklik te kan dink en probleme op te los tydens hierdie fase. Hierdie vaardighede is nodig wanneer ‘n individu akademiese werk moet verrig, en dus is hierdie ontwikkeling nodig ten einde akademiese ontwikkeling te verseker. Wanneer stres dus byvoorbeeld by ‘n student teenwoordig is, en sy/haar homeostase in terme van kognitiewe ontwikkeling versteur word, kan dit veroorsaak dat die student akademies mag sukkel.

Volgens Piaget (soos aangehaal deur McLeod, 2009) behels kognitiewe ontwikkeling die progressiewe herorganisasie van verstandelike prosesse, as gevolg van biologiese rypwording en omgewingservarings. Individue vorm dus ‘n begrip van die wêreld om hulle, en ervaar dan teenstrydighede tussen dit wat hulle weet en dit wat hulle ontdek in hulle omgewing. Ter verduideliking hiervan wys Cherry (2018) daarop dat daar eers na vier ander konsepte, wat sentraal tot Piaget se teorie staan, gekyk moet word om dit volledig te kan verstaan. Volgens laasgenoemde outeur dien hierdie volgende konsepte as vier faktore wat beïnvloed hoe individue groei en leer: skema, assimilasie, akkommodasie en ewewig.

- Skema:

  Dit beskryf beide die verstandelike en fisieke aksie betrokke by ‘n individu se begrip en kennis van kwessies. Skemas dien as kategorieë van kennis wat die individu help om die wêreld te interpreteer en te verstaan. Soos wat die individu dinge ervaar, word hierdie nuwe inligting gebruik om die reedsbestaande skemas aan te pas of te verander. McLeod (2009) beskryf dit as die basiese bousteen vir intelligente gedrag of ‘n manier om kennis

te organiseer. Skemas kan gesien word as eenhede van kennis, wat elkeen met ‘n ander aspek van die wêreld verband hou.

- Assimilasie:
  Die proses waartydens nuwe inligting tot die reedsbestaande skemas van ‘n individu ingeneem word. Hierdie proses is redelik subjektief, aangesien die mensdom geneig is om ervaringe en inligting aan te pas om by reedsbestaande oortuigings in te pas.
- Akkommodasie:
  Die aanpas en wysiging van die individu se reedsbestaande skemas of idees as gevolg van nuwe inligting of ervarings. Nuwe skemas kan ook tydens hierdie proses ontwikkel.
- Ewewig:
  Soos wat die individu deur die fases van kognitiewe ontwikkeling vorder, is dit belangrik dat hy/sy ‘n balans tussen die toepassing van vorige kennis (assimilasie) en die verandering van gedrag ten gunste van nuwe inligting (akkommodasie) handhaaf. Ewewig help om te verduidelik hoe individue van een fase na die volgende kan beweeg.

Volgens Piaget se teorie is dit duidelik dat die ontwikkeling en vorming van kennis en intelligensie ‘n aktiewe, innerlike proses is, waartydens die individu gedurig ondersoek instel en eksperimenteer soos wat sy/haar begrip van die wêreld se funksionering vorm en gebou word.

McLeod (2014) dui aan dat Lev Vygotsky ook sy teorie op kognitiewe ontwikkeling gebaseer het. Volgens McLeod (2014) is hierdie teorie gegrond op die idee dat sosio-kulturele aspekte ‘n individu se kognitiewe ontwikkeling kan affekteer. Genoemde outeur verduidelik dat Vygotsky aandui dat ‘n individu se aandag, sensasies, persepsies en geheue deur sosiale interaksies en die kulture waaraan hy/sy blootgestel word, beïnvloed word, en wat sodoende sy/haar kognitiewe aspekte en ontwikkeling ook kan affekteer.

Na aanleiding van die bespreking aangaande kognitiewe ontwikkeling, en veral die vierde fase (formeel-operasionele), blyk dit asof daar van eerstejaarstudente verwag word om abstrak en logies te kan dink en redeneer, asook ‘n balans tussen assimilasie en akkommodasie te handhaaf ten einde kognitief te ontwikkel. Terselfdertyd kan enige kulturele of sosiale blootstelling hulle beïnvloed – hetsy positief of negatief.

Aangesien die genoemde vaardighede van die formeel-operasionele fase nodig is vir die student om uiteindelik akademies te ontwikkel, kan dit baie skadelik wees vir sy/haar akademie wanneer iets hierdie prosesse sou versteur. Volgens Pritchard (soos aangehaal deur Anon., 2015) kan ‘n student se akademiese prestasies en ontwikkeling deur verskeie

faktore geaffekteer (of versteur) word, naamlik sosiale status, totale studietyd, akkommodasie, dosente, ouderdom, geslag en sosiale en/of politieke gebeure.

3.2.2.1 Model van kognitiewe ontwikkeling by universiteitstudente

William Perry het verder op die teorie van kognitiewe ontwikkeling uitgebrei deur ‘n model te ontwerp om die proses daarvan te verduidelik (Hall, 2013). Volgens Barker (2016) omskryf hierdie model die kognitiewe strategieë wat studente in hul denkwyses aanneem, soos wat hulle besig is om intellektueel te ontwikkel. Hierdie model dien as ‘n goeie raamwerk om die kognitiewe ontwikkeling van ‘n student uiteen te sit, en volgens Barker (2016) het hierdie model al selfs vir studente gehelp om hul eie ervaring en ontwikkeling beter te verstaan. Perry (soos aangehaal deur Barker, 2016) het geglo dat die waarde van hoër onderwys nie lê in die kennis wat verkry word nie, maar eerder in die ontwikkeling van denkvaardighede wat tot die verwerwing van kennis lei. In die proses om vernuwende denkwyses by ‘n individu te bewerkstellig, is die proses nie net afhanklik van die inligting wat in die brein geplaas word nie, maar ook van die struktuur en ontwikkeling van die brein self. Volgens genoemde outeur vind hierdie ontwikkeling van die brein in voorspelbare fases plaas. Hierdie fases vind wel nie op ‘n stadige, geleidelike ontwikkeling wyse plaas nie, maar eerder in spronge wat uiteindelik lei tot die herstrukturering van aspekte in die breinstruktuur. Hierdie herstrukturering, wat stapsgewys plaasvind, word egter eers teen laat adolessensie heeltemal voltooi.

Lang (2008) brei hieroor uit deur die ontwikkelingsproses van universiteitstudente te beskryf as die vordering vanaf die dualistiese oortuiging dat iets waar of vals is, deur ‘n fase van relativisme waarin hulle glo dat alle oortuigings ewe geldig is, tot ‘n fase van verbintenis tot waardes en oortuigings, wat hulle as onvolledig of onvolmaak kan erken, maar nog steeds oop is vir verdere ontwikkeling. Hierdie opsomming spruit uit die oorspronklike nege fases wat Perry in terme van intellektuele ontwikkeling voorgestel het, maar later eerder in vier oorhoofse fases gegroepeer is, naamlik: dualisme, veelvuldigheid, kontekstuele relativisme, en verbintenis binne kontekstuele relativisme. Hall (2013) bied ‘n kortlikse beskrywing van elkeen van hierdie vier fases:

1. Dualisme:
   Hier luister die studente nog pligsgetrou na outoriteit en bevraagteken hulle glad nie die inligting wat aan hulle deurgegee word nie. Die brein is op ‘n funksionele vlak en die studente leer om slegs twee kante van ‘n saak te sien, swart of wit.
2. Veelvuldigheid:
   Met verdere ontwikkeling begin die brein besef dat outoriteit nie noodwendig perfek en altyd reg is nie. Studente begin dus by hierdie fase besef dat daar meer as een

oplossing, of selfs geen oplossing, vir ‘n probleem kan wees. Hier begin studente besef dat hulle opinies ook waarde dra en iets beteken.

3. Kontekstuele relativisme:
   By hierdie fase besef die brein dat belangrike uitdagings meer buigbare oplossings as slegs een of geen oplossing het. Die brein sukkel egter nog om uit te maak watter argument die mees redelike en toepaslike is. Kennis word gesien as kontekstueel, en dus sal studente sienings evalueer gebaseer op oorsprong en bewyse, en sal hulle selfs die kenners bevraagteken en ondersoek instel.
4. Verbintenis binne kontekstuele relativisme:
   Hier vind die integrasie van kennis vanaf ander bronne, persoonlike ervaring en refleksie plaas. Studente wy hulself toe aan waardes wat vir hulle saak maak, en hulle leer om verantwoordelikheid vir hul oortuigings te neem. Tydens hierdie fase besef die studente dat die verkryging van kennis ‘n deurlopende aktiwiteit is, en dat redelike antwoorde/oplossings afhang van die kontekste en waardesisteme waarin die probleme voorkom.

Barker (2016) verduidelik dat soos wat studente kognitief ontwikkel, hulle die luuksheid verloor om te kan staatmaak op hulle gemaklike, aanvanklike intellektuele aannames, en eerder nuwe vaardighede moet aanleer.

Wanneer studente verby die fase van dualisme beweeg, moet hulle leer om hulle gemaksone van sekerheid oor spesifieke sake te verlaat en die onsekerheid te omarm. Wanneer studente die fase van veelvuldigheid vermy of laat vaar, verloor hulle die kans om te besef dat hulle eie opinies net so geldig en waardevol soos enige ander opinie is. Kontekstuele relativisme verg baie werk om hul denke te reguleer, bewyse te evalueer en perspektiewe op te weeg. Met die oorgang tot in die fase van “verbintenis binne kontekstuele relativisme,” word daar van die studente verwag om ‘n standpunt in te neem, gebaseer op die beste bewyse en denkwyses wat hulle gevind het, terwyl hulle terselfdertyd die afwesigheid van absolute sekerheid moet verwelkom. Dit vereis ook die erkenning van die student dat leer, denke en evaluering konstante, deurlopende prosesse van die lewe is (Barker, 2016). Hierdie model van Perry dui dus daarop dat die proses van leer oor die algemeen ingewikkeld is, maar dat kognitiewe ontwikkeling in geheel ‘n pynlike proses kan wees.

3.3 Eerstejaarkoshuisstudente

Eerstejaarkoshuisstudente speel ‘n kritiese rol in hierdie navorsingstudie, aangesien hulle as die hoofkarakters en -deelnemers van die studie dien. Merriam-Webster (2017) definieer ‘n student eerstens as “iemand wat studeer; hom op die studie toelê; iemand met ‘n liefde vir studie” en tweedens as ‘n persoon wat ingeskryf is aan ‘n tersiêre instansie, soos ‘n

universiteit, en ‘n spesifieke kursus daar studeer. Volgens die HAT (2000) is die woord “eerstejaar” ‘n selfstandige naamwoord afgelei van die selfstandige naamwoord eerstejaarstudent, en laasgenoemde word deur die HAT gedefinieer as ‘n student wat in die eerstejaar van sy/haar studie aan ‘n tersiêre instansie is. Die English Oxford Living Dictionaries (2017) definieer ‘n koshuis as ‘n instelling wat bekostigbare kos en verblyf aan ‘n spesifieke groep mense, soos studente, reisigers of werkers, verskaf. Meer spesifiek definieer The Free Dictionary (2017) ‘n universiteitskoshuis as ‘n universiteitsgebou (gewoonlik op kampus) wat woonplek, met die nodige geriewe, vir universiteitstudente bied.

‘n Eerstejaarkoshuisstudent kan dus beskryf word as ‘n persoon wat sy/haar eerste jaar van ‘n spesifieke kursus aan ‘n universiteit studeer en in ‘n universiteitsgebou saam met ander studente woon.

In Suid-Afrika is dit ook algemeen dat die skuif vanaf hoërskool na universiteit ‘n groot aanpassing van jongmense vereis (Deschamps & Shaikh, 2006). Blootstelling aan verskeie stressors binne ‘n onbekende omgewing veroorsaak stres onder eerstejaars, waaronder verskeie dan boonop in koshuise moet aanpas. Clinciu (2013) stel dat veral eerstejaarkoshuisstudente hoë vlakke van stres, weens ‘n oorlading van verskillende eise binne ‘n kort tydperk, ervaar. Deschamps en Shaikh (2006) verduidelik dat studente in universiteitskoshuise dikwels verswakte lewensomstandighede ervaar, aangesien hulle baie stres beleef, weg van die huis af is en verkeerd eet. Dit beteken dus dat ‘n eerstejaarkoshuisstudent se lewensomstandighede dramaties kan verswak wanneer hy/sy die skuif vanaf hoërskool na universiteit maak. Die rede hiervoor is aangesien die eerstejaarkoshuisstudent by die nuwe leefstyl van baie stres, ‘n onbekende blyplek, en dikwels slegte eetgewoontes moet aanpas.

Soos reeds genoem, vorm stres ‘n groot deel van elke individu se lewe en is dit dus ‘n term waaroor daar gereeld bespiegel word. Volgens Clinciu (2013) is dit ook ‘n konsep waaroor al baie navorsing gedoen is. Hierdie navorsing varieer vanaf algemene en alledaagse stres, tot akute stres en die impak wat hierdie stres op die individu se fisieke, psigologiese, en emosionele welstand het. ‘n Spesifieke onderwerp waaroor daar al ‘n redelike hoeveelheid navorsing gedoen is, is oor die impak wat stres op universiteitstudente het – hetsy dit fisiek, psigologies, emosioneel, akademies of al vier is (Clinciu, 2013). Die rede hiervoor is omdat die aanpassing vanaf ‘n gereguleerde leefstyl (op skool) tot ‘n minder gereguleerde leefstyl ‘n groot aanpassing is, en wat betekenisvolle uitdagings inhou. Die leefstyl van ‘n algemene universiteitstudent word deur Deschamps en Shaikh (2006) beskryf as ‘n gejaag, wat baie vereistes, ongesonde gewoontes en chaos inhou. Die gemiddelde universiteitstudent het ‘n besige skedule waarin hy/sy binne ‘n spesifieke tydperk verskillende verpligtinge moet nakom.

Die lewe as ‘n universiteitstudent, veral ‘n koshuisstudent, behels meer as net akademiese verpligtinge. Hierdie uiteenlopende verpligtinge kan uiteindelik tot verskillende stressors lei wat hoë stresvlakke kan veroorsaak. Afhangend van hoe elke student hierdie stres hanteer, affekteer dit die student se welstand. Dit is algemeen bekend dat veral eerstejaarstudente meer uitdagings en stressors in die gesig staar, aangesien hulle nog besig is om te leer hoe om by die nuwe leefstyl aan te pas (Deschamps & Shaikh, 2006). Volgens Clinciu (2013), is daar al bevind dat stressors ‘n betekenisvolle impak op ‘n universiteitstudent, veral ‘n eerstejaarkoshuisstudent kan hê, en sy/haar stresvlakke so kan opjaag dat dit sy/haar welstand en ontwikkeling negatief beïnvloed.

3.4 Eerstejaarkoshuisstudente en kampusonrus deur die lens van die Ekosistemiese Benadering

Die algemene individu ontwikkel nie in isolasie nie, en word eerder elke dag deur die omgewing en omstandighede rondom hom/haar beïnvloed. Hierdie invloed dra dan by tot die ervarings van die individu en hoe hy/sy as ‘n unieke individu ontwikkel. Die Ekosistemiese Benadering kan help om as agtergrond en teorie waarop hierdie proses gebaseer is, te dien. Volgens Berryman, Glynn en Wearmouth (2005) is die Ekosistemiese Benadering gebaseer op die idee dat menslike strukture, wat interaktief is, as selfregulerende sisteme dien en dus soortgelyk aan die natuurlike ekosisteem funksioneer. Genoemde outeurs verduidelik dat hierdie sisteme deur die herhalende, interaktiewe patrone van die deelnemers (wat as sub-sisteme dien) volgehou word. Verder verduidelik hierdie outeurs dat sisteme in ‘n aanhoudende interaksie met mekaar is, en dus sal ‘n verandering in enige aspek van die sisteem ‘n invloed op die algehele sisteem hê. Individue ervaar dan probleme of uitdagings wanneer hulle in hierdie interaktiewe patrone vasgevang word. Meyer *et al.* (2008) stel dat die Ekosistemiese Benadering daarop dui dat elke sisteem, en elke deelnemer binne die sisteme van ‘n spesifieke konteks, ‘n rol in die struktuur en die proses daarvan speel. Volgens Meyer *et al.* (2008) speel die sisteme en sub-sisteme waarin ‘n individu hom-/haarself bevind ‘n kritiese rol in hoe hy/sy ‘n idee en persepsie oor die realiteit vorm. Die volgende diagram is aangepas vanuit Meyer *et al.* (2008) om die Ekosistemiese Benadering se struktuur te verduidelik:



Figuur 3.1: Strukturele raamwerk van die ekosistemiese benadering *(aangepas uit Meyer, Moore & Viljoen, 2013:477)*

Volgens die bogenoemde figuur, toon hierdie teorie en benadering aan hoe ‘n individu binne ‘n reeks omliggende sisteme, wat in verbinding en interaksie met mekaar is, ontwikkel. Die manier hoe die individu elkeen van hierdie omliggende sisteme ervaar, het ‘n unieke invloed op elkeen en die wyse waarop hy/sy op ‘n unieke wyse ontwikkel.

Met hierdie Ekosistemiese Benadering as agtergrond en onderliggende teoretiese model, kan daar gekyk word na die moontlike invloed wat kampusonrus op eerstejaarkoshuisstudente, as individue, se unieke ontwikkeling het. Wanneer daar dus dan spesifiek na eerstejaarkoshuisstudente en kampusonrus gekyk word, kan daar vanuit Figuur 3.1 aangeneem word dat ‘n eerstejaarkoshuisstudent as die individu binne sy/haar eie ekosistemiese model dien, terwyl kampusonrus as ‘n sub-sisteem, wat deel van die eerstejaar se gemeenskap vorm, dien. Tydens die kort aanpassingstydperk wat eerstejaarkoshuisstudente in die gesig moet staar, word hulle gewoonlik aan verskeie stressors in ‘n nuwe, onbekende omgewing blootgestel. Hierdie stressors en ander eise wat aan hulle gestel word, veroorsaak gewoonlik ‘n mate van stres (Clinciu, 2013). Volgens Boever (2013) kan hierdie stres, wat die algemene eerstejaarkoshuisstudent ervaar, beskryf word as ‘n “normale” vorm van stres wat elke eerstejaarkoshuisstudent veronderstel is om te ervaar. Hierdie stres help die student om hom-/haarself vinnig beter te leer ken, en dit leer hom/haar sosiale vaardighede, asook om psigososiaal te groei en te ontwikkel. Die “normale stres” waarna hier verwys word, sluit aan by die eustres wat onder 2.2.1.1 bespreek is – ‘n positiewe tipe stres wat noodsaaklik is vir die individu en wat hom/haar help ontwikkel. In terme van die Ekosistemiese Benadering is hierdie stres dus ‘n verandering wat binne die student se onmiddelike omgewing voorkom en al die ander sisteme in sy/haar algehele sisteem positief beïnvloed. Dit is egter baie belangrik dat hierdie “normale stres”, wat eerstejaarkoshuisstudente veronderstel is om te ervaar, nie tot distres (negatiewe stres) lei nie, aangesien dit angsversteurings en depressie kan veroorsaak (Johnson, 2009).

Wanneer daar gekyk word na die volgende definisie van buitengewone stres, soos onder 2.2.2 in Hoofstuk 2 opgesom, kan die aanname gemaak word dat buitengewone stres ‘n vorm van distres is: “Buitengewone stres kan dus beskryf word as ‘n ongewone fisieke of psigologiese reaksie wat by ‘n individu plaasvind wanneer hy/sy sukkel om aan ‘n eis te voldoen, aangesien die vermoë om daaraan te voldoen die norm oorskry.” Buitengewone stres oorskry die “norm” van die algemene stres wat ‘n eerstejaarkoshuisstudent moet ervaar, en dus wanneer ‘n eerstejaarkoshuisstudent met so ‘n tipe stressor gekonfronteer word, kan dit baie nadelig vir hom/haar wees. Soos in Hoofstuk 2 onder 2.2.2 bespreek is, is daar verskillende tipes buitengewone stressors, en is meeste van hulle geneig om traumatiese ervarings te veroorsaak en dan ‘n beduidende negatiewe invloed op ‘n individu te hê. ‘n Voorbeeld sal wees as ‘n individu in ‘n lewensgevaarlike motorongeluk was, waarin sy/haar vriend gesterf

het en hy/sy dan daarna post-traumatiese stres ervaar, waartydens hy/sy sukkel en gedurig aan die ongeluk herinner word. Hierdie sal dan die individu psigologies begin aftakel, wat uiteindelik mag lei tot depressie, swakker sosialisering en versteurde verhoudings met ander in sy/haar omgewing (Kennedy, 2015). Net soos wat die normale eustres wat 'n eerstejaarkoshuisstudent ervaar, 'n verandering in 'n sisteem teweeg bring en uiteindelik 'n positiewe invloed op die res van die algehele ekosistemiese sisteem se sisteme kan hê, kan distres soos buitengewone stres 'n geweldige negatiewe invloed op die algehele sisteem hê. Wanneer buitengewone stres by 'n individu voorkom, veroorsaak dit 'n negatiewe verandering in een van daardie individu se sisteme en wanneer hierdie stres nie behandel en reg hanteer word nie, kan dit 'n nadelige rimpel-effek veroorsaak, waartydens al die ander sisteme van die individu negatief beïnvloed word.

As daar op die volgende definisie van kampusonrus, soos onder 2.4 in Hoofstuk 2 aangedui, gelet word, kan kampusonrus definitief as 'n buitengewone stressor geklassifiseer word: "Die openlike demonstrasie van 'n groep se ontevredenheid oor 'n spesifieke saak, wat dan op 'n universiteitskampus geskied. Hierdie demonstrasie kan effektief wees, maar kan wel baie skade aanrig as dit nie binne die wet en reëls plaasvind nie." Volgens Naicker (2016) is kampusonrus geneig om akademiese klasse en verpligtinge te versteur – veral wanneer dit nie volgens wet geskied nie en gewelddadig raak en veroorsaak dat studente nie hulle akademiese verpligtinge op kampus kan nakom nie. Onder 2.4 in Hoofstuk 2 word daar spesifiek verwys na die traumatiese ervaringe van studente, waartydens geweldadige betogings die studente vir hulle lewens laat vrees het (Tsimong, 2016). Duidelik is kampusonrus dus nie 'n "normale" tipe stres wat die algemene eerstejaarkoshuisstudent veronderstel is om te ervaar en hanteer nie. As kampusonrus, en die moontlike invloed van hierdie buitengewone stressor, in terme van die Ekosistemiese Benadering binne 'n eerstejaarkoshuisstudent se lewe in ag geneem word, kan daar aangeneem word dat dit die student se algehele sisteem negatief beïnvloed sal word wanneer dit nie effektief en vinnig hanteer word nie.

Die kampus van 'n universiteit dien as die omgewing en gemeenskap waarin die eerstejaarkoshuisstudente hulself bevind, en hierdie gemeenskap dien dan as 'n sisteem binne die eerstejaar se algehele sisteem, en dus sal enige onrus wat op kampus voorkom, dien as 'n sub-sisteem binne sy/haar algehele sisteem. Soos in par. 1 onder 3.4 genoem is (Berryman *et al.,* 2005), sal 'n verandering in enige aspek van 'n sisteem 'n invloed op die algehele sisteem hê. Na die bogenoemde bespreking, kan kampusonrus definitief as 'n verandering binne die kampusgemeenskap van 'n eerstejaarkoshuisstudent se algehele sisteem getipeer word. Dit beteken dus dat dit 'n definitiewe invloed op die eerstejaarkoshuisstudent en sy/haar algehele sisteem sal hê. Hierdie onrus binne die

gemeenskapsisteem van die studente dien as ‘n buitengewone stressor wat mettertyd al die ander sisteme sal impakteer en negatief kan beïnvloed. Hierdie rimpel-effek sal voortduur totdat dit uiteindelik die eerstejaarkoshuisstudent se inter- en intrapersoonlike verhoudinge mag raak en tot negatiewe gevolge soos depressie en angsprobleme kan lei.

Deur die lens van die Ekosistemiese Benadering, en die bestudering van die literatuur, kan die afleiding gemaak word dat kampusonrus ‘n invloed op eerstejaarkoshuisstudente sal hê en heel moontlik sal hierdie invloed negatief wees.

3.5 Samevatting

Na aanleiding van Hoofstukke 2 en 3 se bespreking van die literatuur, blyk dit dat daar min tot feitlik geen literatuur oor die invloed van kampusonrus bestaan nie, wat hierdie navorsingstudie dus uniek maak. Volgens die navorser is kampusonrus deesdae baie prominent, en word daar meer navorsing oor hierdie kwessie benodig.

Vanuit die literatuur is daar wel bevind dat kampusonrus as ‘n buitengewone stressor geklassifiseer kan word, aangesien dit geweldige stres en traumatiese ervaringe kan veroorsaak.

Volgens Erikson se Psigososiale Ontwikkelingsmodel, soos onder 3.2.1 bespreek, bevind eerstejaarkoshuisstudente hulself in ‘n die oorgangsfase tussen die fase van ego identiteit teenoor rolverwarring en die fase van intimiteit teenoor isolasie. Vanuit die literatuur is daar ook bevind dat stres hierdie fases kan beïnvloed en selfs kan veroorsaak dat die fases nie effektief voltooi word nie. Wanneer ‘n buitengewone stressor, soos kampusonrus dus hierdie fases beïnvloed, kan dit meebring dat die eerstejaarstudent psigososiaal nie effektief ontwikkel nie. Onder 3.2.2 is kognitiewe en akademiese ontwikkeling aan die hand van Piaget se Kognitiewe Ontwikkelingsmodel bespreek, en volgens dieselfde beginsel as die Psigososiale Ontwikkelingsmodel, dui dit daarop dat ‘n stressor, soos kampusonrus, kan veroorsaak dat ‘n eerstejaarstudent nie sy/haar formele operasionele fase voltooi nie en dus nie akademies kan ontwikkel nie.

Die algemene bevinding vanuit die literatuur is dus dat kampusonrus wel ‘n invloed op eerstejaarkoshuisstudente kan hê, en aangesien kampusonrus as ‘n buitengewone stressor klassifiseer, kan die invloed geweldig negatief van aard wees.

Eerstejaarkoshuisstudente se belewenisse oor die invloed van kampusonrus op hulle psigososiale en akademiese ontwikkeling is dus van kardinale belang om ten einde vas te stel

watter invloed kampusonrus, as ‘n buitengewone stressor, wel op hulle psigososiale en akademiese ontwikkeling het.

Hoofstuk 4: Navorsingsmetodologie

4.1 Inleiding

Hierdie navorsingstudie poog om eerstejaarkoshuisstudente se persepsies oor die invloed wat kampusonrus, as buitengewone stressor, op hulle psigososiale en akademiese ontwikkeling het, te verken. Die kwessie van betogings en onrus op Suid-Afrikaanse universiteitskampusse, en die moontlike invloed wat dit op eerstejaarstudente kan hê, dien dus as die agtergrond van hierdie studie. Hierdie hoofstuk fokus op die navorsingsontwerp en die metode van navorsing wat in die navorsingstudie oor hierdie laasgenoemde verskynsel gevolg gaan word. Die volgende aspekte gaan dus bespreek word: navorsingsparadigma, navorsingsontwerp, navorsingsmetodologie, rol van die navorser, geldigheid, betroubaarheid en etiese kwessies betrokke by die studie.

4.2 Navorsingsparadigma

Volgens Anderson (2013) kan ‘n paradigma beskryf word as ‘n filosofiese en teoretiese raamwerk wat bestaan uit gemeenskaplike oortuigings en gevoelens oor hoe die realiteit verstaan en bestudeer moet word. Nieuwenhuis (2016) beaam hierdie stelling en beskryf ‘n paradigma as die wyse waarop daar na gebeure gekyk word en dan as verwysingsraamwerk gebruik word om dit wat waargeneem is, te organiseer. Laasgenoemde outeur verduidelik dat daar vyf navorsingsparadigmas bestaan: post-positivisme, interpretivisme, kritiese teorie, simboliese interaksionisme en post-modernisme. Vir die doel van hierdie navorsingstudie gaan die interpretivistiese navorsingsparadigma as vertrekpunt dien.

Volgens Nieuwenhuis (2016) het interpretivisme vanuit die hermeneutiek en fenomenologie ontwikkel, en veronderstel dit dus die betekenis wat individue of gemeenskappe aan ondervindinge heg. Verder verduidelik Nieuwenhuis (2016) dat hierdie betekenis deur subjektiewe ervarings en persepsies van die wêreld gevorm word. Dit beteken dat die realiteit nie op ‘n objektiewe wyse bepaal word nie, maar eerder op ‘n sosiale wyse gevorm word. Elke individu se subjektiewe belewenisse van dinge waaraan hy/sy blootgestel word, speel dus ‘n baie belangrike rol in hoe die individu dan ‘n spesifieke betekenis daaraan heg. Wanneer ‘n individu dan deel van ‘n gemeenskap vorm, dra sy/haar betekenis by tot die gemeenskap en die ander gemeenskapslede se betekenisse, en so vorm dit dan deel van die algemene betekenis wat die gemeenskap, as ‘n geheel, aan hierdie ervarings en belewenisse heg. Eerstejaarkoshuisstudente vorm saam deel van ‘n gemeenskap, en die betekenis wat hulle dan heg aan die subjektiewe ervarings en belewenisse van kampusonrus, sal as my as navorser se bron van data vir hierdie studie dien. ‘n Interpretivistiese navorsingsparadigma is dus die mees geskikte vir die doeleindes van hierdie spesifieke studie, aangesien ek op ‘n

interaktiewe, subjektiewe wyse probeer vasstel wat eerstejaarstudente se belewenisse oor die invloed van kampusonrus op hulle psigososiale en akademiese ontwikkeling is.

Nieuwenhuis (2016) verduidelik dat interpretiviste hul sienings op enkele veronderstellings baseer. Die eerste een van hierdie veronderstellings is dat die mens slegs vanuit die innerlike verstaan kan word. Dit dui aan, soos vroeër genoem, dat interpretiviste op die subjektiewe ondervinding, van hoe individue hul sosiale wêreld beleef, fokus. Vir hierdie navorsingstudie sal onderhoude as navorsingstegniek gebruik word, om sodoende deur middel van interaksie met die deelnemers hulle subjektiewe ondervinding van hul sosiale omgewing te interpreteer. Sodoende kan ek as navorser vasstel wat die deelnemers se belewenisse van kampusonrus is.

Die tweede veronderstelling wat Nieuwenhuis (2016) aandui, is dat sosiale lewe by uitstek ‘n menslike produk is. Hiervolgens veronderstel interpretiviste dat die werklikheid sosiaal gestruktureer is. Die onderliggende veronderstelling hiervan is dat ek as navorser ‘n beter perspektief van die deelnemer se persepsie kan vorm wanneer ek die deelnemer binne sy/haar sosiale omgewing observeer. Vir hierdie navorsingstudie sal ek dus die deelnemers binne hulle natuurlike sosiale omgewing, hulle eie universiteitskampus, observeer en ondervra.

Die derde veronderstelling waarop interpretiviste, volgens Nieuwenhuis (2016), hul sienings baseer, is dat die menslike verstand ‘n belangrike bron van betekenis is. Hierdie veronderstelling dui aan dat wanneer die diepte en kompleksiteit van ‘n verskynsel verken word, dit vir my as navorser instaat sal stel om die betekenis wat deelnemers aan ‘n verskynsel binne hulle sosiale omgewing heg, beter te verstaan. Gepaard met die navorsingstegniek van onderhoude, sal die navorsingstegniek van vraelyste gebruik word, om sodoende die deelnemers se denkwyses oor kampusonrus binne hulle sosiale omgewing te verken.

Volgens Carson (soos aangehaal deur Edirisingha, 2012) vermy interpretiviste strukturele, rigiede raamwerke, en aanvaar eerder meer persoonlike, buigbare raamwerke, aangesien laasgenoemde meer ontvanklik vir die opname van menslike interaksie is. Hudson en Ozanne (soos aangehaal deur Edirisingha, 2012) brei hierop uit, deur te verduidelik dat interpretiviste daarin glo dat die navorser en sy/haar informante (deelnemers) interafhanklik van mekaar is en dat dit wat deur individue as die werklikheid beskou word, baie meer kompleks en onvoorspelbaar is as wat dit voorkom. Dit is dus belangrik vir die interpretivistiese navorser om nie te veel op vooropgestelde insigte en idees te fokus nie, en om gedurig die komplekse, onvoorspelbare aard van die waargenome realiteit in gedagte te hou.

Bransen (2006) verwys na twee verskillende filosofiese wyses waarop daar wetenskaplik sin van ‘n spesifieke verskynsel gemaak kan word. Hierdie twee wyses is oorspronklik van Duitse herkoms afkomstig, en staan onderskeidelik bekend as “verstehen” en “erklären”. Bransen (2006) verduidelik dat *erklären* poog om op ‘n verduidelikende wyse van ‘n sekere verskynsel sin te maak, deur vas te stel in watter wette dit gegrond is, en dat *verstehen* poog om op ‘n empatiese wyse van ‘n sekere verskynsel sin te maak, deur na die belewenisse aangaande die verskynsel te soek. Ek het beoog om deur middel van die “verstehen” wyse te verstaan hoe eerstejaarkoshuisstudente die moontlike invloed van kampusonrus beleef.

Nieuwenhuis (2016) argumenteer dat die navorser hom-/haarself in die deelnemer se situasie moet plaas om ten einde die ondervinding van die deelnemer te interpreteer. Dit is belangrik om ‘n geheelbeeld van die verskynsel, kampusonrus, op ‘n universiteitskampus te verkry, om dan uiteindelik spesifieke dele daarvan te verstaan, en andersom.

Ek het beoog om die geheeldbeeld te verkry en te verstaan deur op ‘n interaktiewe, subjektiewe wyse vas te stel wat eerstejaarkoshuisstudente se belewenisse oor die moontlike invloed van kampusonrus op hulle psigososiale en akademiese ontwikkeling is, en om tydens die ondersoek verder op die interpretivistiese basis voort te bou.

4.3 Navorsingsontwerp

Volgens Kothari (2004) dien die navorsingsontwerp as ‘n konseptuele struktuur waarbinne navorsing uitgevoer word, wat beteken dat dit gesien kan word as ‘n bloudruk vir die insameling, meting en analise van data. Van Wyk (2012) beskryf ‘n navorsingsontwerp as ‘n omvattende plan wat die konseptuele navorsingsprobleme met die empiriese navorsing verbind. Die navorsingsontwerp behels dus ‘n uiteensetting van wat die navorser gaan doen om die navorsingstudie suksesvol uit te voer. Tydens hierdie uiteensetting word daar aangedui watter data benodig gaan word, watter metodes gebruik gaan word om die data in te samel en te analiseer, en hoe al hierdie in geheel die navorsingsvraag gaan beantwoord. Volgens Barratt (2015) vorm die navorsingsontwerp ‘n belangrike deel van die navorsingsproses, aangesien dit die navorsing vanaf die navorsingsvraag regdeur tot die implementering daarvan lei.

Van Wyk (2012) verduidelik dat daar drie tipes benaderings is wat deel van die navorsingsontwerp vorm. Hierdie drie benaderings is naamlik: kwalitatiewe-, kwantitatiewe- en gemengde benadering-navorsing.

Du Preez (2014) beskryf elkeen van hierdie benaderings kortliks. Sy beskryf kwalitatiewe navorsing as ‘n induktiewe benadering wat begrip ondersoek en die betekenis wat mense aan

die menslike wêreld toeskryf, verander. Verder beskryf sy kwantitatiewe navorsing as ‘n deduktiewe benadering wat objektiewe teorieë toets, deur die verhouding tussen veranderlikes te ondersoek. Die derde benadering, naamlik gemengde benadering-navorsing, word deur Du Preez (2014) as die metodologiese vermenging van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing, wat induktiewe en deduktiewe benaderings volg, beskryf.

Vir hierdie navorsingstudie is ‘n kwalitatiewe benadering, met die fokus op ‘n beskrywende en verkennende fenomenologiese ontwerp, gevolg. Ek as navorser het hierdie as die mees gepaste navorsingsbenadering vir die studie geïdentifiseer, aangesien die doel van die navorsing is om die belewenisse van eerstejaarkoshuisstudente in terme van kampusonrus se invloed op hulle psigososiale en akademiese ontwikkeling te ondersoek, en dit dus die aard van hierdie ondersoek die beste pas. Ter motivering vir hierdie keuse gaan ek ‘n kort teoretiese vergelyking van die kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings tref, waarna ‘n bespreking van beskrywende en verkennende navorsing, sowel as ‘n fenomenologiese ontwerp gaan volg.

Soos vroeër aangetoon, fokus kwalitatiewe navorsers op hoe deelnemers betekenis aan hulle natuurlike sosiale omgewings heg, en volgens McMillan (soos aangehaal deur Bartlette, 2013) is hierdie fokus op verbale beskrywings en waarnemings, eerder as syfers en getalle, gebaseer. Verder argumenteer hy dat kwalitatiewe navorsing in natuurlike omstandighede plaasvind, waar dit die navorser in staat stel om die gedrag en omgewing van die deelnemers te beheer. Hierdie is teenstrydig met kwantitatiewe navorsing, waar die navorser geen direkte invloed op die omgewing of die deelnemers het nie.

Volgens Polkinghorne (2005) fokus kwalitatiewe navorsing daarop om die sosiale lewe in terme van die prosesse en interaksies wat daarin voorkom, te deurskou. Dit beteken dus dat kwalitatiewe navorsing daarop gemik is om die sosiaal gekonstrueerde aard van die realiteit te verstaan, deur individue se belewenisse, houdings en ervarings te bestudeer en uit te vind hoe individue hulself in die samelewing posisioneer. Kwalitatiewe navorsing is duidelik konteksgebonde, wat dus impliseer dat die verskynsel waarin die konteks voorkom, bestudeer gaan word.

Volgens Wyse (2011) maak kwantitatiewe navorsing van nie-eksperimentele en eksperimentele ontwerpe gebruik, waar die uitslae van numeriese of statistiese data die kwantiteit van die probleem meet. Verder verduidelik sy dat kwantitatiewe navorsing van meetbare data gebruik maak om feite te formuleer en patrone te ontrafel. Wyse (2011) stel dit dat kwalitatiewe navorsing primêr ondersoekend is, waar die data en inligting gebruik word om onderliggende motiverings en redes te verstaan.

Leedy en Ormrod (soos aangehaal deur Bartlette, 2013) verduidelik die verskil tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing, deur die verskil in elkeen se eienskappe in tabelvorm te onderskei:

Tabel 4.1 Eienskappe van die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes:

Doel van navorsing	
Kwantitatief	Kwalitatief
Verduidelik en voorspel verhoudings tussen veranderlikes. Bevestig ook die geldigheid van verhoudings om teorie te toets d.m.v. hipotese.	Beskryf en verduidelik verskynsels d.m.v. waarnemings om teorie te bou.
Aard van navorsing	
Kwantitatief	Kwalitatief
Navorser fokus op bekende veranderlikes, gevestigde riglyne en voorafbepaalde metodes in ‘n konteksvrye omgewing.	Navorser vorm ‘n geheelbeeld uit onbekende veranderlikes met buigsame riglyne. Persoonlike sieninge word verkry in ‘n konteksgebonde omgewing.
Insameling van data	
Kwantitatief	Kwalitatief
Gestandaardiseerde instrumente byvoorbeeld vraelyste word gebruik om data in te samel uit ‘n verteenwoordigende groot populasie. Data word numeries aangedui.	Deelnemers uit ‘n klein populasie verskaf data d.m.v. onderhoude, observasies en dokumente. Data word in woorde omskryf.

Vir hierdie navorsingstudie is die kwalitatiewe benadering die mees gepaste een, aangesien ek op ‘n interaktiewe wyse inligting kan insamel, terwyl die deelnemers die geleentheid kry om gemaklik oor hulle eie persepsies van onrus op kampus te gesels. Sodoende kan ek deur middel van induktiewe redenering ‘n geheelbeeld oor die invloed van kampusonrus op eerstejaarkoshuisstudente se psigososiale en akademiese ontwikkeling verkry.

Die benutting van beskrywende en verkennende navorsing in hierdie kwalitatiewe studie, stel my as navorser in staat om hierdie kwessie, van kampusonrus en die invloed wat dit op

eerstejaarkoshuisstudente het, in-diepte te verken, te verstaan en uiteindelik moontlike idees ter verligting van die uitdagings te verkry.

Beskrywende navorsing word deur Dudovskiy (2016) beskryf as navorsing wat daarop gemik is om deur middel van data-insameling, lig op huidige kwessies te werp; hierdeur word die navorser in staat gestel om die situasie/fenomeen duideliker te beskryf en uiteindelik dan die navorsingstudie meer produktief te kan uitvoer. Hierdie navorsing sal my as navorser dus help om die kwessie van kampusonrus se invloed op eerstejaarkoshuisstudente in-diepte te bestudeer en uiteindelik beter te verstaan, en dus ook ‘n duideliker beskrywing daarvoor te kan verskaf.

Volgens Dudovskiy (2016) beoog verkennende navorsing nie noodwendig om finale, deurslaggewende antwoorde of oplossings aangaande die navorsingprobleem te verskaf nie, maar eerder om die navorsingsonderwerp en -vrae te verken en sodoende moontlike idees te verskaf. Gepaard met die beskrywende navorsing, wat ‘n duideliker beeld van die kwessie by die navorser geskep het, sal verkennende navorsing die navorser help om die navorsingsonderwerp meer in-diepte te bestudeer, ten einde moontlike voorstelle vir die oplossing of verbetering van die kwessie te maak.

Nieuwenhuis (2016) stel dit dat daar vyf tipes ontwerpe binne kwalitatiewe navorsing bestaan. Hierdie vyf is die volgende: narratiewe navorsing, fenomenologie, gegronde teorie, etnografie, en gevallestudie.

Soos reeds genoem, is kwalitatiewe navorsing konteksgebonde, wat beteken dat die verskynsel waarin die konteks voorkom ‘n belangrike rol speel en dus bestudeer gaan word. Wilson (2015) verduidelik dat die doel van fenomenologiese navorsing is om mense se belewenisse oor spesifieke verskynsels te verstaan, en daarom sal ‘n fenomenologiese ontwerp as ‘n gepaste navorsingsontwerp dien. Laasgenoemde sluit aan by Lester (1999) se verduideliking dat die fenomenologiese benadering ten doel het om fenomene/verskynsels te identifiseer deur vas te stel hoe hulle deur die deelnemers binne ‘n situasie waargeneem en ervaar word. Verder dui Lester (1999) aan dat hierdie navorsingsbenadering daarop ingestel is om informasie op ‘n “in-diepte” wyse, deur middel van induktiewe, kwalitatiewe metodes – soos onderhoude, gesprekke en deelnemer observasies – per fenomeen in te samel. Dit is dus duidelik dat subjektiwiteit, persoonlike belewenisse en ervarings ‘n groot rol in die gebruik van hierdie benadering speel, en soos reeds genoem is dit juis die wyse waarop die navorser beoog om inligting vir hierdie studie in te samel. Op hierdie wyse sal die navorser toegang tot eerstehandse ervarings en gepaargaande belewenisse hê, wat sal lei tot waardevolle inligting aangaande die verskynsel van kampusonrus se invloed op eerstejaarkoshuisstudente.

Weens hierdie kwalitaitewe navorsingsontwerp van die studie, sal hierdie inligting dan nie gebruik word om veralgemenings te maak of om ‘n verband tussen kampusonrus en psigososiale en akademiese ontwikkeling te identifiseer nie, maar sal dit eerder daarna streef om die inligting te kan deurtrek en toepas op ander soortgelyke situasies.

Wanneer al die bogenoemde in ag geneem word, blyk dit duidelik te wees dat kwalitatiewe navorsing, wat verkennend en beskrywend van aard is, die mees gepaste navorsingsbenadering vir die doel van hierdie navorsingstudie te wees. ‘n Fenomenologiese kwalitatiewe navorsingsontwerp sal my as navorser in staat stel om die belewenisse van eerstejaarkoshuisstudente in verband met kampusonrus te bestudeer en dan uit te vind watter invloed dit dan op hulle psigososiale en akademiese ontwikkeling het. Met die verkennende en beskrywende aard wat deel van hierdie navorsingsontwerp vorm, sal dit die navorser ook help om lig op die huidige kwessie van kampusonrus se invloed op eerstejaarkoshuisstudente te werp en dit meer in-diepte te bestudeer, en uiteindelik dan moontlike idees vir die verligting van hierdie kwessie se uitdagings, en die uitbreiding van hierdie studie, te verskaf.

4.4 Navorsingsmetodologie

Williams (2011) beskryf navorsingsmetodologie as die manier waarop die navorser verskillende metodes gebruik ten einde die navorsingsprobleem te ondersoek en op te los.

4.4.1 Steekproefneming

Kennedy (2008) stel dat steekproefneming ‘n baie belangrike rol in navorsing speel, aangesien dit nie moontlik is om ‘n hele populasie by die studie te betrek nie, en die navorser dus die gebruik van steekproefneming nodig het. Steekproefneming word deur Mugo (2002) beskryf as die proses waartydens die navorser ‘n aantal mense vanuit ‘n populasie selekteer om as verteenwoordigers vir die algehele populasie op te tree, met die doel om karaktertrekke van hierdie populasie vas te stel.

Daar is twee hoofkategorieë waaraan metodes vir steekproefneming behoort, naamlik waarskynlikheidsmetodes en nie-waarskynlikheidsmetodes (Maree & Pietersen, 2016). Maree en Pietersen (2016) dui aan dat daar onder hierdie kategorieë verskeie spesifieke metodes is om steekproefneming vir ‘n navorsingstudie toe te pas. Vir hierdie navorsingstudie word die nie-waarskynlikheidsmetode, naamlik doelgerigte steekproefneming, as die mees geskikte metode beskou.

4.4.1.1 Seleksie van universiteite

Vir hierdie navorsingstudie gaan ek studente van drie verskillende Suid-Afrikaanse universiteitskampusse deur middel van doelgerigte steekproefneming, selekteer om as

deelnemers te dien. Die universiteitskampusse word doelgerig gekies op grond van kampusonrus wat in 2016 daar plaasgevind het. Om die privaatheid en vertroulikheid van hierdie kampusse te beskerm, sal tydens hierdie studie na hierdie kampusse verwys word as Kampus 1, Kampus 2 en Kampus 3. Om te verseker dat hierdie studie volgens etiese riglyne geskied, sal ek as navorser verseker dat elkeen van die universiteitskampusse bewus is van die studie, en dat ek elkeen van die kampusse se etiese voorwaardes tydens die studie sal nakom. Hierdie sal verseker word deur middel van 'n navorsingsetiekaansoek, wat aan die HREC komitee (Health Research Ethics Committee) van die NWU voorgelê sal word, nadat die navorsingsvoorstel goedgekeur is. Dit sal dan gevolg word met die vra van toestemming (Bylae D, E en F) vanaf die onderskeie universiteite se hekwagters om die navorsing te doen. Ek sal verseker dat sy die korrekte prosedure volg om toestemming van elke universiteit se hekwagter ("gatekeeper") te ontvang.

Die rede vir die selektering van hierdie drie universiteitskampusse is omdat sekere gebeurtenisse op elkeen se kampus sekere ervarings vir die studente tot gevolg gehad het, wat as waardevolle data vir die studie kan dien. By twee van die universiteite het erge kampusonrus voorgekom, en by die ander een het daar minder kampusonrus voorgekom. Byvoorbeeld, by Kampus 1 was daar die afgelope paar jaar, en veral in 2016, gereeld betogings en onluste aangaande fooie- en rasse-kwessies, wat tot ernstige nagevolge en selfs die kansellering en uitstel van eksamens gelei het. By Kampus 2 was daar vanaf 2015 gereeld betogings en onluste aangaande universiteitsfooie, en rasse-kwessies wat ook tot ernstige nagevolge en die versteuring van akademiese verpligtinge gelei het. By Kampus 3 was daar ook in 2016 betogings aangaande universiteitsfooie, wat ook nagevolge in terme van akademiese verpligtinge gehad het, maar hierdie betogings was nie so ernstig nie, het nie so lank geduur en soveel nagevolge soos by die ander twee genoemde universiteitskampusse gehad nie. Hierdie drie verskillende kampusse sal dus as goeie bronne van data kan dien, aangesien dit 'n mate van verskeidenheid bied. Elke kampus is uniek en verskil van ander kampusse, alhoewel almal dieselfde doel het: om waardevolle tersiêre opvoeding aan individue te bied en sodoende te help om te bou aan 'n beter toekoms vir die land. Elke kampus se ervarings in terme van betogings verskil dus ook, en dus sal die drie verskillende kampusse, elk met verskillende gebeure en ervarings, help om ryk data vir hierdie studie te bied.

Volgens Battaglia (2011) poog die nie-waarskynlikheidsmetode van steekproefneming nie om 'n ewekansige steekproef vanuit die populasie te selekteer nie, maar fokus dit eerder daarop om doelbewus 'n spesifieke steekproef te selekteer en toe te pas, omdat die groep die nodige kennis het vir die data wat die navorser benodig. Doelgerigte steekproefneming gaan gebruik

word om bogenoemde universiteitskampusse vir die navorsingstudie te selekteer, aangesien die verskillende drie kampusse ‘n wye spektrum van verskillende data kan verskaf.

Maree en Pietersen (2016) stel dat doelgerigte steekproefneming in situasies gebruik word waar die navorsing met ‘n spesifieke doel in gedagte, uitgevoer word.

4.4.1.2 Seleksie van deelnemers

Vir die doel van hierdie studie stel ek as navorser daarin belang om die invloed van kampusonrus op eerstejaarkoshuisstudente se psigososiale en akademiese ontwikkeling te bestudeer, en dus is eerstejaarkoshuisstudente die deelnemers wie se belewenisse van belang is. Ten einde hierdie studente se belewenisse te analiseer, gaan huidige histories derdejaarkoshuisstudente, deur middel van doelgerigte steekproefneming, geselekteer word. Hierdie studente was in 2016 eerstejaarstudente, en het tydens daardie jaar nie net die algemene stres (akademiese prestasie, finansies, sosiale verhoudings en/of tydsbestuur) van ‘n eerstejaarkoshuisstudent ervaar het nie, maar ook buitengewone stres as gevolg van betogings en onluste. Ek het beoog om hierdie invloed vas te stel en te bestudeer, deur middel van individuele onderhoude waarin die belewenisse van verskillende derdejaarstudente (mans en dames) in kampuskoshuise, op elkeen van die drie genoemde universiteitskampusse, bekyk en bespreek gaan word.

Met die seleksie van al die deelnemers, sal ek as navorser die beskerming van die deelnemers se persoonlike inligting verseker, deur te verseker dat die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (4 van 2013) nagekom word. Volgens die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (4 van 2013) word elke individu as die eienaar van sy/haar persoonlike inligting beskou, en het hy/sy beheer oor hoe die inligting gebruik mag word. Hierdie wet verseker ook dat individue sekere regte in terme van persoonlike inligting het, wat beskerm moet word. Hierdie regte behels die volgende:

- wanneer en hoe jy jou inligting deel (vereis toestemming);
- die tipe en hoeveelheid inligting wat jy kies om te deel;
- deursigtigheid en verantwoordbaarheid oor hoe jou inligting gebruik gaan word;
- toegang tot jou eie inligting en die reg om jou inligting te vernietig;
- wie toegang tot jou inligting het;
- waar en hoe jou inligting gestoor en beskerm word; en
- die integriteit en volgehoue korrektheid van jou inligting.

Ek gaan al die deelnemers voor hulle onderhoude, mondelings, van hierdie regte bewus maak, en verseker dat dit tydens die studie nagekom word.

Soos reeds genoem, ervaar eerstejaars oor die algemeen meer stres, omdat hulle by ‘n nuwe omgewing met ‘n nuwe leefstyl moet aanpas. Volgens Clinciu (2013) is koshuisstudente geneig om nog meer uitdagings en verpligtinge as ander studente te ervaar, en dus het die navorser dit goedgedink om te probeer vasstel hoe die stres van kampusonrus tot hierdie verpligtinge en uitdagings bydra. Koshuisstudente bevind hulself meeste van die tyd op of rondom kampus, aangesien hulle daar woon, asook daar akademies verkeer. Hierdie studente het dus heel moontlik gereelde eerstehandse ervarings van kampusonrus gehad en dus kan hulle as ‘n ryk bron van data dien. Met die bestudering van eerstejaarkoshuisstudente se ervarings oor kampusonrus, kan ek as navorser probeer vasstel tot watter mate die stres van kampusonrus tot die algemene stres van ‘n eerstejaarkoshuisstudent bydra. Sodoende kan ek ook probeer vasstel of die invloed van kampusonrus so dramaties tot by die algemene stres bydra, dat dit die eerstejaarkoshuisstudent se ontwikkeling aansienlik sal beïnvloed.

Voordat hierdie deelnemers gewerf kan word, sal ek verseker dat ek eerstens van elke betrokke universiteit toestemming (Bylae D, E en F) verkry dat derdejaarkoshuisstudente aan hierdie studie mag deelneem. Daarna sal ek deur die persoon wat oorhoofse verantwoordelikheid vir die welstand van die universiteitskoshuisinwoners neem, werk om ‘n versoek aan die huisouers van 4 koshuise (2 dames- en 2 manskoshuise), van elkeen van die drie kampusse, te rig om deelnemers vanuit die koshuise te kry. Ek as navorser sal tydens hierdie proses die 4 koshuise, per kampus, ewekansig vanaf ‘n lys selekteer, en die huisouers van die betrokke koshuise vra om pamflette (Bylaag A), wat alle inligting aangaande die studie bevat, aan al die studente wat in 2016 eerstejaars was uit te deel. Ek sal hierdie pamflette aan die huisouers verskaf en hierdie pamflette sal ook aandui op watter tyd ek die koshuis gaan besoek, wanneer die derdejaarkoshuisstudente dan die kans sal kry om enige vrae omtrent die studie te vra en hulle kontakbesonderhede te verskaf indien hulle sou belangstel om deel te neem. Die pamflet sal ook die navorsers se kontakbesonderhede bevat, indien die studente enige verdere inligting sou verlang. Hierna kan die onafhanklike persoon, wat die huisouer(s) van die koshuis sal wees, die studente wie hulle kontakbesonderhede gegee het, kontak en vra of hulle nog belangstel om deel te neem. As hierdie studente dan nog steeds belangstel om deel te neem, kan ek ‘n onderhoudsessie met die deelnemers reël.

Hierdie steekproefneming van die studente gaan nie tot ‘n spesifieke getal gebonde wees nie, maar gaan eerder volgens data-versadiging plaasvind. Dit beteken dus dat ek as navorser nie ‘n steekproef van ‘n spesifieke aantal studente gaan neem nie, maar dat die steekproef

eerder sal bestaan uit die hoeveelheid studente wat dit gaan neem om ‘n punt van versadigde data te bereik. Ek gaan, deur middel van onderhoude, aanhou met die insameling van data, totdat daar niks meer ontluikende patrone of temas voorkom nie, maar eerder ‘n patroon van herhaling begin na vore kom. Wanneer hierdie punt bereik word, sal daar eers vir seker vasgestel kan word hoeveel studente deel van die steekproef gaan vorm. Totdat ek daardie punt bereik, gaan daar wel ‘n sekere beraamde getal as riglyn vir die steekproef dien. Hierdie getal sal bestaan uit 8 studente per kampus, waar 4 dames van 2 verskillende dameskoshuise en 4 mans van 2 verskillende manskoshuise sal kom, wat dan ‘n totale getal van 24 studente sal maak. Soos reeds bespreek, sal hierdie totale getal net as riglyn vir die steekproef van die studentedeelnemers dien, en kan dit wel verminder of vermeerder, afhangende van wanneer data-versadiging bereik word. Data-versadiging, as steekproefneming, gaan ook per kampus verkry word, wat beteken dat die navorser per kampus gaan vasstel of die ontluikende temas binne die onderhoude nie meer voorkom nie en daar eerder te veel herhaling in die onderhoude voorkom. Dit beteken dus dat die getal studente van elke kampus moontlik kan verskil, afhangende van wanneer elkeen data-versadiging bereik het.

Indien daar nie genoeg belangstelling is nie en data-versadiging moontlik nie sal plaasvind nie, sal die onafhanklike persoon moontlike deelnemers ewekansig van ‘n lys af selekteer, waarna hierdie moontlike deelnemers dan die kans sal kry om te besluit of hulle wil deelneem. Indien daar te veel moontlike deelnemers is wat hulle kontakbesonderhede verskaf het, sal die onafhanklike persoon ook genoeg deelnemers ewekansig van die lys van belangstellende deelnemers selekteer. Nadat die deelnemers geselekteer is en ‘n onderhoudsessie gereël is, kan die onafhanklike persoon, voordat die onderhoud plaasvind, ingeligte toestemming van die deelnemer verkry (Bylaag I). Hierdie moet in die teenwoordigheid van die onafhanklike persoon (wat die huisouer(s) sal wees) plaasvind, en voordat die deelnemer toestemming kan gee, moet die onafhanklike persoon verseker dat die deelnemer bewus is van wat die studie behels en dat vertroulikheid van kardinale belang is.

Tydens die persoonlike ontmoeting vir die individuele onderhoude, het ek, as navorser, verseker dat die deelnemers ingeligte toestemming (Bylaag I) in die teenwoordigheid van die onafhanklike persoon (huisouer) gegee het. As navorser het ek dit ook aan die deelnemers duidelik gemaak dat die deelname aan die studie vrywillig is en dat hulle enige tyd sonder opgaaf van redes kan onttrek, en dat enige onttrekking van die projek nie teen die deelnemers gehou sal word nie.

Om die studie verder te trianguleer, sou ek ook deur middel van vraelyste data ingesamel het, waarin die belewenisse van die bogenoemde derdejaarstudente se ouers bestudeer gaan

word. Om te verseker dat hierdie op ‘n etiese aanvaarbare wyse plaasvind, sou ek as navorser aan elke derdejaarstudent-deelnemer hierdie data-insamelingsmetode ter wille van triangulering verduidelik. Daarna sou ek vir die derdejaarstudente-deelnemers vra of hullle ouers moontlik sal belangstel om aan die navorsingstudie deel te neem, en as hulle aandui dat die ouers bereid is om deel te neem, sou ek die kontakbesonderhede van die ouers aanvra. As ek as navorser hierdie besonderhede het, kan ek dan reël om die navorsingstudie met hulle oor die telefoon of elektronies te bespreek. Indien die ouers aandui dat hulle bereid is om deel te neem, kan ek die vraelys elektronies vir hulle aanstuur – ek sal wel eers moet verseker dat hulle elektronies op ‘n ingeligte toestemmingsvorm moet kliek voordat hulle by die vraelys uitkom. Die steekproefneming van die ouers sou ook volgens data-versadiging plaasvind, maar daar sal ook ‘n beraamde getal as riglyn vir die steekproef dien; 4 ouers per kampus wat dan ‘n totale getal van 12 sou maak. Hierdie sou dus kan vermeerder of verminder, afhangende van wanneer ‘n patroon van data versadiging voorkom.

As navorser het ek ‘n spesifieke doel in gedagte in terme van steekproefneming, en dus was daar van doelgerigte steekproefneming gebruik om deelnemers vir die navorsingstudie te selekteer. Maree en Pietersen (2016) stel dat doelgerigte steekproefneming in spesiale situasies gebruik word, waar dit met ‘n spesifieke doel ingedagte uitgevoer word. Volgens Ritchie (2003) is daar ‘n spesifieke kriterium waaraan deelnemers moet voldoen wanneer doelgerigte steekproefneming toegepas word, aangesien die navorser ‘n spesifieke doel in gedagte het. Vir hierdie studie moes die deelnemers vir die onderhoude aan die volgende kriteria voldoen om ‘n geskikte deelnemer vir die studie te wees:

- Die deelnemers moet ‘n derdejaarstudent by een van die volgende drie universiteitskampusse wees: Kampus 1, Kampus 2, of Kampus 3.
- Die deelnemers moet aan ‘n kampuskoshuis by een van die volgende universiteite behoort: Kampus 1, Kampus 2, of Kampus 3.

Ten einde die data te versterk, sou ander deelnemers ‘n vraelys beantwoord. As navorser het ek beoog om aan die betrokke studente-deelnemers (per kampus) se ouers ‘n vraelys te verskaf, wat hulle dan elektronies moes voltooi. Die deelnemers aan die vraelyste moes aan die volgende kriteria voldoen om ‘n geskikte deelnemer vir die studie te wees:

- Die deelnemers moet ‘n wettige ouer of voog van een van die bogenoemde derdejaarstudente wees.

4.4.2 Data-insameling

Ten einde die navorsingstudie se navorsingsvraag te kan beantwoord, asook die navorsingstudie se doelwitte te kan aanspreek, was data deur middel van individuele onderhoude en vraelyste ingesamel.

Voordat die data ingesamel word, het ek seker gemaak dat ingeligte toestemming van alle deelnemers verkry word, en dat alle etiese voorwaardes nagekom word. Ingeligte toestemming van die deelnemers – derdejaarkoshuisstudente, vanaf die onderskeie drie universiteitskampusse – was skriftelik verkry (Bylaag I). Dieselfde geld vir die ouers, alhoewel die ouers se ingeligte toestemming elektronies verkry sou word. Hierdie toestemming is noodsaaklik om te verseker dat die navorsingstudie so eties as moontlik sal plaasvind.

Data-insameling word deur Polkinghorne (2005) beskryf as ‘n proses waartydens inligting, met ‘n spesifieke doel in gedagte, ingesamel en geobserveer, aangeteken, georganiseer, geklassifiseer en omskryf word om ten einde logiese verwerkings en afleidings te kan maak. Genoemde outeur verduidelik verder dat die doel van data-insameling is om bewyse vir die ervarings, wat tydens die studie ondersoek word, te verskaf. Polkinghorne (2005) stel ook dat data-insameling dien as die grond waarop bevindinge baseer word en dat dit dus belangrik is dat gepaste tegnieke vir die spesifieke navorsingstudie effektief toegepas word, ten einde waardevolle bevindinge te verseker.

Ritchie (2003) dui aan dat daar verskeie metodes/tegnieke is wanneer dit kom by die data-insameling van ‘n kwalitatiewe navorsingstudie, naamlik observasie, invul van vraelyste, opnames, dokumentêre analise, groepbesprekings (fokusgroepe), en onderhoude. Genoemde outeur brei uit dat onderhoude en groepbesprekings die hooftegnieke vir die insameling van kwalitatiewe navorsing is.

Volgens Cohen, Manion en Morrison (2007) is die onderhoud ‘n kenmerkende navorsingstegniek wat belangrike doeleindes dien en die navorser die geleentheid bied om toegang tot die deelnemers se denkwyses, ervarings en belewenisse te verkry. Nieuwenhuis (2016) stel dat hierdie geleentheid gebied word tydens ‘n tweerigting-gesprek tussen die onderhoudvoerder en die deelnemers, waartydens die ondervoerder vrae aan die deelnemers rig, wat hulle dan moet beantwoord. Vir hierdie studie sal die onderhoud dus as hooftegniek vir data-insameling gebruik word, om sodoende direkte toegang tot die deelnemers se belewenisse te hê.

Die onderhoude is semi-gestruktureerd van aard, en bestaan uit ‘n afdeling vir biografiese inligting en 10 vaste vrae, waarop uitbreiding en aanpassing moontlik is. Volgens Fylan (2005)

verwys hierdie tegniek na ‘n gesprek waarin die navorser weet waaroor hy/sy inligting wil bekom en daar dus alreeds vaste vrae bestaan, maar waar uitbreiding op hierdie vrae moontlik is. Dit is dus ‘n buigsame tegniek, waar aanpassings tydens die onderhoud mag plaasvind. Hierdie tegniek laat die deelnemers toe om hulle gevoelens te deel, en aangesien verskillende mense verskillende belewenisse het, sal ‘n verteenwoordigende beeld van die algemene onderwerp na vore kom wanneer hierdie onderhoude met al die deelnemers gevoer word. Ek sal met die huisouers, as onafhanklike persone, van elke betrokke koshuis reël vir ‘n gemaklike en private vertrek waarin die onderhoude afsonderlik en privaat kan plaasvind. Hiermee het ek as navorser verseker dat die genoemde vertrek ‘n gemaklike, beskutte en private atmosfeer het. Die onderhoude wat dan met die deelnemers gevoer word, sal met ‘n bandopnemer opgeneem word om effektiwiteit te verseker. Om privaatheid en vertroulikheid te verseker, was hierdie opnames dadelik na ‘n hardeskyf op rekenaar oorgedra word, waar dit met ‘n wagwoord – wat net die navorsers ken – beskerm word. Na ‘n tydperk van 7 jaar, sal hierdie data dan finaal van die hardeskyf verwyder word.

Ek het verseker dat elke onderhoud op ‘n etiese korrekte wyse plaasvind, deur seker te maak dat daar reëlings vir die teenwoordigheid van sielkundige bystand in die nabye omtrek getref word, indien ‘n deelnemer daarmee sukkel om die trauma te herleef. Ek het ook verseker dat die sielkundige bewus is van wat die studie behels, asook die streng vertroulikheidsaspek verbonde aan die studie. Daar was ook verseker word dat die sielkundige ‘n vertroulikheidsvorm teken. Hierdie persoon was ook oor die studie, en die vertroulikheidsaspek, ingelig en daar was ook van haar verwag om ‘n vertroulikheidsvorm te teken. Die sielkundige was wel nie tydens die individuele onderhoude teenwoordig wees nie, maar slegs in die nabye omtrek.

Cohen *et al*. (2007) verwys na die vraelys as ’n bruikbare instrument om inligting in te samel, aangesien dit gestruktureerde data verskaf, sonder die deelnemer se teenwoordigheid toegepas kan word en redelik eenvoudig is om te analiseer. Vir hierdie navorsingstudie word die vraelys as ‘n bykomende data-insamelingstegniek gebruik om op ‘n gestruktureerde wyse ‘n wyer perspektief te verkry en sodoende ook die studie te trianguleer.

Die hooftema van kampusonrus en die invloed wat dit op eerstejaarkoshuisstudente se psiogososiale- en akademiese ontwikkeling het, sou oorkoepelend voorkom in die vraelys. Die vraelys sou gestruktureerd wees en uit vaste vrae, wat met die hooftema verband hou, bestaan. Vir hierdie studie gaan die vraelys uit 6 oop-einde vaste vrae bestaan, waar die deelnemers die kans sal kry om uit te brei oor hulle belewenisse aangaande die moontlike invloed wat kampusonrus op eerstejaarkoshuisstudente kan hê. Die vraelys sou dus nie baie uitgebreid of kompleks wees nie, aangesien dit hoofsaaklik as bykomende tegniek vir

triangulasie gebruik gaan word, en sodoende om ‘n algemene idee te kry oor wat die algemene belewenis rondom die hooftema en algemene onderwerp is. Daar sou wel noodlynnommers op die vraelys beskikbaar wees, indien die vrae ‘n hertraumatiseringseffek vir sommige deelnemers mag hê, en hulle die behoefte kry om nooddienste te skakel.

4.4.3 Data-analise en -interpretasie

Ritchie (2003) stel dat die analisering van kwalitatiewe data nie spesifieke opeenvolgende stappe, reëls of prosedures volg nie, maar eerder ‘n deurlopende, herhalende en interaktiewe proses behels. Die data kan dus volgens sistematiese stappe geanaliseer word, maar met kwalitatiewe navorsing is hierdie stappe dan interaktief en kan met mekaar oorvleuel.

Vir hierdie navorsingstudie was inhoudsanalise gebruik om die data te analiseer. Nieuwenhuis (2016) stel dat inhoudsanalise die gebruik van ‘n tegniek is wat die navorser in staat stel om objektief en sistematies spesifieke eienskappe of temas vanuit die data te identifiseer, en dan afleidings daaroor te maak. Elo en Kyngäs (2008) sluit hierby aan deur inhoudsanalise te beskryf as ‘n navorsingsmetode wat gebruik word om geldige afleidings binne die konteks van ‘n spesifieke verskynsel te maak, met die doel om nuwe insig, kennis en idees vir moontlike oplossings of verbeteringe voort te bring.

Volgens Elo en Kyngäs (2008) kan inhoudsanalise op ‘n induktiewe of deduktiewe wyse gebruik word. Vir hierdie studie was dit op ‘n induktiewe wyse gebruik, omdat ek as navorser daarna mik om vanaf die spesifieke na die algemene te beweeg wanneer die data geanaliseer word. Sodoende, volgens Chinn en Kramer (1999), kan die navorser spesifieke gevalle waarneem, wat dan saamgevoeg kan word om ‘n groter stelling as ‘n geheel te vorm.

Volgens Hsieh en Shannon (2005) fokus inhoudsanalise op die belangrikheid van taal as kommunikasiemiddel, en die inhoud wat dit behels, wanneer ‘n spesifieke teks se inhoud as data geanaliseer word. Soos reeds genoem, sou individuele semi-gestruktureerde onderhoude en die invul van vraelyste vir hierdie studie se data-insameling gebruik word, en dus sou hierdie onderhoude en die vraelyste die teks wees wat geanaliseer gaan word. Verder dui genoemde outeurs aan dat inhoudsanalise oor meer as net die bestudering van die teks tydens kommunikasie gaan, maar dat dit daarop gemik is om algemene temas vanuit die deelnemers se opinies, tydens kommunikasie, te identifiseer en sodoende dan kennis en begrip van die verskynsel wat bestudeer word, te verkry.

4.4.3.1 Individuele onderhoude

Nadat die individuele onderhoude uitgevoer en met ‘n bandopnemer opgeneem is, sal dit volledig deur ‘n onafhanklike persoon, met transkripsie-ervaring, getranskribeer word – wat

natuurlik bereid sal wees om aan die streng verstroulikheidsooreenkoms te voldoen. Daarna sal die formele analise van temas plaasvind. Hierdie proses sal volgens sekere sistematiese stappe, soos voorgestel deur Braun en Clarke (2006), plaasvind. Soos reeds genoem, is hierdie stappe interaktief en kan hulle oorvleuel.

- **Stap een: Raak vertroud met die data**
  Hier gaan die onderhoude eerstens volledig getranskribeer word, waarna die navorser hierdie transkriberings lees en herlees terwyl sy na die opnames op die bandopnemer luister. As navorser sal ek dan notas van enige idees en/of opmerkings neem. Met hierdie stap sal ek verseker dat ek ‘n omvattende verstaan van die interaksies se inhoud het, en heeltemal vertroud is met alle aspekte van die data.
- **Stap twee: Generering van kodes**
  Ek sal ook begin om voorlopige kodes, wat enige interessante of waardevolle eienskappe van die data bevat, te identifiseer. Hierdie kodes sal ‘n aanduiding wees van wat die konteks van die gesprek tydens die onderhoude behels.
- **Stap drie: Soek vir temas**
  By hierdie stap begin die interpretatiewe analise van die kodes, wat saamgestel is by stap twee. Relevante data uittreksels word volgens oorhoofse temas georganiseer en ingedeel. Hier moet die verhouding tussen die kodes, sub-temas en temas binne die navorser se denkproses duidelik voorkom.
- **Stap vier: Hersien temas**
  Die geïdentifiseerde temas word hersien, waar ek as navorser besluit watter temas saamgevoeg, geskei, of verfyn gaan word, en van watter aanvanklike temas ontslae geraak moet word. Ek sal ook verseker dat die temas altesaam samehangend is, maar nog steeds duidelik tussen die temas onderskei kan word. By hierdie stap sal ek dan ‘n tematiese “kaart” skep.
- **Stap vyf: Definieer en benoem temas**
  By hierdie stap het ek as navorser die temas en moontlike sub-temas vanuit die data verfyn en gedefinieer. Name en definisies, wat die kern van elke tema op ‘n bondige en kragtige wys vasvang, sal aan die temas voorsien word. Dit is belangrik dat ‘n eenvormige, samehangende storie van die data hier na vore kom, en as navorser sal ek verseker dat dit so gebeur.
- **Stap ses: Verslaglewering**
  By hierdie finale stap, het ek my analise getransformeer en in ‘n duidelike skryfstuk omskep, wat sterk met die temas, navorsingsvraag en literatuuroorsig verband hou. Ek as navorser sal verseker dat die verslag meer as net ‘n beskrywing van die temas is, en eerder ‘n volledige analise, wat deur empiriese bewyse ondersteun word en die

navorsingsvraag aanspreek, uitbeeld. Hiermee sal ek kan verseker dat die leser oortuig word van die analise se geldigheid.

4.4.3.2 Vraelyste

Nadat die vraelyste ingevul en deur my deurgelees en notas geneem is, sal die formele kodering en analise van temas plaasvind.

Soortgelyk aan die laasgenoemde stappe, sal hierdie proses ook volgens sistematiese stappe, soos voorgestel deur Creswell (2014), plaasvind:

- **Organisering van data:**
  ’n Raamwerk word ontwerp waarvolgens patrone in die deelnemers se response geïdentifiseer kan word.
- **Lees en maak van aantekeninge:**
  Alle inligting word deurlopend gelees en deur kantaantekeninge met voorlopige kodes aangevul.
- **Beskrywing:**
  Die geval word volledig binne die spesifieke konteks beskryf.
- **Klassifisering:**
  Kategoriese onderverdeling word gebruik om temas en patrone te identifiseer en sodoende in kategorieë te plaas.

Hierna sal die studieleiers sowel as ‘n derde, onafhanklike kollega, met ‘n MEd in Opvoedkundige Sielkunde, gevra word om die gesigs- en inhoudsgeldigheid van die kwalitatiewe vraelys noukeurig te bestudeer. Hierdie kollegas sal ook gevra word om te verseker dat die vraelys betroubaar is.

4.5 Rol van die navorser

Babbie en Mouton (2007) stel dat die navorser, in sy/haar interaksie met die deelnemers, self die primêre navorsingsinstrument word. Aangesien ek as navorser van hierdie navorsingstudie belangstel in die deelnemers se belewenisse oor die invloed van kampusonrus, sal ek tydens hierdie kwalitatiewe navorsingstudie, op ‘n interpretivistiese wyse, deur middel van onderhoude en vraelyste met die deelnemers, data omtrent hierdie verskynsel bekom. As navorser word ek dus die instrument waardeur die deelnemers, tydens interaksie in die onderhoude, hulle belewenisse oor die invloed van kampusonrus deel.

In die verstaan van die deelnemers se gevoel van sekuriteit, behoort ek as navorser, volgens Rossouw (2010), subjektiwiteit tydens die navorsingsproses te erken en te verklaar. Hiermee onderneem ek dus om tydens die navorsingsproses ten alle tye subjektiwiteit te erken. Ek

onderneem ook om tydens die onderhoude subjektiwiteit te verklaar en slegs as instrument, waardeur die deelnemers hulle belewenisse kan uitdruk, te dien.

As navorser onderneem ek ook dat die deelnemers se identiteit tydens die navorsing anoniem sal bly en dat al die data, en die terugvoer daarvan, met vertroulikheid hanteer sal word. Aan die einde van die navorsingstudie sal ek aan elke deelnemer wat dit versoek, 'n afdruk van die navorsingsbevindinge verskaf. Die deelnemers sal die kans kry om aan te dui of hulle na die navorsingstudie voltooi is, 'n kortlikse opsomming van die bevindinge sal wil ontvang. Ek sal dan nadat die verslag voltooi en gemerk is, en die finale kommentaar ontvang is, dit dan aan die deelnemers deur middel van e-pos stuur.

4.6 Geldigheid en betroubaarheid van die studie

Volgens Creswell (2014) behels kwalitatiewe geldigheid die proses waardeur 'n navorser, met die toepassing van verskillende prosedures, kontroleer of die navorsingsbevindinge akkuraat is en of die data-insamelingstegniek meet wat dit veronderstel is om te meet. Verder stel genoemde outeur verskeie strategieë vir die versekering van geldigheid voor:

- Trianguleer verskillende bronne van data, deur die bewyse deeglik te ondersoek, en gebruik dit dan om 'n samehangende motivering vir die temas, wat die navorser geïdentifiseer het, voor te dien.
- Bepaal die akkuraatheid van die bevindinge deur by die deelnemers vas te stel of die spesifieke beskrywings, die temas en die finale verslag, volgens hulle, akkuraat is. Dit kan deur middel van opvolg-onderhoude uitgevoer word, waar die deelnemers dan 'n kans kry om kommentaar te lewer op die bevindinge.
- Verseker dat die bevindinge deur middel van 'n ryk en duidelike beskrywing oorgedra word. Hier moet daar dus klem gelê word op fyn besonderhede.
- Maak dit duidelik watter moontlike vooroordeel die navorser moontlik na die studie kan bring dui. Die navorser moet dus self-refleksie toepas en sodoende 'n oop en eerlike "skrywer-leser-verhouding" te verseker. Refleksie is 'n belangrike eienskap van kwalitatiewe navorsing.
- Aangesien realiteit uit verskillende belewenisse en perspektiewe bestaan, en nie noodwendig saamsmelt nie, is dit belangrik dat negatiewe inligting wat met die temas kontrasteer, nog steeds bespreek word – dit sal bydra tot die geloofwaardigheid van die studie.
- Ten einde 'n in-diepte begrip van die verskynsel, sentraal tot die studie, te ontwikkel, is dit belangrik dat die navorser vir 'n lang tydperk tyd aan die studie spandeer. Hoe meer ervaring die navorser met die deelnemers in hulle omgewings opdoen, hoe meer akkuraat en geldig sal die bevindinge wees.

- Verseker dat daar ‘n samewerkende band tussen die deelnemers en die navorser is. Om die akkuraatheid van die studie te bevorder, kan die navorser dus die deelnemers by die studie betrek en kans gee om aktief betrokke te wees by die studie. Sodoende kan deelnemers hulle insette omtrent die studie lug, en in ‘n minder formele hoedanigheid as mede-navorsers optree. Hierdie sal my as navorser help om objektiwiteit te verseker, en dus ook te verseker dat die studie by ander mense aanklank vind.
- Maak gebruik van ‘n eksterne persoon om die hele navorsingsprojek deur te werk en te evalueer en hersien. Dit is belangrik dat hierdie persoon niks met my as navorser of die projek te doen het nie, sodat ‘n objektiewe assessering plaas kan vind.

As navorser neem ek hierdie strategieë in ag en onderneem om gedurende die navorsingsproses daarvan gebruik te maak.

Kwalitatiewe betroubaarheid word deur Gibbs (2007) gedefinieer as die navorsingsbenadering se konsekwentheid regoor verskillende navorsers en navorsingsprojekte. Gibbs (2007) stel verskeie prosedures vir die versekering van betroubaarheid voor:

- Maak seker dat die transkripsies reg is, en dat daar nie foute tydens die transkripsie plaasgevind het nie.
- Maak seker dat daar tydens die proses van kodering nie ‘n verskuiwing in die betekenis van die kodes voorgekom het nie.
- Vir span-navorsing is dit nodig om, deur middel van gedokumenteerde vergaderings en die deel van die analise, die kommunikasie tussen die kodeerders te koördineer.
- Die vergelyking van resultate wat onafhanklik afgelei is, sodat kruis-kontrole kodes deur verskillende navorsers ontwikkel kan word.

As navorser neem ek hierdie prosedures in ag en onderneem om gedurende die navorsingsproses daarvan gebruik maak.

4.7 Etiese oorwegings

Wanneer navorsing onderneem word, is etiese oorwegings van kardinale belang, en is dit die navorser se verantwoordelikheid om eties korrek op te tree en die deelnemers se regte en welstand te beskerm. Verder is dit ook belangrik dat die universiteite se identiteite nie openbaar gemaak sal word deur die navorsing nie.

Verder sal die navorsingstudie aan die hand van die volgende etiese oorwegings uitgevoer sal word:

4.7.1 Etiese oorwegings wat op die deelnemers betrekking het

Die etiese voorwaardes en riglyne wat betrekking op die deelnemers het:

- Ingeligte toestemming:

  As navorser sal ek verseker dat ingeligte toestemming van al die deelnemers verkry word. Soos meer volledig in par. 7 onder 6.3.1.2 bespreek, was die derdejaarkoshuisstudente (wat eerstejaars in 2016 was) deur die huisouer(s) van die koshuis bewus gemaak van wat die studie alles behels, asook die belangrikheid van vertroulikheid. Hierdie deelnemers sal dan in die teenwoordigheid van hierdie huisouer(s), as onafhanklike(s), die toestemmingsvorm (verwys na Bylaag I) teken. Soos in par. 9 onder 6.3.1.2 bespreek, sal bogenoemde studente se ouers elektronies ingeligte toestemming gee, nadat die navorser die studie en vertroulikheidsaspek daarvan telefonies of elektronies met hulle bespreek het. Die toestemmingsvorm sou aan die begin van vraelys aangeheg wees en hierdie deelnemers sou eers op die blokkie moet kliek voordat hulle by die vraelys kan uitkom.
- Vrywillige deelname:

  Ek sal verseker dat al die deelnemers deeglik ingelig is dat hulle deelname vrywillig is.
- Ontrekking van deelname sonder moontlikheid van benadeling:

  Al die deelnemers was, voordat hulle ingeligte toestemming gegee het, duidelik ingelig word dat hulle deelname vrywillig is en dat hulle enige tyd sonder opgaaf van redes kan onttrek en dat dit nie teen hulle gehou sal word nie.
- Respek vir privaatheid van deelnemers en vertroulikheid van inligting:

  Soos in par. 2 onder 6.3.1.2 bespreek, sal ek die beskerming van die deelnemers se persoonlike inligting verseker, deur te verseker dat die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (4 van 2013) nagekom word. Hierdie wet verseker ook dat individue sekere regte in terme van persoonlike inligting het, wat beskerm moet word. Die deelnemers sal ook deeglik in kennis gestel word van die kardinale belang wat vertroulikheid in die studie dra en alhoewel anonimiteit nie ten volle verseker kan word nie, sal ek verseker dat alle inligting privaat en vertroulik gehou word.
- Moontlike risiko's van deelname van deelnemers en hoe hulle teen hierdie risiko's beskerm sal word:

  Die eerstejaarkoshuisstudente van 2016 kan die volgende risiko's in die gesig staar, maar met elke risiko sal ek as navorser verseker dat hulle hierteen beskerm word.
  - Hulle kan moontlik traumatiese ervaringe herleef. As die navorser, wat self 'n geregistreerde berader is, sal ek die situasie wel eerstens kalm en versigtig hanteer. Daar sal dan ook 'n sielkundige op bystand wees, wat die deelnemer(s) sal help indien dit sou nodig wees.

- Wanneer ek en die deelnemer sensitiewe sake bespreek, kan die deelnemer emosioneel onsteld raak teenoor die navorser. Die sielkundige wat op bystand was, sou dan intree en die deelnemer bystaan, en sy/haar emosies hanteer. Die deelnemer sal ook dan herinner word dat hy/sy nie verder aan die navorsing hoef deel te neem as hy/sy ongemaklik voel nie.
- Algehele privaatheid en anonimiteit kan nie tydens die individuele onderhoude verseker word nie. Die navorser sal aan die begin van elke individuele onderhoud vir almal betrokke herinner van die streng vertroulikheid verbonde aan hierdie studie, en dat hul alle inligting vertroulik moet hanteer.
- Die deelnemer se vrye tyd sal vereis word. Elke deelnemer sal egter ‘n blyk van dankbaarheid en waardering, in die vorm van ‘n dankbaarheidsbrief en sjokolade, ontvang.

Die ouers van die bogenoemde studente kan die volgende risiko’s in die gesig staar, maar as navorser sal ek verseker dat hulle teen elkeen beskerm word.

- Die ouer kan moontlik emosioneel ontsteld raak met die herlewing van die trauma wat sy/haar kind ervaar het. Daar sal egter noodnommers op die vraelys beskikbaar wees vir wanneer die ouer sielkundige of emosionele bystand sou benodig.
- Vereis van die ouer se vrye tyd. Elke ouer sal ook ‘n blyk van dankbaarheid en waardering, in die vorm van ‘n dankbaarheidsbrief en ‘n sjokoldae, ontvang.

- <u>Moontlike voordele van deelname vir deelnemers (direk/indirek):</u>
  Daar is geen direkte voordeel vir die deelnemers nie. Hulle sal wel indirek voordeel daaruit trek deur ‘n kans te kry om emosionele gevoelens te deel en te praat oor die moontlike traumatiese belewenisse. Die deelnemers sal ook meer kennis oor kampusonrus, as ‘n buitengwone stressor, opdoen, sowel kennis oor die invloed wat dit op hul psigososiale en akademiese ontwikkeling kan hê.
- <u>Risiko’s vs. voordele van die studie:</u>
  Alhoewel daar nie direkte voordele is nie, oortref die voordele steeds die risiko’s, aangesien elke risiko effektief hanteer sal word en daar nogsteeds indirekte voordele sal wees.
- <u>Beskerming van die identiteite van die onderskeie universiteite:</u>
  Die identiteite van die onderskeie drie universiteite sal beskerm word, deur nie hulle name of identiteite tydens die navorsingsproses duidelik te maak, of in die eindresultate of die verslag te noem nie.
- <u>Bewaring van ingesamelde data:</u>

Die data sal vir sewe jaar binne die studieleier se kantoor veilig gestoor en toegesluit word. Die elektroniese weergawe sal op ‘n hardeskyf in die studieleiers se kantoor, met ‘n wagwoord, beskerm word. Na die sewe jaar tydperk, sal die hardekopie data versnipper word en die elektroniese weergawe sal finaal van die rekenaar verwyder word.

- Geen vergoeding van die deelnemers sal plaasvind nie:
  Die deelnemers sal nie vergoed word nie, aangesien ek as navorser nie die nodige finansiële steun daarvoor het nie, en dit ook nie nodig sal wees om hulle terug te betaal vir iets nie. Hulle sal wel net ‘n blyk van waardering, in die vorm van ‘n dankbaarheidsbrief en ‘n sjokolade ontvang.

4.7.2 Etiese magtiging

- Die navorsingsvoorstel sal aan die MEd en Phd Komitee van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe voorgelê word vir oorweging en goedkeuring.
- Na die goedkeuring van die navorsingsvoorstel sal ‘n navorsingsetiekaansoek voorgelê word aan die HREC komitee van die NWU vir evaluasie en magtiging.
- Daarna sal toestemming van die hekwagters van die onderskeie universiteite gevra word, sodat studente van die universiteite aan die navorsing kan deelneem.

4.8 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die navorsingsproses wat in hierdie navorsingstudie gevolg word uiteengesit en bespreek. Eerstens was die interpretivistiese navorsingsparadigma bespreek, waarna ‘n bespreking van die kwalitatiewe fenomenologiese navorsingsontwerp gevolg het. Daarna het ek as navorser die metodologie van die studie bespreek, waarin daar op die proses van steekproefneming, data-insameling en data-analise gefokus is. Die rol van die navorser, as primêre instrument van data-insameling, is ook bespreek. Ter afsluiting van die hoofstuk was die etiese kwessies, waaraan die studie moet voldoen, uiteengesit en verken. As navorser het ek hierdie navorsingsmetodologie gevolg om ten einde ‘n suksesvolle, betroubare studie te verseker. In die volgende hoofstuk, Hoofstuk 5, gaan die bevindinge van die navorsing bespreek word.

Hoofstuk 5: Bevindinge

5.1 Inleiding

Die doelwit van hierdie studie was om die persepsies van eerstejaarkoshuisstudente oor die invloed wat kampusonrus, as buitengewone stressor, op hulle psigososiale en akademiese ontwikkeling het, te ondersoek. Ten einde hierdie doelwit te bereik, het ek in die studie ondersoek ingestel na die deelnemers se begrip van die volgende konsepte: buitengewone stres; kampusonrus en die voorkoms daarvan op Suid-Afrikaanse universiteitskampusse; psigososiale en akademiese ontwikkeling en die invloed wat kampusonrus daarop het; die uitdagings wat buitengewone stres en kampusonrus op ‘n universiteitskampus voortbring; en die invloed wat die buitengewone stressor, kampusonrus, op eerstejaarkoshuisstudente het.

As navorser het ek verwag dat hierdie ondersoek ‘n beter begrip van die moontlike negatiewe invloede wat kampusonrus op eerstejaarstudente – wat reeds ‘n groot mate van stressors in die gesig staar – kan hê, en sodoende ook op Suid-Afrikaanse universiteitskampusse as geheel, sal verskaf.

Vervolgens sal die bevindinge van die studie in hierdie hoofstuk beskryf, bespreek en ontleed word. Daar sal ook ‘n integrering van empiriese inligting met die literatuurstudie van hierdie navorsing gevolg word. Die hoofstuk sal dan met ‘n samevatting afgesluit word.

5.2 Beskrywing van temas soos ontleen aan die data

Tydens die empiriese ondersoek van hierdie navorsingstudie het ek, as navorser, van semi-gestruktureerde onderhoude as die data-insamelingsinstrument gebruik gemaak. Hierdie onderhoud was gemik op studente wat in 2016 eerstejaarkoshuisstudente was.

Om die studie te trianguleer, het ek aanvanklik beoog om deur middel van elektroniese vraelyste die belewenisse van bogenoemde studente se ouers vas te stel. Soos reeds genoem, het ek egter geen terugvoer hierop ontvang nie en het dit ‘n mate van vertraging in my werkstempo veroorsaak. Daar is dus teen die gebruik en steekproef van ouers, as bykomende deelnemers, in die studie besluit, en dus is hierdie data-insamelingstegniek nie gebruik nie.

Die hoofinsamelingsinstrument, die semi-gestruktureerde onderhoud, het uit ‘n afdeling vir biografiese inligting en 10 vaste vrae bestaan, waarop uitbreiding en aanpassing moontlik was. Die reaksies op hierdie vrae gaan vraag-vir-vraag uiteengesit en ontleed word.

5.2.1 Inligting van deelnemers

Tabel 5.1: Deelnemerinligting

Deelnemers	Kampusse	Geslag
Deelnemer 1	Kampus 1	Manlik
Deelnemer 2	Kampus 1	Manlik
Deelnemer 3	Kampus 1	Manlik
Deelnemer 4	Kampus 1	Manlik
Deelnemer 5	Kampus 1	Vroulik
Deelnemer 6	Kampus 1	Vroulik
Deelnemer 7	Kampus 1	Vroulik
Deelnemer 8	Kampus 1	Vroulik
Deelnemer 9	Kampus 2	Manlik
Deelnemer 10	Kampus 2	Manlik
Deelnemer 11	Kampus 2	Manlik
Deelnemer 12	Kampus 2	Vroulik
Deelnemer 13	Kampus 2	Vroulik
Deelnemer 14	Kampus 2	Vroulik
Deelnemer 15	Kampus 3	Manlik
Deelnemer 16	Kampus 3	Manlik
Deelnemer 17	Kampus 3	Vroulik
Deelnemer 18	Kampus 3	Vroulik

5.2.2 Die volgende vrae is vir deelnemers gedurende die onderhoude gevra:

Vraag 1

Was dit deel van jou plan om deel van ‘n kampuskoshuis te vorm? Hoe het dit gebeur dat jy deel van die kampuskoshuis gevorm het?

Vraag 2

Geniet jy die koshuislewe? Wat was vir jou die grootste uitdaging as ‘n eerstejaarkoshuisstudent?

Vraag 3

Watter stressors, sou jy sê, het stres in jou eerste jaar veroorsaak? Hoe het jy dan hierdie stres hanteer?

Vraag 4

Watter invloed het stres al op jou kognitiewe vermoë gehad, en watter invloed het stres al op jou akademiese prestasie gehad?

Vraag 5

Sou jy sê daar is koshuisverwante faktore wat ‘n invloed op jou kognitiewe-, emosionele- en/of sosiale ontwikkeling (gehad) het? Spesifiseer en brei uit.

Vraag 6

Het jy in die jaar 2016, toe jy ‘n eerstejaar was, enige kampusonrus op jou kampus ervaar? Watter belewenisse het jy hiervan? Verduidelik en brei uit.

Vraag 7

Het kampusonrus al stres by jou veroorsaak of met jou akademiese tyd ingemeng? In terme van wat en tot watter mate?

Vraag 8

Het kampusonrus jou al in ‘n emosionele toestand gelaat? Verduidelik.

Vraag 9

Dink jy kampusonrus kan effektief wees, en werklik positiewe, ontwikkelende gevolge hê?

Vraag 10

Sal jy toekomstige eerstejaarstudente aanmoedig om by ‘n Suid-Afrikaanse universiteit aan te sluit en aan ‘n kampuskoshuis te behoort? Hoekom of hoekom nie?

Elkeen van hierdie vrae gaan weer uiteengesit word, waaronder die deelnemers se reaksies op elke vraag, sowel as temas wat daaruit geïdentifiseer was, sal volg.

5.2.2.1 Deelnemers se plan om deel van kampuskoshuise te vorm

Vraag 1 aan deelnemers gedurende die onderhoud was soos volg:

Was dit deel van jou plan om deel van ‘n kampuskoshuis te vorm? Hoe het dit gebeur dat jy deel van die kampuskoshuis gevorm het? ***(Sien bylaag O)***

Hier volg van die deelnemers se verbatim aanhalings, in reaksie op die vraag:

> **D5K1:** *“Ja ek wou verseker deel gewees het, want ek wou in die koshuis wees om deel van die kampus te wees. Ek het gevoel dat as ek privaat of in ‘n dorpskoshuis gaan bly, gaan ek uit voel. So dit het vir my gevoel soos ‘n ‘safe zone’.*
>
> **D3K1:** *“Being part of a residence was my plan all along. When I applied I based my choice primarly on the residence.”*
>
> **D9K2:** *“In fact I was assisted by someone. I didn’t even have an idea of this kind of residence because I am from Joburg. Someone who was here from the place that I know did my application so I didn’t really get to see the different residences or cultures first.”*
>
> **D17K3:** *“Ja definitief, daar was geen twyfel dat ek in ‘n woonstel wou gebly het nie, ek wou graag koshuis toe gegaan het om die koshuislewe te ervaar en om meer vriende te maak.”*
>
> **D2K1:** *“Yes, I saw it as a means of convenience. Um, it’s inside the university, there is a library, computer labs... all the resources in one place. For me to stay off campus with travel expenses and having to leave campus early because of safety, I always thought it would be convenient to stay on campus.”*

Vanuit die reaksies van die deelnemers, is die volgende temas geïdentifiseer. Die meerderheid van die deelnemers het beplan om by ‘n kampuskoshuis aan te sluit, weens gerieflikheid en veiligheid, en hulle redes hiervoor was: 1) eerstehandse ondervinding van die studentelewe op kampus; 2) gerieflikheid in terme van afstand, veiligheid, akademie en finansies; 3) blootstelling aan sosiale interaksies.

Vanuit bogenoemde data, spruit die volgende bevindinge uit:

Die meerderheid van die deelnemers het dit belangrik geag om deel van ‘n kampuskoshuis te vorm. Hulle redes was hoofsaaklik om te verseker dat die aanpassing by ‘n nuwe leefstyl aansienlik makliker sal wees, aangesien dit ‘n veilige hawe sou bied. Die algehele gevoel was dat ‘n lewe op kampus ‘n eerstehandse ondervinding van die studentelewe sal bied, dinge sal

vergemaklik in terme van afstand na klasse, veiligheid, akademiese verpligtinge en finansiële vereistes. Daar was ook ‘n groot behoefte vir meer blootstelling aan sosiale interaksies en sosiale ontwikkeling, sowel as ‘n gevoel van “behoort” aan ‘n groep.

5.2.2.2 Die positiewe faktore en die uitdagings daarvan om deel van ‘n kampuskoshuis te wees

Vraag 2 aan deelnemers gedurende die onderhoud was soos volg:

Geniet jy die koshuislewe? Wat was vir jou die grootste uitdaging as ‘n eerstejaarkoshuisstudent? ***(Sien bylaag O)***

Hier volg van die deelnemers se verbatim aanhalings, as reaksie op die vraag:

> ***D4K1:*** *“Ah, dis vir my ongelooflik, dis vir my regtigwaar soos hierdie familie. Dit is, ons almal gee om vir mekaar, en ons is soos broers, jy weet, jy bly maar lief vir jou familie. Soos ek sê dis regitgwaar vir my soos ‘n groot ‘safe zone’, ek voel so tuis hierso.”*
>
> **D16K3:** *“’n Persoonlike uitdaging vir my was dat ek ouer was as die HK van ons koshuis, en ek kom van ‘n Engelse skool af, so die Afrikaans was aan die begin ‘n uitdaging. Die verskil in sosiale omgewing en mense se verskillende agtergronde en hulle plekke in die land. As jy hier kom moet almal maar aanpas, want nie almal is op dieselfde standaard nie.”*
>
> **D18K3:** *“Ek geniet die koshuislewe baie. Ek is nou al ‘n derdejaar, en al raak mens soms moeg vir van die goed, is ek nogsteeds baie dankbaar dat ek nog deel van die koshuis is. Vir my was die groot uitdaging om die balans te vind tussen my akademie en my sosiale lewe en die koshuisaktiwiteite. Op skool was daar altyd ‘n patroon en jy’t geweet jy doen akademie tussen 8 en 2 en daarna moet jy sport doen en dan het jy eers vrye tyd. Maar hierso het jy meer keuses en jou vrye tyd is meer en jy’t jou eie wil om klas by te woon...”*
>
> **D3K1:** *“Yes, residence life, I enjoy it a lot. But I must say that the residence has changed. It is no longer the same residence it was when I first came in. Now it is just a place to eat and sleep. It used to be more than that, I remember the conversations we had here, during tea-can. We would spend hours coversing and talk about general things like life but also academics. It was informative for me.”*

Meeste van die deelnemers het die koshuislewe geniet, alhoewel daar soms ‘n paar uitdagings was: 1) ‘n nuwe omgewing 2) akademiese verpligtinge met hoër werkslading 3) finansiële

stres en 4) om ‘n balans te vind tussen akademie, sosiale interaksies en die algehele aanpassing by ‘n nuwe omgewing.

Vanuit die bogenoemde data, spruit die volgende bevindinge:

Die meerderheid van die deelnemers het verduidelik dat hulle die koshuislewe as positief ervaar het, alhoewel daar steeds sekere uitdagings was. Die grootste uitdaging vir deelnemers was die aanpassing by ‘n nuwe omgewing. Eerstejaarkoshuisstudente word in ‘n kort tydperk aan ‘n totaal nuwe, onbekende omgewing met verskeie nuwe ervarings, blootgestel. Hierdie blootstelling lei dikwels tot ‘n mate van skok. Groot bydraende faktore tot hierdie skok, is die akademiese verpligtinge en hoër werkslading. Eerstejaarstudente kom pas uit die hoërskool, waar daar vaste struktuur en akademiese verwagtinge was. In die eerstejaar van universiteit is die studente skielik aan hulle eie genade oorgelaat en moet hulle aanpas by die hoër akademiese lading, en leer om akademies onafhanklik te wees. Dan ervaar van die studente finansiële stres ook, aangesien daar ‘n groot verwagting in terme van goeie akademiese prestasie is, om sodoende te verseker dat beurse volgehou kan word, of ouers se geld nie gemors word nie. Die studente- en koshuislewe hou verskeie nuwe uitdagings in, en om die balans tussen akademie, sosiale interaksies, finansiële vereistes en die algehele aanpassing by ‘n nuwe omgewing te kry, kan een van die grootste uitdagings vir eerstejaars wees. Die studente- en koshuislewe vereis dat studente ‘n balans tussen al hierdie verskeie uitdagings probeer kry, maar hierdie balans kan soms moeilik wees om te handhaaf.

5.2.2.3 Stressors en hoe deelnemers stres tydens hul eerstejaar ervaar het

Vraag 3 aan deelnemers gedurende die onderhoude was soos volg:

Watter stressors, sou jy sê, het stres in jou eerstejaar veroorsaak? Hoe het jy dan hierdie stres hanteer? ***(Sien bylaag O)***

Hier volg van die deelnemers se verbatim aanhalings, in reaksie op die vraag:

> **D12K2:** *“I will say getting financial support, that was the only stress I had.”*
>
> **D11K2:** *“My father told me that he was only paying for my first year so I had to get funding, I have to get funding for a five year degree. So these kind of stressors had an effect on me.”*
>
> **D9K2:** *“...since the first year I have been studying on a bursary so I have a certain criteria that I have to meet like academic excellence. I don’t have that luxury to afford to pay the fees for my own education.”*

D10K2: *"My academics was doing okay, because I was doing what I needed to do to sustain my bursary... This did cause me stress, because I didn't have any other way to pay my fees, so I had to make sure I did very well all the time."*

D1K1: *"Yes, funding stuff was a stress because I didn't have funding and was very unsure of what to do."*

Vanuit die reaksies van die deelnemers, het daar sekere tendense na vore gekom, en die navorser het dit soos volg geklassifiseer: Finansiële stres was die mees algemene en grootste stressor in die deelnemers se eerstejaar, en die redes hiervoor was: 1) om beurse, deur middel van goeie akademiese prestasie, te behou; 2) ouers wat net vir 'n sekere tydperk die finansiële kostes kan dek, en 3) studente wat self vir hulle studies moet betaal.

Vanuit bogenoemde data, spruit die volgende bevindinge:

Meeste van die deelnemers het finansiële stres as 'n stressor in hul eerstejaar geïdentifiseer. Universiteitskostes is oor die algemeen hoog, en die deelnemers het gedeel hoe hulle nog nie vantevore hierdie tipe finansiële druk ervaar het nie. Deelnemers het gedeel hoe hulle druk ervaar het om akademiese beurse te behou en dat dit 'n onbekende ervaring vir hulle was. Deelnemers was ook bewus daarvan dat hul ouers nie die volle universiteitsgelde kon bekostig nie en daardie onsekerheid het tot erge stres gelei. Van die deelnemers moes self ook verantwoordelikheid neem om hul studies te dek, en dit was uitdagend vir 'n eerstejaarstudent, wat reeds soveel ander uitdagings in die gesig staar.

5.2.2.4 Invloed van stres op kognitiewe vermoë en akademiese prestasie

Vraag 4 aan deelnemers gedurende die onderhoud was soos volg:

Watter invloed het stres al op jou kognitiewe vermoë gehad, en watter invloed het stres al op jou akademiese prestasie gehad? ***(Sien bylaag O)***

Hier volg van die deelnemers se verbatim aanhalings, in reaksie op die vraag:

D8K1: *"Sjoe! Weet jy, van die stres het gemaak dat ek nie genoeg aandag aan my vakke kon gee nie, so ek het nie al my vakke deurgekom nie."*

D9K2: *"The workload is not really something you are used to. You have to become more independent, so I think the work pressure was a lot. I really struggled academic wise. I had people I could talk to, who helped me from my residence."*

D15K3: *"Ja, ek is 'n angstige mens, ek is gediagnoseer met 'n algemene angsversteuring. Ek moes selfs my medikasie verander want die medikasie wat ek*

gehad het, het nie gewerk nie so ek het angstig geraak en stres gehad wat druk op my geplaas het want ek kon nie my volle andag aan akademie gee nie... Net om saam met pelle te gaan kuier of te sit en koffie drink, dan het ek ook van die stres so probeer verminder."

D17K3: *"Die stres daarvan om 'n balans tussen al die nuwe aktiwiteite, sowel as akademie te probeer kry, was nogal groot! Dis moeilik om skielik soos 'n grootmens te probeer dink. Jy's die enigste een wat die besluite kan neem en die balans kan kry, en dis stresvol. Ek het nogal gesukkel om akademies te presteer as gevolg hiervan. Ek het maar probeer priotiriseer. Ek het darem onderstening van my vriende in die koshuis gehad, wat gehelp het."*

Vanuit die reaksies van die deelnemers, blyk dit dat stres definitief 'n invloed op eerstejaarkoshuisstudente se akademiese vermoë en prestasie het. Die volgende tendense is geïdentifiseer: 1) die werkslading van universiteitsakademie is vir eerstejaars baie meer uitdagend as dié van hoërskool akademie 2) die druip van vakke as gevolg van stres, 3) om die balans tussen akademiese verpligtinge en ander aktiwiteite te handhaaf, veroorsaak stres en lei tot slegte prestasie, en 4) universiteitskoshuise speel 'n groot rol in die hantering van akademiese stres en ondersteuning.

Vanuit bogenoemde data, spruit die volgende bevindinge:

Deelnemers se kognitiewe vermoë was belemmer en bykomende akademiese angs is veroorsaak as gevolg van stres. Verskeie deelnemers het verklaar dat stres akademiese prestasie vir hulle baie moeiliker gemaak het en dat dit 'n uitdaging was om by te hou by die hoë akademiese werkslading. Die akademiese verpligtinge van universiteit was baie meer uitdagend as die akademiese verpligtinge van hoërskool, en van die deelnemers het van hulle vakke begin druip as gevolg van die stres. Van die deelnemers het ook gesukkel om die balans tussen alle aktiwiteite, verpligtinge en hulle akademie te handhaaf en dit het ook tot swak akademiese prestasie gelei. Alhoewel dit duidelik is dat stres wel 'n geweldige invloed op die deelnemers se akademiese prestasie gehad het, was dit ook duidelik dat meeste deelnemers die nodige ondersteuning by hulle kampuskoshuise gekry het. Meeste deelnemers het getuig van 'n tipe ondersteuning wat hulle by hulle onderskeie koshuise kon kry, hetsy dit koffie saam met koshuisvriende was of om met iemand, wat dieselfde uitdagings en kwessies in die gesig staar, te gesels.

5.2.2.5 Invloed van koshuisverwante faktore op kognitiewe, emosionele en/of sosiale ontwikkeling

Vraag 5 aan deelnemers gedurende die onderhoud was soos volg:

Sou jy sê daar is koshuisverwante faktore wat ‘n invloed op jou kognitiewe, emosionele en/of sosiale ontwikkeling (gehad) het? Spesifiseer en brei uit. ***(Sien bylaag O)***

Hier volg van die deelnemers se verbatim aanhalings, in reaksie op die vraag:

> **D7K1:** *“Sosiaal het dit ‘n baie positiewe invloed op my gehad. Jy leer hoe om anders te dink, jy leer hoe om met verskillende mense oor die weg te kom. En ek dink jy word aan soveel nuwe goed blootgestel dat jy absoluut positief ontwikkel, as ‘n individu. Emosioneel, dink ek het mens baie ontwikkel omdat mens baie volwassenheid gekry het, en geleer het om verantwoordelik te wees. Kognitief het ek self baie ontwikkel, aangesien ek meer blootstelling aan verskillende dinge en mense gekry het. En al die akademiese klasse en akademiese blootstelling speel ook ‘n groot rol in mens se kognitiewe ontwikkeling, al is stres gepaard daarmee.”*
>
> **D13K2:** *“Social development in a positive light because there is a lot going on in the residence and there are representatives who tell you to study unlike off campus where no one is really going to push that message. So you develop socially.”*
>
> **D5K1:** *“Ek dink positief ek het natuurlik geleer hoe om sekere konflik te kan hanteer. Ek het sosiaal positief ontwikkel, asook emosioneel. Mens leer om nie vas te sit in jou ou maniere nie, maar om aan te pas. Kognitief het ek ook positief ontwikkel, alhoewel die druk van akademie dit soms nogal moeilik gemaak het. Maar dit was dalk juis hierdie uitdaging wat my ontwikkeling gehelp het.”*
>
> **D14K2:** *“I got to make a lot of new friends which I still have up to this day. So the relationship is very strong, I got to know a lot of people and make new friends.”*

Vanuit die reaksies van die deelnemers, blyk dit dat die koshuislewe ‘n algemene positiewe invloed op eerstejaarstudente se kognitiewe-, emosionele- en/of sosiale ontwikkeling het. Die volgende temas is geïdentifiseer: 1) akademiese uitdagings lei tot kognitiewe ontwikkeling; 2) blootstelling aan verskillende tipe groepe en mense lei tot sosiale ontwikkeling, en 3) die aanpassing by hierdie verskillende groepe en mense lei tot emosionele ontwikkeling.

Vanuit bogenoemde data, spruit die volgende bevindinge:

Die algemene gevoel onder die deelnemers was dat die koshuislewe op universiteit ‘n algehele positiewe invloed op hul individuele ontwikkeling gehad het. Alhoewel die akademiese verpligtinge ‘n groot uitdaging was en ‘n groot mate van stres veroorsaak het, het hierdie uitdagings juis gelei tot die kognitiewe ontwikkeling van die studente. Die deelnemers deel dat al die akademiese stres die moeite werd was, aangesien hulle so uitgedaag word,

dat hulle kognitiewe vermoë met tyd versterk is. Al die deelnemers het die sosiale ervaring van koshuislewe as positief beskryf en dat daar goeie sosiale ontwikkeling plaasgevind het. Dit is genoem dat die sosiale ontwikkeling versterk word as gevolg van die blootstelling aan diversiteit, in terme van persoonlikhede, kulture en verskillende agtergronde van eerstejaarstudente, wat in universiteitskoshuise voorkom. Aangesien die eerstejaars dadelik deel van hulle koshuis vorm, moet hulle dadelik leer om aan te pas by hierdie nuwe omgewing. 'n Groot deel van hierdie omgewing is die ander studente in die koshuis, en dus word daar van eerstejaarkoshuisstudente verwag om aan te pas by die ander studente en hulle omgewing. Volgens die deelnemers het hierdie aanpassing hulle emosionele ontwikkeling versterk, aangesien hulle moes leer om met alle tipe persoonlikhede oor die weg te kom. Hierdie aanpassing het hulle gevolglik gehelp om onafhanklikheid en verantwoordelikheid aan te leer. Daar is dus 'n algehele positiewe gevoel oor die universiteitstruktuur en hoe dit die eerstejaarstudente gehelp het om as onafhanklike en verantwoordelike individue te ontwikkel.

5.2.2.6 Ervaring van kampusonrus as 'n eerstejaar in 'n kampuskoshuis

Vraag 6 aan deelnemers gedurende die onderhoud was soos volg:

Het jy in die jaar 2016, toe jy 'n eerstejaar was, enige kampusonrus op jou kampus ervaar? Watter belewenisse het jy hiervan? Verduidelik en brei uit. ***(Sien bylaag O)***

Hier volg van die deelnemers se verbatim aanhalings, as reaksie op die vraag:

> **D6K1:** *"People actually came to my residence you know. During the unrest, they actually came to the residence and there was a strike right here outside. Joh, if you looked out the window, people were striking and throwing stuff at us. Yeah, that sort of shakes you. It really gets your blood running and you are scared. We actually moved out the next day."*
>
> **D4K1:** *"Ek moes uit die koshuis gaan om myself te beskerm. Hulle het gesê dit is veiliger. Baie van die koshuise was aangeval en hierdie koshuis was in die middelpunt van daai protesaksie gewees."*
>
> **D1K1:** *"I experienced the #Feesmustfall strike and there was a lot of police involved. I went to the grocery store and when I came back there was police in the other residence. The police were looking for something and then I got shot through the whole commotion. I just walked past and then they shot me! In that period there was a lot of students getting shot, so I couldn't go to admin or something so I felt it was pointless because I wasn't protesting for any campaign."*

D2K1: *"Yeah, obviously there was the strike of #Feesmustfall and police coming to the residence. The police followed guys into the residence and arrested them. The first day when there was a fire on campus, I actually slept off campus that night and came back in the morning to get my stuff and then we were told to leave. Then we had to go home for a few weeks before we could come back. So when we came back, we didn't stay on campus, they booked us in some guesthouse like for two weeks and we had to stay there."*

D7K1: *"Dit is vreesaanjaend. Ek meen, daar is jy as 'n eerstejaar, en daar is mense daar buite wat met rubberkoeëls skiet. Jy is nog bang oor die nuwe lewe wat jy tans begin het, en nou stres jy oor gewelddadige aksies om jou. Nou beïnvloed dit jou sosiale en akademiese lewe. Jy weet nie of jou koshuis vanaand aan die brand gesteek gaan word nie, of jy môre klas toe kan gaan nie..."*

D18K3: *"Jy sit in daardie lokale en jy wonder of iemand gaan inbars en of jy veilig gaan wees, so dis nogal 'scary'. Dit is eerstens 'n universiteit en mens is hier om te studeer en nou stel hulle alles uit en dit maak dat jy meer stres."*

Vanuit die reaksies van die deelnemers, blyk dit dat meeste van die deelnemers kampusonrus eerstehands op hulle kampus ervaar het, en dat dit 'n groot mate van vrees by hulle veroorsaak het. Hierdie vrees is veroorsaak as gevolg van: 1) onveiligheid op kampus weens aggressiewe betogers; 2) polisie wat rubberkoeëls op kampus skiet om betogers te beheer, en 3) betogers wat onverwags by klasse inkom en klasse onderbreek

Vanuit bogenoemde data spruit die volgende bevindinge:

Eerstejaarkoshuisstudente het 'n bykomende stressor van vrees ervaar, as gevolg van onluste op universiteitskampusse. Die veiligheid van studente is in gedrang gebring, as gevolg van betogers wat aggressief en gewelddadig opgetree het. Hierdie gedrag van betogers het gelei tot polisie wat gewelddadig reageer met die skiet van rubberkoeëls, en dit het gelei tot die fisiese en emosionele skending van regte van onskuldige studente wat nie by die onluste betrokke was nie. Van hierdie studente moes ook hulle kampuskoshuise, wat as hulle veilige hawe gedien het, verlaat om enige onveilige gebeurtenisse op kampus te vermy, en dit het 'n groot mate van onrustigheid en stres veroorsaak. Betogers en polisielede het ook onverwags tydens klasse ingestorm, wat 'n geweldige negatiewe invloed op studente se akademiese tyd gehad het. Dit het ook veroorsaak dat klasse en assesserings uitgestel word, wat uiteraard meer stres by die studente veroorsaak het. By van die kampusse, waar betogers nie by klasse ingestorm het nie, het studente steeds daarvoor gevrees en het dit 'n bykomende stressor geraak.

5.2.2.7 Stres van kampusonrus en invloed op akademiese prestasie

Vraag 7 aan deelnemers gedurende die onderhoud was soos volg:

Het kampusonrus al stres by jou veroorsaak of met jou akademiese tyd ingemeng? In terme van wat en tot watter mate? ***(Sien bylaag O)***

Hier volg van die deelnemers se verbatim aanhalings, in reaksie op die vraag:

> **D18K3:** *"Definitief het kampusonrus ingemeng by my akademiese tyd, want ons eksamens was uitgestel. Persoonlik dink ek ook dit gooi jou nogal omver... ons het op 'n stadium nie geweet of ons gaan skryf of nie. Toe sê hulle, hulle gaan veiligheidsmaatreëls instel by die eksamenlokale maar dan stres mens nogsteeds. Jy sit in daardie lokale en jy wonder of iemand gaan inbars en of jy veilig gaan wees, so dis nogal 'scary'. Dit is eerstens 'n universiteit en mens is hier om te studeer en nou stel hulle alles uit en dit maak dat jy meer stres. Mens dink baie daaraan en almal praat daaroor so dit raak moeilik om aan jou akademie te dink of 100% te fokus."*
>
> **D5K1:** *"Ons het byvoorbeeld baie toetse gehad wat ons nie geweet het of dit gaan plaasvind of nie, want die stakings het alles deurmekaar gemaak. So, dan leer jy, maar in jou agterkop is jy nie eers gemotiveerd nie. Dit het nogal beïnvloed dat jy amper bang is om te gaan skryf, dan weet jy nie of as jy nie gaan skryf nie, gaan die toets 'actually' gemerk word. So dit was nogal 'chaos' gewees."*
>
> **D9K2:** *"I think it does have an effect on first year students, actually on everyone, but more on first years because it is something new for them. As a first year, when you miss out on so many classes, come back to campus, and then have to write exams it's a lot of pressure. First year students aren't used to working under such pressure. So I think it does affect a first year in a way and I think it also affects them psychologically too in a sense, the fighting and everything."*
>
> **D6K1:** *"Definitely yes because I ended up failing that one module, an accounting module. Because they practically squeezed one chapter that was its own textbook, that was eight chapters, squeezed that in one week. That really caught me and as a result I couldn't pass that module. So yeah, academically that was too much."*

Vanuit die reaksies van die deelnemers, blyk dit duidelik te wees dat kampusonrus 'n groot mate van stres veroorsaak het, en 'n groot invloed op die deelnemers se akademiese tyd en prestasie gehad het. Die volgende tendense is geïdentifiseer: 1) aanpassing van akademiese roosters; 2) uitstel van assesserings; 3) angs tydens klasse, en 4) ekstra stres lei tot druip van vakke.

Vanuit bogenoemde tendense, spruit die volgende bevindinge:

Kampusonrus het duidelik ‘n merkbare effek op deelnemers se akademiese tyd gehad; veral in terme van voorbereiding vir assesserings en eksamens. Ten einde voorsorg te tref dat studente en personeel veilig is, moes universiteitskampusse die akademiese rooster so aanpas dat die studente en personeel nie op moontlike onveilige tye op kampus is nie. Dit het erge verwarring onder studente veroorsaak. Eerstejaarstudente het uiteraard nog meer daarmee gesukkel, aangesien hulle reeds verwarring met hulle nuwe leefstyl op kampus ervaar het. Deelnemers het ook getuig van assesserings wat uitgestel moes word weens kampusonrus en moontlike onveiligheid, wat ‘n groot mate van stres veroorsaak het. Sommige van die deelnemers het ook genoem van die angs wat hulle tydens klasse ervaar het, as gevolg van die vrees dat die betogers moontlik die klasse sou instorm. Dit was duidelik dat akademiese voorbereiding reeds, sonder enige kampusonrus, ‘n groot uitdaging vir eerstejaarstudente was, en daarom het kampusonrus meer druk en stres onder die eerstejaarstudente veroorsaak. Koshuisinwoners het die protesaksie veral ervaar weens die ligging van kampuskoshuise wat op universiteitsgronde geleë is. Dit het dus bygedra daartoe dat akademiese tyd beïnvloed is, omdat koshuisstudente nie ‘n ander ligging of opsie gehad het vir akademiese tyd nie. Van die deelnemers het ook genoem van vakke wat hulle gedruip het weens hierdie verwarring met die roosterveranderinge, die voortdurende angs en die uitstel van assesserings.

5.2.2.8 Kampusonrus se impak op deelnemers se emosionele toestand

Vraag 8 aan deelnemers gedurende die onderhoud was soos volg:

Het kampusonrus jou al in ‘n emosionele toestand gelaat? Verduidelik. ***(Sien bylaag O)***

Hier volg van die deelnemers se verbatim aanhalings, in reaksie op die vraag:

> **D3K1:** *“Yeah I can say that because you would walk around and then you don’t know what to do because there was this other guy and he came straight to us, carrying a gun. So there were people like this and they were striking and there was also rubber bullets from the police so it was very traumatizing.”*
>
> **D2K1:** *“Uhm, for me, yes because I sat there thinking to myself that I didn’t know students were this violent in a way. I don’t like seeing fighting and everything. I believe throughout the protests, management and students could’ve found a better way to solve everything. I had mixed feelings of anger because everything was so confusing.”*
>
> **D1K1:** *“It was a bit disturbing to see students run for their lives and not know what’s going to happen. After I got shot with a rubber bullet I was little emotional and scared.*

It was bad to know you're in danger on campus, even when you don't even get involved with the protest. After that I just tried to stay in my room that nothing could happen with me. I just hoped that they didn't come in the residence."

D6K1: *"I'd say it is a matter of having mixed emotions. A lot of emotions, being confused at the same time, angry at the same time, afraid because you don't know what's going on. And because you are on the receiving end you don't attack back, you just try to defend yourself. People are coming for us so yeah, a whole bag of emotions, a whole bag of emotions."*

Vanuit die reaksies van die deelnemers, is dit duidelik dat kampusonrus 'n impak op hulle emosionele toestand gehad het, en wel sekere van hulle in 'n emosionele toestand gelaat het. Die volgende bydraende faktore hiertoe is geïdentifiseer: 1) betogers wat gewelddadig op kampusse optree; 2) polisie wat rubberkoeëls tydens betogings skiet; 3) polisie en betogers wat onverwags by kampuskoshuise en –klasse instorm, en 4) konstante vrees vir onverwagse gewelddadige onrus.

Vanuit bogenoemde data, spruit die volgende bevindinge:

Alle deelnemers wat kampusonrus en betogings ervaar het, getuig dat hulle in 'n emosionele toestand gelaat is. Eerstejaarstudente ervaar reeds baie emosies en die onrus en betogings het bygedra tot emosionele wanbalans. Een van die deelnemers het verduidelik hoe hy met die verbyloop raakgeskiet is met 'n rubberkoeël tydens 'n betoging waar polisie moes intree om dit onder beheer te bring. Dit het uiteraard 'n geweldige emosionele letsel by hierdie deelnemer gelaat. Van die deelnemers het getuig van die geweld en hoe dit erge angs, maar ook woede by hulle veroorsaak het. Soms terwyl klasse aan die gang was, het betogers of polisie ingestorm, wat geweldige skok onder die studente in klas veroorsaak het, en hierdie skok het gelei tot die gedurige angs dat dit weer sal gebeur. Die skaal en erns van die kampusonrus het deelnemers in 'n beduidende emosionele toestand gelaat en koshuisstudente het die onrus eerstehands op die verskeie kampusse ervaar.

5.2.2.9 Effektiwiteit en positiewe ontwikkeling van kampusonrus

Vraag 9 aan deelnemers gedurende die onderhoud was soos volg:

Dink jy kampusonrus kan effektief wees, en werklik positiewe, ontwikkelende gevolge hê? ***(Sien bylaag O)***

Hier volg van die deelnemers se verbatim aanhalings, as reaksie op die vraag:

D15K3: *"Enige protes kan 'n positiewe gevolg hê. Kampusprotes is geen uitsondering nie. Dit moet net reg hanteer word. Met van hierdie protesaksies wat ons op kampus ervaar het, het die mense standbeelde afgebreek, geboue aan die brand gesteek, graffiti orals geteken, en karre se venters inmekaar geslaan. Dit was net gewelddadig, dit is nie protesaksie nie. Dit was net 'wanted destruction'. As hulle kan protesteer op 'n vreedsame manier wat almal kan betrek, 'n voordeel kan bring vir die kampus, kan dit natuurlik 'n positiewe impak hê. Maar as gevolg van die manier waarop hulle dit gedoen het, het hulle veel meer skade as goed gedoen."*

D2K1: *"Well I am not sure about the positive aspect of your question but it can have an effect. I think 2016 worked because it was a united cause. It was done by the collective of institutions of higher learning. It has an impact but on the other side the cause that we are fighting for, I think it was directed at the wrong person in terms that institutions were targeted. It should have been directed at the ruling party, the government, because they are at the capacity to handle that kind of matter. I really think, judging from th 2016 protests, it can be effective but it has consequences at the same time."*

D7K1: *"In 'n groot opsig, ja, dit kan 'n positiewe invloed hê. In ons land was daar al gevalle waar die protesaksies tot ontwikkeling of beter voordele gelei het, maar dit is slegs wanneer dit reg uitgevoer word. Wanneer die betogers mal raak en klippe gooi en ander seermaak, is dit meer van 'n gemors as wat dit 'n poging is om verbetering te bring. Daar is 'n plek vir optogte, ek stem net nie altyd saam oor hoe dit gedoen word nie. Maar ek voel optogte het 'n plek as dit reg gedoen word en vordering kan bring."*

Vanuit die reaksies van die deelnemers, is die algemene gevoel dat kampusonrus wel 'n positiewe en ontwikkelende effek op die universiteit en sy mense kan hê, mits dit met die volgende aspekte in gedagte uitgevoer word: 1) die regte owerhede word betrek en aangespreek; 2) geen geweld of aggressie teenoor mense of bakens op kampus nie, en 3) almal betrokke word verenig en stem saam oor die algehele doel.

Vanuit bogenoemde data, spruit die volgende bevindinge:

Deelnemers wat self kampusonrus ervaar het en protesaksies op hul kampusse aanskou het, glo dat kampusorus 'n positiewe effek kan hê, wat uiteindelik ontwikkelende gevolge kan oplewer. Die meerderheid van die deelnemers kritiseer egter die manier waarop kampusonrus uitgevoer word, aangesien dit negatiewe gevolge vir die universiteitskampusse en –koshuise inhou. Volgens die meerderheid van die deelnemers word kampusonrus nie korrek of effektief

uitgevoer nie. Hierdie koshuisinwoners voel dat die geweld en skade wat aan universiteitsgronde en –geboue tydens kampusonrus berokken was nie noodsaaklik was vir die algehele doel van die protesaksie nie. Die deelnemers het beskryf dat dit belangrik is dat die regte owerhede eerstens genader en betrek moet word om te verseker dat die protesaksies korrek en vreedsaam kan geskied. Dit was ook vir hulle belangrik dat enige aggressie of geweld, hetsy teenoor mense of die bakens op kampus, glad nie teenwoordig moet wees nie, aangesien hierdie aggressie lei tot onnodige skade en angs. Die algemene gevoel onder die deelnemers was dat wanneer daar 'n protesaksie op kampus beplan word, almal betrokke verenig moet word en die algehele doel daarvan duidelik moet verstaan en daarmee moet saamstem. Die gevoel van die meerderheid van die deelnemers was dus dat kampusonrus positiewe, ontwikkelende gevolge kan hê, maar slegs wanneer dit ordelik en sonder geweld of aggressie uitgevoer word.

5.2.2.10 Aanbeveling ten opsigte van Suid-Afrikaanse kampuskoshuise aan toekomstige eerstejaars

Vraag 10 aan deelnemers gedurende die onderhoud was soos volg:

Sal jy toekomstige eerstejaarstudente aanmoedig om by 'n Suid-Afrikaanse universiteit aan te sluit en om aan 'n kampuskoshuis te behoort? Hoekom of hoekom nie? ***(Sien bylaag O)***

Hier volg van die deelnemers se verbatim aanhalings, in reaksie op die vraag:

> **D16K3:** *"Ek sal, ja definitief. Ek sal matrikulante aanmoedig om by 'n koshuis aan te sluit al is dit net jou eerstejaar, omrede dit 'n heeltemal ander lewe as skoollewe is. Jy moet jouself bietjie in ongemaklike situasies plaas om verder te ontwikkel en dis goed."*
>
> **D14K2:** *"Yeah I would, I would. Because residences are usually safer than private residences. We also have a lot of resources, we have libraries and internet, we have electricity. Even if electricity would go out, we would still have electricity. So yeah, I think it is better."*
>
> **D10K2:** *"Yes, you become part of a group and part of a family so yeah definitely. I remember in our first year, our prime and housing committee, told us what was going to happen during the strikes. They were developing a plan for people that really didn't have homes or friends in the province. This helped us a lot during this time."*

Vanuit die reaksies van die deelnemers, blyk dit dat die meerderheid toekomstige eerstejaars sal aanmoedig om by Suid-Afrikaanse kampuskoshuise aan te sluit. Vanuit hulle redes

hiervoor, is die volgende temas geïdentifiseer: 1) sosiale, emosionele en akademiese ontwikkeling, en 2) die ondersteuningsraamwerk.

Vanuit bogenoemde data, spruit die volgende bevindinge:

Die algemene gevoel onder die deelnemers was dat hulle toekomstige eerstejaars sal aanbeveel en aanmoedig om by Suid-Afrikaans kampuskoshuise aan te sluit. Selfs gedurende onsekere tye, soos kampusonrus en protesaksies op kampus, het deelnemers nog steeds toekomstige eerstejaars aangemoedig om by die kampuskoshuise aan te sluit. Die redes hiervoor is hoofsaaklik as gevolg van die sosiale en emosionele ontwikkeling, die ondersteuning en die ontwikkeling in terme van die akademie, en die ondersteuning wat die koshuisstruktuur vir die eerstejaarskoshuisstudente gebied het. Die koshuislewe op universiteitskampusse is ook verder aangemoedig weens die akademiese, asook emosionele ondersteuning wat inwoners van hulle mede-inwoners en senior studente ontvang het. Die algemene gevoel onder die deelnemers was dat die koshuis 'n veilige hawe gebied het, fisies en psigologies. Gedurende tye van kampusonrus, waar sommige studente onveilig en angstig gevoel het, het hulle klaarblyklik die nodige ondersteuning en bystand vanaf hulle koshuisstrukture ontvang, om die situasie te hanteer. Dit blyk dat die deelnemers ook meer ingelig was oor die gebeure op kampus, as wat van hulle maats, wat nie aan kampuskoshuise behoort het nie, was.

5.3 Bespreking van data en integrasie met literatuurstudie

Nadat die vrae een-vir-een bespreek en ontleed is, was daar duidelik temas en subtemas wat gevorm het. Hierdie temas gaan dus hier bespreek en met die literatuurstudie geïntegreer word.

5.3.1 Metode van data-ontleding

Die metodes van data-ontleding wat in hierdie studie geïmplementeer is, word in die onderstaande tabel opgesom.

Tabel 5.2: Metode van data-ontleding: Praktiese implementering gebaseer op Braun en Clarke (2006) se benadering (aangepas uit Braun en Clarke, 2006)

Stappe	**Beskrywing**
Stap 1: **Raak vertroud met die data**	As navorser het ek die rou data georganiseer en opnames getranskribeer. Tydens die lees en herlees van transkriberings, is notas gemaak.

Stap 2: **Generering van kodes**	Die navorser/ek het voorlopige kodes, wat enige interessante of waardevolle eienskappe van die data bevat, begin identifiseer.
Stap 3: **Soek vir temas**	Die kodes word in oorhoofse temas georganiseer. Hier kom die verhouding tussen die kodes, sub-temas en temas binne die navorser se denkproses duidelik voor.
Stap 4: **Hersien temas**	Ek het die temas hersien en verfyn. Die navorser het verseker dat die temas samehangend is.
Stap 5: **Definieer en benoem temas**	Die navorser/ek het die temas en moontlike sub-temas verfyn en gedefinieer. Die navorser het verseker dat ‘n eenvormige, samehangende storie van die data hier na vore kom.
Stap 6: **Verskaglewering**	As navorser het ek die analise getransformeer en in ‘n duidelike skryfstuk omskep, wat sterk met die temas, navorsingsvraag en literatuuroorsig verband hou.

5.3.1 Temas en subtemas

Tydens die data-ontleding het ek, as navorser, vanuit elkeen van die tien vrae, drie tot vier tendense geïdentifiseer en kortliks bespreek. Vanuit hierdie tendense het daar vier hooftemas, en nege subtemas voortgespruit.

Die temas en subtemas wat geïdentifiseer is, word in Tabel 5.3 weergegee.

Tabel 5.3: Geïdentifiseerde temas

Tema	Subtema
Dramatiese verandering in eerstejaarskoshuisstudente se lewensomstandighede	• Nuwe omgewing • Akademiese verpligtinge • Finansiële stres • Handhawing van balans
Invloed op psigososiale ontwikkeling	• Soeke na selfwaarde en identiteit • Eksplorering en ontwikkeling van sosiale verhoudings • Emosionele- en identiteitsontwikkeling

Kampusonrus, as buitengewone stressor, 'n bydraende faktor tot algemene stres	• Vrees • Negatiewe invloed op akademie en emosionele toestand
Gevolge van kampusonrus	

Hierdie temas en subtemas word onder die volgende opskrif verder verken en bespreek.

5.3.2 Integrasie met literatuurstudie

Soos in Tabel 5.3 weergegee, was daar vier hooftemas en nege subtemas tydens data-ontleding geïdentifiseer. Elkeen van hierdie temas word kortliks bespreek en verder verken, deur dit met die literatuurstudie te integreer.

Tema 1: Dramatiese verandering in lewensomstandighede

Tydens die onderhoude het dit duidelik geblyk dat die deelnemers se lewens dramatiese veranderinge ondergaan het vandat hulle die universiteits- en koshuislewe betree het. Hierdie veranderinge was veral in terme van leefstyl, nuwe omgewing, akademiese verpligtinge, finansiële stres en die handhawing van 'n gesonde balans.

Subtema 1.1: Nuwe omgewing

Al die deelnemers het getuig van hoe die aanpassing vanaf die lewe as 'n hoërskoolleerder tot die lewe as 'n onafhanklike student vir hulle 'n uitdaging was. Die nuwe omgewing waarby hulle as eerstejaars moes aanpas het in meeste van die deelnemers se onderhoude na vore gekom. Die meerderheid van die deelnemers het verduidelik hoe die skielike blootstelling aan 'n nuwe omgewing, waar alles vreemd is en waar hulle skielik heeltemal onafhanklik moet wees, aanvanklik 'n groot aanpassing was. Vier van die deelnemers moes aanpas by 'n nuwe provinsie en vir hulle was dit 'n groot uitdaging, aangesien die fisiese omgewing sowel as die mense en kulture verskil het van hulle eie tuisprovinsie s'n. Vyf van die deelnemers het gesukkel om aan te pas by 'n nuwe tipe kultuur, en een deelnemer het aanvanklik gesukkel met die taal wat merendeels op sy/haar kampus gebruik word.

> **D16K3:** *"...ek kom van 'n Engelse skool af, so die Afrikaans was aan die begin 'n uitdaging. Die verskil in sosiale omgewing en mense se verskillende agtergronde en hulle plekke in die land. As jy hier kom moet almal maar aanpas, want nie almal is op dieselfde standaard nie."*

Dit sluit dus aan by die literatuur, onder par. 2.2.3, waar Reifman (2011) stel dat eerstejaar-universiteitstudente alreeds ‘n mate van stres ervaar wanneer hulle skielik moet leer aanpas by die nuwe leefstyl en strenger akademiese vereistes van die universiteitslewe.

Subtema 1.2: Akademiese verpligtinge

Die akademiese verpligtinge van hulle eerste jaar op universiteit was aansienlik meer stresvol as dié van hoërskool, en dus was die akademiese verpligtinge vir die deelnemers ‘n groot aanpassing. Meer as die helfte van die deelnemers het spesifiek verwys na die aanpassing by die akademiese vereistes en hoe die akademie baie meer uitdagend was as wat hulle verwag het dit gaan wees.

Een deelnemer verwys na hoe die vaste struktuur van skool gehelp het om by te hou by akademiese verpligtinge, terwyl daar meer vrye teuels op universiteit is wat dus goeie selfbeheersing vereis:

> **D18K3:** *“Op skool was daar altyd ‘n patroon en jy’t geweet jy doen akademie tussen 8 en 2 en daarna moet jy sport doen en dan het jy eers vrye tyd. Maar hierso het jy meer keuses en jou vrye tyd is meer en jy’t jou eie wil om klas by te woon en partykeer los jy dit dan maar. Dit het dan op die ou einde nogal ‘n invloed op jou akademie.”*

Hierdie aanpassing is ‘n algemene een waarmee meeste eerstejaaruniversiteitstudente te doene kry, maar dit kan ‘n groot mate van stres veroorsaak. Dit sluit direk aan by wat Kshirsagar (2016) in par. 2.2.3 van die literatuur oor akademiese prestasie sê:

> **D4K1:** *“Die skuif vanaf hoërskool na universiteit is ‘n groot aanpassing in terme van die akademie, aangesien die leerstof geneig is om baie meer omvattend, uitdagend en veeleisend te wees. Die eerstejaarstudent moet dus baie vinnig hierby aanpas, asook verseker dat hy/sy self-dissipline toepas, en hierdie kan ‘n groot mate van stres by die student meebring.”*

Volgens genoemde outeur, is hierdie een van die algemene stressors wat ‘n eerstejaar in die gesig staar, en kan dit erge angs vir die student inhou.

Vanuit die literatuur sluit Essel en Owusu (2017) hierby aan met hulle teorie oor wat die oorsaak van swak akademiese prestasie onder eerstejaars is. Hulle stel dat die skielike verhoogde werkslading stres by die studente veroorsaak, terwyl die stres hul begeerte om nie lae punte te kry nie dryf om harder te werk en meer ure daaraan te spandeer, wat dan uiteindelik tot nog meer stres lei.

Wanneer daar gekyk word na laasgenoemde outeurs se stelling en dit wat Ribeiro *et al.* (2017) in par 2.2.3 van die literatuur verduidelik, kan daar ‘n bose kringloop onstaan, waar die akademiese stres tot so ‘n mate van angs kan lei dat hierdie angs op sy beurt weer tot slegte akademiese prestasie kan lei en dan weer geweldige stres veroorsaak. In so ‘n geval kan die akademie vir ‘n eerstejaarstudent so ‘n groot uitdaging en stressor raak, dat hy/sy sal sukkel om dit te oorkom en uiteindelik akademies baie sleg presteer. Dit kan dus beteken dat wanneer ‘n student hom-/haarself in hierdie kringloop bevind, en sukkel om dit te breek, dit tot ‘n slegte patroon in sy/haar akademiese prestasie kan lei.

Volgens Ribeiro *et al.* (2017) in par 2.2.3 hou die emosies wat studente in die akademiese omgewing ervaar, verband met hul akademiese aanpassing en sukses, asook hul gesondheid en welstand. Dit beteken dat studente se gesondheid en welstand as gevolg van hierdie bose kringloop benadeel kan word. Faktore soos angs en stres kan lei tot swak akademiese prestasie en siektes. Hierdie stelling van laasgenoemde outeur hou direk verband met een van die deelnemers se antwoorde op die vraag oor watter invloed stres op sy/haar akademiese prestasie gehad het:

> **D15K3:** *“Ja, ek is ‘n angstige mens, ek is gediagnoseer met ‘n algemene angsversteuring. Ek moes selfs my medikasie verander want die medikasie wat ek gehad het, het nie gewerk nie so ek het angstig geraak en stres gehad wat druk op my geplaas het want ek kon nie my volle andag aan akademie gee nie...”*

Dit is dus duidelik dat sommige studente se gesondheid en welstand negatief geaffekteer word.

Subtema 1.3: Finansiële stres

Tydens die dramatiese verandering in lewensomstandighede van eerstejaarstudente, is finansiële stres beslis een van die kwessies wat hulle in die gesig staar. Die meerderheid van die deelnemers het hiervan getuig, deur te verduidelik hoe finansies op een of ander wyse ‘n invloed op hulle nuwe lewe gehad het.

Volgens een deelnemer was finansiële steun ‘n groot oorsaak van stres in sy/haar eerste jaar van universiteitslewe:

> **D12K2:** *“I will say getting financial support, that was the only stress I had.”*

Die redes vir die deelnemers se finansiële stres kan in drie kategorieë opgedeel word: 1) om beurse, deur middel van goeie akademiese prestasie, te behou; 2) ouers wat net vir ‘n sekere tydperk die finansiële kostes kan dek, en 3) studente wat self vir hulle studies moet betaal.

Van die deelnemers het geweldige stres ervaar as gevolg van ‘n beurs wat volgehou moes word. Dit het dus beteken dat akademiese prestasie op ‘n goeie standaard moes wees. Dit sluit weer aan by die bespreking van ‘n kringloop onder die vorige subtema, waar dit voorgekom het dat die deelnemers reeds erge akademiese stres ervaar en dus net vererger word deur die stres van ‘n beurs. Volgens een deelnemer het sy/haar beurs hom/haar gemotiveer om te presteer sodat dit behou kon word. Dit het uiteraard ‘n positiewe invloed op die student se akademiese prestasie, maar lei wel tot bykomende stres in terme van finansiële druk*:*

> **D10K2:** *“My academics was doing okay, because I was doing what I needed to do to sustain my bursary... This did cause me stress, because I didn’t have any other way to pay my fees, so I had to make sure I did very well all the time.”* ‘n Ander deelnemer sluit aan by die vorige deelnemer se aanhaling: *“...since the first year I have been studying on a bursary so I have a certain criteria that I have to meet like academic excellence. I don’t have that luxury to afford to pay the fees for my own education.”*

Ander deelnemers het weer stres ervaar as gevolg van ouers wat vir studies betaal, wat reeds nie die finansiële vermoë het nie, of net vir ‘n sekere tydperk kan betaal. Hierdie studente ervaar dus skuldgevoelens en stres oor hoe om hierdie kwessie aan te spreek. Een van die deelnemers het slegs vir sy/haar eerste jaar van studies befondsing gehad:

> **D11K2:** *“My father told me that he was only paying for my first year so I had to get funding, I have to get funding for a five year degree. So these kind of stressors had an effect on me.”*

Dan was daar deelnemers wat self plan moes maak om die finansiële las van universiteitsgelde te dra. Hierdie studente het geweldige stres ervaar, aangesien hulle ‘n manier moes vind om die gelde self te betaal. Dit het beteken dat hulle ‘n werk moes kry en volhou in hul eerstejaar, en dus hulle tyd nog beter moes verdeel om al hulle verpligtinge te kon nakom. Dit plaas uiteraard geweldige stres op ‘n eerstejaarstudent, wat reeds baie uitdagings in die gesig staar.

> **D1K1:** *“Yes, funding stuff was a stress because I didn’t have funding and was very unsure of what to do, so I had to find extra work.”*

Ribeiro *et al.* (2017) se beskrywing van eerstejaarstudente se finansiële stres, in Hoofstuk 2 van die literatuur, sluit goed aan by die laaste bespreking, en som die kwessie goed op:

> **D4K1:** *“Universiteitskoste raak al hoe duurder, en deesdae is hierdie koste baie hoog. Ouers wat dit nie kan bekostig nie, pas hul lewenstyle aan om te verseker dat hulle die*

student se gelde kan betaal, en hierdie kan geweldige stres op die student uitoefen. Studente wat dan finansiële steun, soos beurse en lenings kry, ervaar ook baie stres, omdat hierdie beurse of lenings sekere vereistes stel wat nagekom moet word. Bykomend tot hierdie universiteitskostes, is die feit dat die eerstejaarstudent sy/haar geld reg moet bestuur om te verseker dat hy/sy oorleef."

Subtema 1.4: Handhawing van balans

Soos in die literatuur onder par. 2.2 bespreek, dui Ironson, Schneiderman en Siegel (2008) aan dat die instandhouding en balans van 'n persoon se lewe krities daarvan afhang om te midde van 'n veranderende omgewing nog steeds psigies intakt of konstant te funksioneer. Volgens hierdie outeurs word hierdie toestand "homeostase" genoem, en is dit uiters belangrik dat dit in stand gehou moet word. Dit kan egter soms uitdagend wees om dit reg te kry, veral wanneer stres betrokke is. Selye (1985) verduidelik dat stres die individu se balans en algemene welstand affekteer en omvergooi.

In par. 2.3 van die literatuur verwys Ikonomi (2011) na die "Algemene Aanpassingsindroom" (GAS), wat 'n individu help om 'n gesonde balans te handhaaf (homeostase te stabiliseer) wat hom/haar dan help om deur die stresvolle situasie te kom. Dit is dus baie belangrik vir individue om hierdie balans te kan handhaaf om sodoende te verseker dat stresvolle situasies oorkom kan word. Vanuit die reaksies van deelnemers in hierdie studie blyk dit wel asof eerstejaarkoshuisstudente sukkel om hierdie balans te handhaaf, wat beteken dat stresvolle situasies vir hulle moeiliker is om te oorkom.

Hierdie kwessie van balans het tydens die onderhoude met die deelnemers sterk na vore gekom. Vanuit die onderhoude blyk dit dat al die deelnemers soms, tydens hulle eerstejaar, gesukkel het om 'n goeie balans tussen al hulle verpligtinge te handhaaf – veral in terme van akademie en sosiale aktiwiteite. In par. 2.2.3 van die literatuur bespreek Kshirsagar (2016) tydsbestuur, waaronder hy die kwessie van balans aanspreek. Hy verduidelik dat daar in die eerstejaar skielik baie verpligtinge voorkom wat 'n student moet nakom (akademies, sosiaal en koshuisverwant). As die student egter sukkel om hierdie verpligtinge te balanseer en die tyd daarvan reg te bestuur, veroorsaak dit 'n groot mate van stres.

Die volgende reaksie van een van die deelnemers het die algemene gevoel onder die deelnemers oor hierdie subtema goed opgesom:

D17K3: *"Die stres daarvan om 'n balans tussen al die nuwe aktiwiteite, sowel as akademie te probeer kry, was nogal groot! Dis moeilik om skielik soos 'n grootmens te probeer dink. Jy's die enigste een wat die besluite kan neem en die balans kan kry,*

en dis stresvol. Ek het nogal gesukkel om akademies te presteer as gevolg hiervan. Ek het maar probeer prioritiseer. Ek het darem ondersteuning van my vriende in die koshuis gehad, wat gehelp het."

Tema 2: Invloed op psigososiale ontwikkeling

Vanuit die onderhoude, kan die bevinding gemaak word dat die universiteits- en koshuislewe 'n positiewe invloed op die deelnemers se psigososiale ontwikkeling gehad het. Die meerderheid deelnemers het aangedui dat die aanpassing en onafhanklikheid hulle gehelp het om sosiaal en emosioneel te groei. Volgens Erikson (soos aangehaal deur McLeod, 2013) is dit noodsaaklik dat 'n individu suksesvol deur agt verskillende fases moet gaan ten einde psigososiaal suksesvol te ontwikkel. Uit die bevindinge is dit dus duidelik dat die deelnemers besig is om psigososiaal suksesvol te ontwikkel. McLeod (2013) verduidelik in par. 3.2.1 van Hoofstuk 3 dat eerstejaarstudente hulself in 'n oorgangstydperk vanaf die vyfde fase, naamlik "ego identiteit vs. rolverwarring", na die sesde fase, naamlik "intimiteit vs. isolasie", van hul lewens bevind. Eerstejaarstudente kan hulself wel nog onder die vyfde fase bevind, maar aangesien eerstejaarstudente die begin van jong volwassenheid betree, kan hulle ook onder die sesde fase val.

Hierdie invloed wat die koshuislewe op die deelnemers gehad het, gaan bespreek word in terme van die soeke na selfwaarde en identiteit, die eksplorering en ontwikkeling van sosiale verhoudings, sowel as die emosionele en identiteitsontwikkeling van 'n eerstejaarstudent.

Subtema 2.1: Soeke na selfwaarde en identiteit

In par. 3.2.1 van Hoofstuk 3 verduidelik McLeod (2013) dat die vyfde fase van psigososiale ontwikkeling van Erikson gedurende adolessensie voorkom, en dat adolessente tydens hierdie fase na 'n gevoel van selfwaarde en persoonlike identiteit soek. Hierdie soeke na selfwaarde en identiteit vind deur middel van 'n intense verkenning van persoonlike waardes, oortuigings en doelwitte plaas. Die deelnemers van hierdie navorsingstudie val onder hierdie vyfde fase van psigososiale ontwikkeling.

Meyer *et al.* (2008) verduidelik in die literatuur dat hierdie vyfde fase die tydperk is waartydens 'n individu meer onafhanklik raak en deel van die samelewing vorm. Hierdie fase behels dus die oorgang van kind na volwassene, en om hierdie oorgang suksesvol te maak, is dit belangrik vir die individu om sy/haar identiteit te herondersoek. Behalwe vir die chronologiese ouderdom wat 'n eerstejaarstudent onder hierdie fase laat kwalifiseer, is dit ook juis die skielike blootstelling aan nuwe oortuigings, waardes en lewenstyle waaraan 'n eerstejaarstudent blootgestel word, wat hom/haar help lei tot die herondersoek van identiteit, en dus ook hieronder laat kwalifiseer.

Volgens McLeod (2013), soos aangehaal in par. 3.2.1 van die literatuur, is dit in hierdie tydperk wanneer ‘n individu sy/haar eie identiteit ontwikkel, gebaseer op die gevolge van sy/haar verkenning van die samelewing. ‘n Eerstejaarstudent se identiteit kan dus ontwikkel word gebaseer op dit wat hy/sy in die nuwe omgewing ervaar het en dan self in sy/haar eie lewe geïntegreer en toegepas het. Genoemde outeur verduidelik dat die sukses van hierdie fase lei tot die waarde van getrouheid. Dit beteken dat die individu, ten spyte van ideologiese verskille, daartoe in staat is om ander te aanvaar en hom-/haarself aan ander te verbind, en terselfdertyd getrou te wees aan sy/haar eie ideologiese oortuigings. Hierdie is dus ‘n fase waarin die individu leer om tevrede met sy/haar eie identiteit te wees, maar ook erkenning aan ander se identiteite en oortuigings te gee en nie daarteen te diskrimineer nie.

Aangesien koshuisstudente in hulle eerste jaar aan soveel nuwe kwessies en mense blootgestel word, is dit die gepaste platform vir die student om hierdie fase suksesvol te voltooi en hierdie selfwaarde en identiteit te ontwikkel. Een deelnemer het dit mooi in sy/haar onderhoud verduidelik:

> **D7K1:** *“Sosiaal, het dit ‘n baie positiewe invloed op my gehad. Jy leer hoe om anders te dink, jy leer hoe om met verskillende mense oor die weg te kom. En ek dink jy word aan soveel nuwe goed blootgestel dat jy absoluut positief ontwikkel, as ‘n individu. Emosioneel, dink ek het mens baie ontwikkel omdat mens baie volwassenheid gekry het, en geleer het om verantwoordelik te wees. Kognitief, het ek self baie ontwikkel, aangesien ek meer blootstelling aan verskillende dinge en mense gekry het. En al die akademiese klasse en akademiese blootstelling speel ook ‘n groot rol in mens se kognitiewe ontwikkeling, al is stres gepaard daarmee.”*

Nog ‘n deelnemer het gedeel hoe die blootstelling en die saambly van verskillende tipes mense verseker het dat studente hulle eie identiteit kon vorm, maar ander ook nog in ag geneem het, en as ‘n groep saam kon werk:

> **D2K1:** *“What I have observed with this residence, is that so many diverse people are mashed together, with so many cultures, but still we were able to find our own identity and still fit in with the residence and work together as a group.”*

Die algemene gevoel onder die deelnemers is dat die universiteits- en koshuislewe ‘n goeie invloed op hulle ontwikkeling as individue gehad het en dat dit hulle gehelp het om hulle eie ideologiese oortuigings en identeite te vorm en terselfdertyd met mense van ander ideologiese oortuigings en identiteite oor die weg te kom. Dit moet egter in ag geneem word dat rolverwarring wel tydens hierdie fase kan plaasvind, soos genoem deur McLeod (2013) in par. 3.2.1 van die literatuur. Wanneer ‘n individu sukkel om sy/haar eie identiteit te vorm, lei dit tot

‘n identiteitskrisis en ‘n uiteindelike gevoel van ongelukkigheid. In terme van hierdie studie, was dit belangrik om in ag te neem dat ander faktore, soos kampusonrus, hierdie tipe gevolge vir eerstejaarstudente kon inhou. Aangesien kampusonrus onsekerheid en verwarring veroorsaak het, was die moontlikheid groot vir studente om hierdie fase nie suksesvol te voltooi nie.

Subtema 2.2: Eksplorering en ontwikkeling van sosiale verhoudings

In par. 3.2.1 van Hoofstuk 3 dui McLeod (2013) aan dat die sesde fase van Erikson se teorie van psigo-sosiale ontwikkeling gedurende vroeë volwassenheid voorkom, en bepaal hierdie fase hoe die individu sosiale en romantiese verhoudings eksploreer en ervaar, en hoe die individu se toekomstige verhoudings uiteindelik gaan ontwikkel. Die deelnemers van hierdie studie val ook onder hierdie fase van psigososiale ontwikkeling, aangesien hulle hulself in ‘n oorgangstydperk van die vroeër-genoemde vyfde fase tot hierdie sesde fase bevind.

Vanuit die literatuur verduidelik Meyer *et al.* (2008) dat wanneer hierdie fase suksesvol voltooi word, dit tot gemaklike verhoudings en ‘n sin van toewyding, veiligheid en omgee in verhoudings lei. Dit is juis hierdie gesonde tipe verhoudings wat belangrik is in ‘n individu se lewe, veral ‘n eerstejaarstudent s’n. Dit is dus baie belangrik vir eerstejaarstudente se sosiale ontwikkeling om hierdie fase suksesvol deur te maak en te voltooi. Van die deelnemers het getuig dat hulle sosiale vaardighede in die koshuis verbeter en ontwikkel het:

> **D3K1:** *“You meet new people, I think it develops you as a person, and I think it gets your social skills up there. You get used to talking to more people because I was a very quiet person but when I got here I was forced out of my comfort zone in a way. So I think it plays a huge role.”*
>
> **D14K2:** *“I got to make a lot of new friends which I still have up to this day. So the relationship is very strong, I got to know a lot of people and make new friends.”*

Die deelnemers se reaksies het gewys dat die meerderheid tydens hulle eerstejaar in die koshuis die kans gekry het om sosiale verhoudings te eksploreer en sodoende sosiaal te ontwikkel. Vanuit die deelnemers se reaksies, blyk dit dat ‘n eerstejaarstudent wat aan ‘n koshuis behoort baie blootstelling aan sosiale interaksies en verskillende tipe verhoudings kry. Dit kan dus beteken dat eerstejaarkoshuisstudente oor die algemeen ‘n baie goeie kans staan om sosiaal positief te ontwikkel en uiteindelik gesonde verhoudings te bou. Daar moet egter in ag geneem word dat daar steeds sekere faktore is wat hierdie ontwikkeling kan versteur en sodoende die individu se algehele psigososiale ontwikkeling negatief kan beïnvloed. Een van die grootste faktore wat voorkom, is stres, soos deur McLeod (2013) in die literatuur

verduidelik. Genoemde outeur verduidelik dat wanneer ‘n jong volwassene stres ervaar, sy/haar homeostase (balans) versteur word en kan dit dan ‘n negatiewe impak op die individu se verhoudings hê. So ‘n negatiewe faktor kan wantroue en wanhoop in verhoudings veroorsaak en uiteindelik dan meebring dat die jong volwassene verhoudings en toewyding vrees en vermy. In par. 3.2.1 van die literatuur verduidelik McLeod (2013) dat wanneer verhoudings en intimiteit gevrees en vermy word, dit tot isolasie en eensaamheid kan lei.

In die geval van hierdie studie, is kampusonrus definitief ‘n moontlike stressor wat ‘n jong volwassene se homeostase negatief kan beïnvloed, en sodoende na isolasie en eensaamheid kan lei. Wanneer sukses binne hierdie fase bereik word, lei dit tot die waarde van liefde, wat ‘n belangrike deel van elke individu se lewe uitmaak. Die mens is oor die algemeen ‘n sosiale wese, en dus is dit van kardinale belang dat individue hierdie sesde fase suksesvol voltooi, sonder enige negatiewe faktore wat dit benadeel.

Subtema 2.3: Emosionele en identiteitsontwikkeling

In die literatuur (par. 3.2.1.1) is aangedui dat Arthur Chickering voortgebou het op Erik Erikson se teorie van psigososiale ontwikkeling, deur te verwys na ontwikkeling as ‘n proses waartydens universiteitstudente deur sewe vektore/fases beweeg (Foubert, Nixon, Sisson & Barnes, 2005). Hierdie teorie fokus op die algehele identiteitsontwikkeling van universiteitstudente, waartydens die teorie sewe vektore, wat met psigososiale ontwikkeling te doen het, vasstel. Hierdie vektore dien as “opdragte”, wat universiteitstudente moet voltooi ten einde hulle identiteit te ontwikkel. Genoemde outeurs identifiseer die sewe vektore soos volg: 1. Ontwikkeling van bevoegdheid; 2. Bestuur van emosies; 3. Beweeg deur outonomie tot interafhanklikheid; 4. Ontwikkeling van volwasse interpersoonlike verhoudings; 5. Vestiging van identiteit; 6. Ontwikkeling van ‘n doel; 7. Ontwikkeling van integriteit.

Vanuit hierdie sewe vektore kan die opsomming gemaak word dat ‘n universiteitstudent se emosionele en identiteitsontwikkeling afhang van hoe hy/sy bevoegdhede ontwikkel, emosies bestuur, onafhanklikheid en interafhanklikheid aanleer, interpersoonlike verhoudings ontwikkel, identiteit vestig, ‘n doel ontwikkel, en integriteit ontwikkel. Wanneer ‘n universiteitstudent hierdie proses suksesvol voltooi, sal hy/sy holisties as individu emosioneel, sosiaal en selfs kognitief ontwikkel.

Van die deelnemers se reaksies dui daarop dat die universiteits- en koshuislewe wel gehelp het met hierdie ontwikkeling:

> **D5K1:** *“Ek dink positief ek het natuurlik geleer hoe om sekere konflik te kan hanteer. Ek het sosiaal positief ontwikkel, asook emosioneel. Mens leer om nie vas te sit in jou*

ou maniere nie, maar om aan te pas. Kognitief het ek ook positief ontwikkel, alhoewel die druk van akademie dit soms nogal moeilik gemaak het. Maar dit was dalk juis hierdie uitdaging wat my ontwikkeling gehelp het."

Hierdie ontwikkeling kan ook egter deur 'n buitengewone stressor, soos kampusonrus, negatief beïnvloed word. Wanneer enige van die bogenoemde vektore/fases deur so 'n tipe stressor aangeraak word, kan dit die hele ontwikkelingsproses beïnvloed, verander en benadeel.

Een deelnemer verduidelik die effek wat die koshuis, en selfs kampusonrus op sy/haar emosionele- en identiteitsontwikkeling gehad het en hoe dit hom/haar toegelaat het om vrae te vra en te dink, opinies te vorm en daardie opinies te deel:

D8K1: *"Die Primaria van die koshuis het die stakings se standpunte aan my verduidelik en ek het begin dink daaroor en besef ek gaan 'n opinie daaroor moet vorm. Ek het vinnig geleer dat my opinie nie altyd reg was nie en dit was 'n draaipunt gewees vir my emosionele ontwikkeling. Ek was gedryf tot die punt waar ek regtig moes dink, vir myself, en aan ander mense en waar hulle vandaan kom."*

Uit die onderhoude is dit duidelik dat van die deelnemers se emosionele en identiteitsontwikkeling wel vertraag was in die eerstejaar van hulle universiteitsloopbaan. Die eerste jaar van 'n student is 'n belangrike ontwikkelingsfase in terme van emosionele en identiteitsvorming. Met die gedrang waaronder kampusonrus studente se ontwikkeling geplaas het, blyk dit dat dit 'n duidelike effek gehad het. Foubert *et al.* (2005) verwys in die literatuur na die bogenoemde sewe fases waardeur studente moet gaan in terme van ontwikkeling. Hierdie fases is kompleks, en die steuring van kampusonrus het duidelik 'n negatiewe invloed op die ontwikkeling van sekere eerstejaarstudente se emosionele- en identiteitsontwikkeling gehad, soos blyk uit die volgende tema.

Tema 3: Kampusonrus, as buitengewone stressor - 'n bydraende faktor tot algemene stres

Akrani (2011) verduidelik in par. 2.2.2 van Hoofstuk 2 hoe 'n buitengewone stressor 'n wanbalans bring tussen 'n individu se vermoë en die fisiese of psigologiese eis wat vervul moet word. Verder word na 'n buitengewone stressor verwys as iets wat so 'n dramatiese invloed op 'n individu se liggaam (hetsy fisies, psigologies of chemies) het, dat dit abnormale spanning in die individu se lewe veroorsaak.

Kampusonrus skep hierdie gaping tussen vermoë en eis en mag bydra tot 'n wanbalans vir koshuisstudente in terme van akademiese en psigososiale ontwikkeling, wat 'n dramatiese

invloed op die student het en abnormale spanning in sy/haar lewe veroorsaak. Vanuit die deelnemers se reaksies in die onderhoude, dui dit daarop dat eerstejaarstudente reeds verskeie stressors ervaar in ‘n nuwe omgewing met onbekende prosesse, en dat enige buitengewone stressor, soos kampusonrus, wel ‘n wanbalans kan veroorsaak.

Een van die deelnemers verduidelik hoe kampusonrus bykomende stres veroorsaak het vir eerstejaarstudente, wat reeds verskeie ander stressors in die gesig staar:

> **D13K2:** *“A typical first year student has their own stressors from back home and stuff like that. So imagine if like all of those things, it is its own stressors from home and financial problems and now there is this thing of unrests and that you cannot study and experiencing all the violence. The tension is adding more to the burdens that you are carrying on your shoulders.”*

Van die deelnemers het vertel dat die stres van kampusonrus vir sekere eerstejaarstudente te veel was, aangesien hulle nie die bykomende stressors ook nog kon hanteer nie:

> **D9K2:** *“Because a first year is still fresh, still adjusting there is too much happening at once. So I feel it plays a huge role when something like campus unrest also comes into play. Like a lot of first years in 2016, like they didn’t pass their first year. Most of them didn’t return the following year because of the campus unrest, and all of the stress they had to face, but couldn’t.”*

Een van die ander deelnemers sluit aan by die vorige deelnemer se reaksie:

> **D3K1:** *“I think it causes stress especially for first years because they are not used to experiencing such things. They are still baby-like. They become scared emotionally and physically, however you want to put it. They consider going to other campuses as it can be scary and cause more trauma to experience this heavy unrest.”*

Hierdie deelnemer verduidelik hoekom hy/sy glo dat kampusonrus ‘n negatiewe invloed op eerstejaarstudente gehad het:

> **D10K2:** *“I think it does have an effect on first year students, actually on everyone, but more on first years because it is something new for them. As a first year, when you miss out on so many classes, come back to campus, and then have to write exams it’s a lot of pressure. First year students aren’t used to working under such pressure. So I think it does affect a first year in a way and I think it also affects them psychologically too in a sense, the fighting and everything.”*

Die volgende deelnemer vertel verder hoe eerstejaarstudente nog nie volkome ontwikkel het nie en dat die metodes wat hulle aanskou later ‘n invloed gaan hê op watter metodes hulle gebruik om probleme op te los. In hierdie gevalle was dit gewelddadige metodes*:*

> **D1K1*:*** *“I am not saying that first years are babies, but it is how they will develop, they see the older guys doing this and they follow the example. Fighting like that and they will also use those methods that didn’t necessarily work, which are violent ones.”*

Dit blyk duidelik te wees dat kampusonrus ‘n buitengewone stressor is, wat bygedra het tot reedsbestaande stressors en ‘n geweldige invloed op eerstejaarkoshuisstudente gehad het, hetsy fisies, emosioneel of akademies.

Subtema 3.1: Vrees en emosionele toestand

Soos onder Tema 3 bespreek, het kampusonrus wel ‘n invloed op eerstejaarkoshuisstudente gehad. Hierdie invloed het gewissel van deelnemer tot deelnemer, maar vrees was ‘n kwessie wat prominent in die onderhoude voorgekom het. Meeste van die deelnemers se reaksies getuig daarvan dat hulle ‘n mate van vrees tydens kampusonrus ervaar het. Die redes vir vrees was grotendeels weens onveiligheid; studente het onveilig gevoel, omdat hulle nie altyd geweet het of hulle fisies of emosioneel tydens die onrus beseer gaan word nie.

Al die deelnemers het ‘n vorm (matig of ernstig) van kampusonrus tydens hulle eerstejaar ervaar, maar nie almal was noodwendig direk daarby betrokke nie. Die meerderheid van deelnemers was bekommerd oor hulle veiligheid en het gevoel hul veiligheid word in gedrang gebring deur kampusonrus. Die inligting verkry deur onderhoude dui daarop dat studente in verskeie onveilige situasies beland het en selfs fisiese beserings opgedoen het gedurende gewelddadige protesaksie.

Sekere deelnemers het wel die gewelddadige aspek van die onrus eerstehands ervaar as gevolg van rubberkoeël skiettogte op kampus, sowel as polisie-eenhede wat kampusonrus probeer bedwing het. ‘n Paar deelnemers het ook die stres van verplasing of korttermyn verhuising in die gesig gestaar as gevolg van kampusonrus, en moes hul koshuiskamers verlaat weens veiligheidsmaatreëls en die onveiligheid op kampus.

Hierdie deelnemer deel sy/haar ervaring van angs en stres gedurende klastye toe kampusonrus plaasgevind het:

> **D18K3:** *“Jy sit in daardie lokale en jy wonder of iemand gaan inbars en of jy veilig gaan wees so en dit is nogal scary. Dit is eerstens ‘n universiteit en mens is hier om te studeer en nou stel hulle alles uit en dit maak dat jy meer stres.”*

Baie van die deelnemers het vertel van hoe hulle, of van hulle vriende van die kampus af moes bly, weens kampusonrus en die moontlike onveiligheid daarvan:

> **D16K3:** *"My vriende op daardie kampus moes langer studeer en kon glad nie eksamen skryf daardie jaar nie. So hulle moes hulle studies met 'n jaar aanskuif omdat dit onveilig was op die kampus. Hulle was bang om kampus toe te gaan omdat dit te onveilig was."*

> **D8K1:** *"Ek het na my familie in 'n ander stad gegaan. Dit was die veiligste opsie vir my."*

> **D2K1:** *"The first day when there was a fire on campus, I actually slept off campus that night and came back in the morning to get my stuff and then we were told to leave. Then we had to go home for a few weeks before we could come back."*

Een deelnemer vertel dat hy/sy tydens 'n protesaksie die koshuis moes verlaat omdat die kampus onveilig was:

> **D4K1:** *"Ek moes uit die koshuis gaan om myself te beskerm. Hulle het gesê dit is veiliger. Baie van die koshuise was aangeval en hierdie koshuis was in die middelpunt van daai protesaksie gewees."*

Die kampusonrus het duidelik veroorsaak dat studente nie op kampus kon woon weens onveilige omstandighede op die universiteitskampus nie. Dit het beteken dat koshuisstudente nie net die algemene lewensveranderinge en stres van 'n algemene eerstejaarkoshuisstudent moes hanteer nie, maar ook met hierdie bykomende stressor, wat erge vrees en angs veroorsaak het.

Soos reeds bespreek, is 'n kampuskoshuis vir 'n eerstejaarstudent 'n veilige hawe, aangesien dit veronderstel is om veiliger en meer gerieflik te wees as byvoorbeeld afkampus-behuising. As daar gekyk word na die reaksies van hierdie deelnemers, is dit duidelik dat dit wel nie die geval met hul eerstejaar in die koshuis was nie. By die eerste vraag in die onderhoud (soos bespreek onder par. 5.2.1.1) het meeste van die deelnemers verduidelik dat hulle juis weens veiligheid besluit het om by 'n kampuskoshuis aan te sluit.

Natuurlik was van hierdie deelnemers in 'n emosionele toestand gelaat, weens die buitengewone stres van kampusonrus, en die vrees daarvoor. Veertien van die deelnemers het getuig dat kampusonrus hulle in 'n emosionele toestand gelaat het:

D5K1: *"Ek moet sê daar is 'n sekere mate van vrees en van die koshuislede was kwaad gewees."*

D4K1: *"Ek het in my kamer gesit en leer want ek moes die volgende dag 'n toets skryf. Toe later kom daar 'n skare aan by die koshuis. Hulle het klippe na ons vensters gegooi en die glas het die hele kamer vol gespat. So jy is in 'n mate bang."*

D3K1: *"Yeah I can say that because you would walk around and then you don't know what to do because there was this other guy and he came straight to us, carrying a gun. So there were people like this and they were striking and there was also rubber bullets from the police so it was very traumatizing."*

D2K1: *"Uhm, for me, yes because I sat there thinking to myself that I didn't know students were this violent in a way. I don't like seeing fighting and everything... I had mixed feelings of anger because everything was so confusing."*

D12K2: *"I remember that day and the shock, emotions. The unrest really had a big effect on us. I'd say it is a matter of having mixed emotions. A lot of emotions, being confused at the same time, angry at the same time, afraid because you don't know what's going on. You don't attack back, you just try to defend yourself. People are coming for us so yeah, a whole bag of emotions, a whole bag of emotions."*

D3K1: *"During class time, they came in and were trying to control the environment. The students weren't physically violent but they treated the students in a violent manner. That made the campus and us as first years terrified. So yeah it was very traumatizing."*

Die vier ander deelnemers het verklaar dat kampusonrus hulle nie emosioneel beïnvloed het nie en dat die kampusbestuur en sekuriteit van hulle kampus die kampusonrus effektief bestuur het om te verseker dat studente beskerm word. Hierdie vier studente was almal van dieselfde kampus, Kampus 3, wat die mins ernstige kampusontwrigting beleef het.

Kampusonrus het vir baie deelnemers emosionele stres veroorsaak, en selfs in 'n emosionele toestand gelaat. Hierdie emosionele stres het dikwels as vrees gemanifesteer by die deelnemers. In par. 2.2.2 van die literatuur, word die hooftipes buitengewone stressors bespreek. Onder die tipe "fisies-geestelike" word post-traumatiese stresversteuring deur Yehuda (2002) verduidelik. Volgens genoemde outeur kan hierdie versteuring beskryf word as 'n kondisie van aanhoudende emosionele stres wat voorkom as 'n reaksie op 'n traumatiese gebeurtenis wat 'n dreigement tot besering of dood ingehou het. Wanneer daar na hierdie beskrywing gekyk word, kan die gevolgtrekking gemaak word dat kampusonrus, wat iemand

in ‘n emosionele toestand gelaat het, tot post-traumatiese stresversteuring lei. Vanuit die reaksies van die deelnemers is dit duidelik dat kampusonrus ‘n traumatiese gebeurtenis was, wat werklik vir sommige ‘n dreigement tot besering of dood ingehou het. Dit het weer gelei tot die reaksie van emosionele stres of vrees.

Subtema 3.2: Negatiewe invloed op akademie

Onder subtema 1.2 is die akademiese verpligtinge van eerstejaarstudente, en hoe dit aansienlik meer stresvol as dié van hoërskool is, bespreek. Volgens Kshirsagar (2016), in par. 2.2.3 van Hoofstuk 2, is die skuif van hoërskool na universteit ‘n groot aanpassing vir eerstejaarstudente, omdat die leerstof veel meer uitdagend, omvattend en veeleisend is. Die invloed van kampusonrus op koshuisstudente se akademie lei tot groter aanpassing en uitdaging om akademies te presteer.

In die eerstejaar van ‘n student se universiteitslewe word hy/sy dus blootgestel aan ‘n akademiese wêreld wat baie meer kompleks en uitdagend is as dié wat die student op hoërskool ervaar het. Dit beteken dat eerstejaarstudente alreeds ‘n groot mate van stres in terme van akademie ervaar. Wanneer ‘n buitengewone stressor, soos kampusonrus, dan voorkom, is dit heel waarskynlik dat dit ‘n invloed op die eerstejaarstudent sal hê.

Vanuit die onderhoude, blyk dit dat kampusonrus wel die grootste invloed op die akademiese prestasie van eerstejaarstudente gehad het. Die reaksies van die deelnemers dui daarop dat hierdie invloed merendeels ‘n negatiewe een was.

Vir die meerderheid van die deelnemers het kampusonrus by hul akademiese tyd ingemeng, weens die gebrek aan klasse en die uitstel van eksamens en toetse:

> **D18K3:** *“Definitief het kampusonrus ingemeng by my akademiese tyd, want ons eksamens was uitgestel. Persoonlik dink ek ook dit gooi jou nogal omver... ons het op ‘n stadium nie geweet of ons gaan skryf of nie. Toe sê hulle, hulle gaan veiligheidsmaatreëls instel by die eksamenlokale maar dan stres mens nog steeds. Jy sit in daardie lokale en jy wonder of iemand gaan inbars en of jy veilig gaan wees, so dis nogal ‘scary’. Dit is eerstens ‘n universiteit en mens is hier om te studeer en nou stel hulle alles uit en dit maak dat jy meer stres. Mens dink baie daaraan en almal praat daaroor so dit raak moeilik om aan jou akademie te dink of 100% te fokus.”*
>
> **D5K1:** *“Ons het byvoorbeeld baie toetse gehad wat ons nie geweet het of dit gaan plaasvind of nie, want die stakings het alles deurmekaar gemaak. So, dan leer jy, maar in jou agterkop is jy nie eers gemotiveerd nie. Dit het nogal beïnvloed dat jy*

amper bang is om te gaan skryf, dan weer jy nie of as jy nie gaan skryf nie, gaan die toets 'actually' gemerk word. So dit was nogal 'chaos' gewees."

Die onsekerheid en aangepaste akademiese kalender het die meerderheid van die deelnemers beïnvloed in terme van akademiese prestasie. Een deelnemer het selfs 'n module gedruip weens kampusonrus en die hoë werkslading wat op studente geplaas was gedurende die tydperk van protesaksies. Hierdie deelnemer verduidelik dat hy/sy 'n module gedruip het weens die hoë stresvlakke en werkslading wat die kampusonrus veroorsaak het:

D6K1: *"Definitely yes because I ended up failing that one module, an accounting module. Because they practically squeezed one chapter that was its own textbook, that was eight chapters, squeezed that in one week. That really caught me and as a result I couldn't pass that module. So yeah, academically that was too much."*

Die volgende deelnemer verduidelik die invloed wat die hoë akademiese werkslading, wat in 'n korter tydperk ingewerk moes word, op hom/haar gehad het. Hy/sy vertel hoe die druk van die akademiese kurrikulum en die afstel van klasse 'n nadelige effek op sy/haar akademiese prestasie gehad het. Soos die vorige deelnemer, het hierdie deelnemer ook nie al sy/haar modules, weens die onrus wat op die universiteitskampusse ontstaan het, geslaag nie*:*

D3K1: *"About #feesmustfall it affected us academically because there was a time when we had to go home for a month because of the protest and not attend classes. So when we came back, we had too much work, too much pressure... Our academic time was limited and we were pressured to perform more when we eventually returned, and this was stressful. It took a lot of time but at least I did pass all of my modules."*

'n Ander deelnemer vertel hoe die verandering van die akademiese kalender bykomende stres vir hom/haar as 'n koshuisstudent veroorsaak het:

D11K2: *"I had mixed feelings about the unrest, because in a way I was prepared to write my exams and then relax afterwards, but then we had to go home before writing exams, and it was nice to go home earlier and be with family, but also stressful."*

Een van die deelnemers, van Kampus 3, vertel hoe kampusonrus op die kampus nie so ernstig was nie en dus nie sy/haar akademie so geweldig beïnvloed het, soos wat dit studente van ander kampusse beïnvloed het nie. Hy/sy het egter steeds stres gehad oor die moontlikheid daarvan:

D15K3: *"Mens is maar bekommerd oor hoe die onrus ons akademie gaan beïnvloed, en of daar wel effektiewe aanpassings gemaak sal word, indien die onrus tot so mate*

by ons akademiese tyd sal inmeng. Ons was darem gelukkig gewees dat ons nog klas kon gaan in daardie tydperk, en dat dit ons toe nie so aangeraak het soos wat dit studente van ander kampusse aangeraak het nie."

Volgens 'n ander deelnemer was sekere aspekte van sy/haar akademie wel op 'n ligte skaal aangeraak, maar dat die onsekerheid oor wat kan gebeur die akademiese stres vererger het:

> **D18K3:** *"...hulle het ons praktiese klasse uitgestel as gevolg van onrus, en selfs daardie klein verandering van ons akademiese rooster het my angstig gemaak... Ons hoor heeltyd van die ander kampusse wat tyd verloor het en langer moet aanbly of later moet aangaan met werk, en van hoe mense se kursusse in gedrang geplaas word. Mens is dan half bang dat dit dalk hier kan gebeur, en dit het my net so angstig gemaak dat ek heeltyd verwag het dat iets soos dit dalk kan gebeur."*

Sommige deelnemers het ook vertel van hulle bekommernis en stres in terme van die aanlyneksamens wat geskryf moes word, op 'n nuwe en onbekende platform. Op sekere universiteitskampusse moes eksamens aanlyn voltooi word, as gevolg van die moontlike onveiligheid van protesaksies op die kampus.

Een van die deelnemers verduidelik hoe die protesaksie die universiteit se eksamentydperk verontrief het en hoe die verandering van aanlyneksamens nadelig was vir studente wat nie bekend was met die formaat nie:

> **D7K1:** *"Ja dit het ingemeng veral gedurende eksamentydperk wat gemaak het dat die formaat van ons eksamens verander moes word. Ek weet party van die fakulteite moes nou aanlyn hulle toetse gaan skryf. Dit het hulle baie negatief impakteer want dit was vreemd en ook baie mense het gedink hulle hoef nie dan te leer nie, omdat hulle hulle boek by hulle kon hê, en dan het hulle sleg gedoen. Ons tye was ook baie aangeskuif gewees, en ons kon nie meer hertoetse gaan skryf as ons sleg doen nie. My een vriend moes 'n hele vak oorgedoen het, en dit was vir hom onregverdig. Ek weet daar is baie mense wat baie erg geaffekteer was as gevolg van die protesaksies. Dit het absoluut ingemeng by ons akademie en vir ons baie stres veroorsaak."*

'n Ander deelnemer sluit aan by die laasgenoemde deelnemer se reaksie:

> **D10K2:** *"Everything had to be pushed back and I remember in my year we had to write online exams. We didn't write paper exams, so everything was online which I think the unrest caused. It put pressure in a way that, uhm, all the work we didn't complete was shoved in. Everything was suddenly self study, so I think it does cause academic stress..."*

Sommige van die deelnemers het ook genoem van die angs wat hulle tydens klasse ervaar het, as gevolg van die vrees dat die betogers moontlik die klasse sou instorm. Dit was duidelik dat akademiese voorbereiding reeds, sonder enige kampusonrus, 'n groot uitdaging vir eerstejaarstudente was, en daarom het kampusonrus meer druk en stres onder die eerstejaarstudente veroorsaak. Koshuisinwoners het die protesaksie veral ervaar weens die ligging van kampuskoshuise wat op universiteitsterreine geleë is. Dit het dus veroorsaak dat akademiese tyd beïnvloed is, omdat koshuisstudente nie 'n ander ligging of opsie gehad het vir akademiese tyd nie. Van die deelnemers het ook genoem van vakke wat hulle dus gedruip het, weens die verwarring met die roosterveranderinge, die voortdurende angs en die uitstel van assesserings.

Alhoewel die meerderheid van die deelnemers aangedui het dat kampusonrus 'n geweldige negatiewe invloed op hul akademiese prestasie gehad het, was daar wel een positiewe ervaring wat 'n paar van die deelnemers gedeel het. Hierdie deelnemers het verduidelik hoe die koshuisstruktuur en die mense van die koshuis hulle gehelp het in hierdie moeilike tyd. Daar word verwys na emosionele ondersteuning, en grootliks na die akademiese bystand. Hierdie deelnemers deel hoe dit vir hulle baie erger sou wees om deur al hierdie veranderinge en stres te gaan, as dit nie vir hulle koshuis en koshuisstruktuur was nie:

> **D13K2:** *"When I am struggling with a few of my modules, I always find someone who can help me. Because the residence knows one another, so we know who is good in maths and who is good in accounting. If you are struggling, you know who to go to."*
>
> **D8K1:** *"Selfs tydens die onseker tye, wat ons nie weet wat gaan gebeur nie, het ek darem altyd gerus gevoel met die mense om my in die koshuis. Ek het beter gevoel om mense te hê wat mens daardeur kan help as jy bang is of wanneer jy nie weet wat gaan gebeur met betogings nie."*
>
> **D4K1:** *"Die hele eerstejaar was nogal sleg en van 'n gemors, maar ek moet sê as ek nie in 'n kampuskoshuis was nie, dink ek nie ek sou enigsins die stres kon vat nie. Ek sou seker nie eers meer wou studeer nie. Die koshuismense het saamgestaan het dit het dinge beter gemaak."*

Vanuit die deelnemers se reaksie blyk dit duidelik te wees dat kampusonrus wel 'n geweldige negatiewe invloed op eerstejaarkoshuisstudente se akademiese prestasie gehad het. Die buitengewone stressor het inderdaad buitengewone ekstra stres op die eerstejaarstudente geplaas. Daar was egter dankbaarheid teenoor die koshuisstrukture in die onseker en stresvolle tye van kampusonrus. Alhoewel kampusonrus 'n negatiewe invloed op hulle

akademie gehad het, wil dit voorkom of van die deelnemers se emosionele en sosiale ontwikkeling verbeter het, weens die steun wat aan hulle in die koshuis gebied was.

Tema 4: Gevolge van kampusonrus

Vanuit die deelnemers se reaksies, is daar 'n duidelike ooreenstemming oor die moontlike gevolge van kampusonrus. Al die deelnemers het getuig dat kampusonrus, in teorie, 'n positiewe metode kan wees om nodige verandering en ontwikkeling mee te bring. Verder stem deelnemers ooreen dat, alhoewel die metode teoreties waarde dra, die uitvoering van kampusonrus nie die optimale resultate bereik nie, maar eerder die veiligheid van studente in gedrang gebring en skade aan universiteitsfasiliteite berokken het. Vanuit die onderhoude is dit duidelik dat eerstejaarkoshuisstudente nie saamstem met die gevolge van kampusonrus in Suid-Afrika nie, en voel hulle dat die onrus te gereeld, te gewelddadig en in baie gevalle belaglik raak.

Op die vraag of kampusonrus 'n ontwikkelingsmatige effek op 'n kampus kan hê, het van die deelnemers die volgende geantwoord:

> **D12K2:** *"Yes, if it is handled correctly. But in terms of what happened back in 2016, it was not. I don't think it was handled correctly because people ended up getting hurt and there was a lot of damage done."*
>
> **D6K1:** *"Not necessarily unrest but I feel like there are more ways that situations like this can pan out except for shutting down. But when people have strikes that are, peaceful strikes basically, the varsity tends to ignore that sometimes. So now people are forced to engage more and violently but sort of take it to drastic measures. Which to some extent I think it works but I think there is more ways to deal with such things than having violent strikes or unrest on campus."*
>
> **D6K1:** *"An unrest like this kind of shakes you, I mean they really shake you. Because it sort of makes you see stuff in a different way now. Because you are now not used to this and in high school I promise you, everyone can vouch for me when I say to you that there aren't really strikes or where students have protested in high school and really do this...Walk past people having strikes on campus and it is bound to affect you. The way you think and the way you process stuff and how you see things as a first year. Especially as a first year because you are easily influenced."*
>
> **D2K1:** *"I think 2016 worked because it was a united cause. It was done by the collective of institutions of higher learning. It has an impact but on the other side the cause that we are fighting for, I think it was directed at the wrong person in terms that*

institutions were targeted. It should have been directed at the ruling party, the government, because they are at the capacity to handle that kind of matter. I really think, judging from th 2016 protests, it can be effective but it has consequences at the same time."

Die meerderheid van die deelnemers glo daarin dat kampusonrus wel effektief kan wees en 'n positiewe effek kan hê, solank die belange van studente en die universiteit, as 'n geheel, in ag geneem word. Al die deelnemers stem eenparig saam oor die goeie gevolge wat 'n goed gereguleerde protesaksie kan hê, mits dit vir 'n goeie doel staan en effektief inlyn met daardie doel uitgevoer word. Die deelnemers vertel hoe hulle self ervaar het hoe die protesaksies gewoonlik in geweld ontaard en glad nie meer inlyn met die hoofdoel was nie; wat dus die hele punt daarvan mis.

Hierdie reaksie van die deelnemerstem hou direk verband met die beskrywing van kampusonrus in par. 2.4 van die literatuur. In die literatuur word daar verduidelik dat die aanvanklike rede vir protesaksies op universiteitskampusse was om ontevredenheid op 'n gesofistikeerde wyse te demonstreer:

"Die konsep van kampusonrus kan beskryf word as die openlike demonstrasie van 'n groep se ontevredenheid oor 'n spesifieke saak, wat dan op 'n universiteitskampus geskied. Hierdie demonstrasie kan effektief wees om sekere doelwitte te bereik, maar kan wel baie skade aanrig as dit nie binne die wet en reëls plaasvind nie."

As gevolg van die laaste paar jaar se gevalle van kampusonrus op universiteitskampusse, word die effektiwiteit van kampusonrus regoor die land, maar veral onder die universiteitstudente, gedebatteer. Die algemene konsensus is wel dat kampusonrus en protesaksies soms die enigste opsie is as daar die nodige verandering aangebring moet word. Die meerderheid deelnemers het egter klem daarop gelê dat enige protesaksies dan ten alle tye alle belanghebbendes in ag moet neem, die regte protokol gevolg moet word, geen geweld mag plaasvind nie en dit deurentyd met die doel belyn is.

Een van die deelnemers verduidelik hoekom hy/sy dink kampusonrus effektief kan wees, en goeie gevolge vir Suid-Afrikaanse universiteitskampusse kan inhou:

D1K1: *"Yeah for me it is effective because most of the changes that happened here were after the disruptions. Because it is students we are fighting for, to save fees, and certain students to have subsidised fees. For me it can be effective but I am not for disruptions, but I am for peace."*

In die literatuur, onder par. 2.4, word verskeie outeurs se opinies en kommer oor kampusonrus op Suid-Afrikaanse universiteitskampusse bespreek, en dit hou direk verband met die reaksies van die deelnemers. Naicker (2016) en Hauser (2016) vertel van die aggressiewe en gevaarlike betogings op kampusse, waar alles gevandaliseer en afgebreek word, en hoe dit ‘n baie traumatiese ervaring vir die universiteit en die studente was. Tsimong (2016), verduidelik dat hy ‘n ondersteuner van hierdie tipe van bewegings is, maar dat dit so hand-uit geruk het, dat dit hom vir sy lewe laat vrees het.

Die volgende deelnemer deel sy/haar emosionele ervaring tydens hierdie tydperk en dit dui ook op hoe dit sy/haar identeit as jongmens in Suid-Afrika help ontwikkel het. Vanuit hierdie deelnemer se belewenis, blyk dit dat kampusonrus ‘n mate van groei kan meebring, mits dit effektief toegepas word en nie koers met die hoofdoel verloor nie:

> **D8K1:** *“Ek moes dink aan hoekom hulle doen wat hulle doen. Nie dat dit noodwendig reg was nie, die metode is nie altyd reg nie, maar daar was ‘n ‘cause’.”*

Vanuit die onderhoude het die meerderheid van die deelnemers verklaar dat hulle toekomstige eerstejaars sal aanmoedig om by kampuskoshuise aan te sluit, weens die baie voordele, soos nabye kampusligging, akademiese leiding, sosiale en finansiële voordele. Die deelnemers glo dat kampuskoshuise steeds veiliger is as private behuising, al bly kampusonrus ‘n kwessie vir toekomstige kampusstudente. Twee van die deelnemers het spesifiek vertel hoe hulle persoonlike ervaring met kampusonrus maak dat hulle nie hulle jonger sibbe sal wil aanmoedig om by ‘n kampuskoshuis aansoek te doen nie. Hulle getuig egter dat hulle wel vir toekomstige eerstejaars sal aanmoedig om by ‘n kampuskoshuis aan te sluit, mits hulle verseker is hulle is voorbereid op die onvoorspelbare stressor van kampusonrus.

Vanuit die deelnemers se reaksies in die onderhoude, blyk dit dat kampusonrus wel ‘n beduidende invloed op eerstejaarkoshuisstudente het. Hierdie invloed is in terme van psigososiale en akademiese ontwikkeling, en is grotendeels negatief, aangesien dit tot buitengewone stres onder die deelnemers gelei het.

5.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die bevindinge van hoe eerstejaarkoshuisstudente se belewenis van kampusonrus ‘n moontlike invloed op hul psigososiale en akademiese ontwikkeling kan hê, voorgedra en bespreek. Die data-insamelingstegniek wat vir hierdie ondersoek gebruik was, was kortliks weer bespreek, waarna die bevindinge van hierdie tegniek bespreek en ontleed was. ‘n Samevatting van die data-insamelingstegniek se inligting, asook die integrasie van die inligting van die literatuurstudies, Hoofstukke 2 en 3, is geïntegreer en ook in hierdie hoofstuk aangebied.

Hoofstuk 6: Samevatting en Aanbevelings

6.1 Inleiding

Die hoofdoelwit van hierdie studie was om die persepsies van eerstejaarkoshuisstudente oor die invloed wat kampusonrus, as buitengewone stressor, op hulle psigososiale en akademiese ontwikkeling het, te ondersoek. Ten einde hierdie doelwit te bereik, het ek as navorser die deelnemers se begrip van die volgende ondersoek: buitengewone stres; kampusonrus en die voorkoms daarvan op Suid-Afrikaanse universiteitskampusse; psigososiale- en akademiese ontwikkeling en die invloed wat kampusonrus daarop het; die uitdagings wat buitengewone stres en kampusonrus op ‘n universiteitskampus meebring, asook die invloed wat die buitengewone stressor, kampusonrus, op eerstejaarkoshuisstudente het.

In hierdie hoofstuk word daar ‘n samevatting van die algehele navorsingstudie gegee, die finale bevindinge verskaf asook aanbevelings gemaak. Die navorsingsvraag word weer gestel en gevolgtrekkings wat daarop betrekking het, word gemaak. Die navorsingstudie se tekortkominge word ook geïdentifiseer en bespreek. Ek sluit die hoofstuk af met aanbevelings ten opsigte van opleiding, die praktyk en toekomstige navorsing.

6.2 Samevatting van bevindinge

Vanuit die data-ontleding, soos in Hoofstuk 5 vervat, is ‘n omvattende samevatting oor die studie se algemene bevindinge gemaak. Die bevindinge dui daarop dat die meerderheid deelnemers se belewenisse en persepsies van hulle eerstejaar in ‘n universiteitskoshuis ooreengestem het. Die algemene belewenisse onder hierdie deelnemers was dat hulle lewensomstandighede drasties verander het en dat hulle in ‘n kort tydperk aan verskeie stressors blootgestel was wat vir hulle uitdagend was. Die stressors wat, volgens die deelnemers, die mees uitdagende was, was om by ‘n nuwe omgewing aan te pas, by te hou by akademiese vereistes, om sosiale verpligtinge na te kom, en om finansieel te oorleef. Vir die meeste deelnemers was die grootste stressor en uitdaging om ‘n goeie balans tussen die laasgenoemde kwessies te handhaaf.

Alhoewel die deelnemers hierdie stressors en uitdagings in die gesig gestaar het, het dit wel na vore gekom dat die deelnemers se belewenisse oor hierdie dramatiese veranderinge en uitdagings uiteindelik positief van aard was. Die algemene gevoel onder die deelnemers was dat hierdie uitdagings ‘n positiewe invloed op hulle onafhanklikheid, kognitiewe en psigososiale ontwikkeling gehad het, aangesien hulle gedwing was om self klaar te kom en aan te pas. Daar is ook bevind dat die meerderheid deelnemers die soeke na selfwaarde, die eksplorering van sosiale verhoudings en interafhanklikheid as belangrike bydraers tot hulle psigososiale ontwikkeling beskou het. Die meerderheid deelnemers het getuig dat hulle

hierdie blootstelling in hulle kampuskoshuis gehad het, en glo dus dat genoemde aspekte ‘n groot bydrae tot die ontwikkeling van hulle identiteit, selfvertroue, selfbeeld, sosiale vaardighede en onafhanklikheid gelewer het. Volgens die deelnemers het die blootstelling aan ‘n verskeidenheid mense bygedra tot hul sosiale ontwikkeling, en het die aanpassing by die verskillende groepe mense bygedra tot hulle emosionele ontwikkeling. Onder die deelnemers se reaksies het dit ook na vore gekom dat die uitdagings, soos bo genoem, ‘n groot bydrae tot hulle kognitiewe ontwikkeling gelewer het, aangesien die hantering daarvan ‘n mens kognitief uitdaag. Die fases van “ego identiteit vs rolverwarring“ en “intimiteit vs isolasie” van Erikson (soos aangehaal deur McLeod, 2013) is dus oënskynlik by hierdie deelnemers suksesvol voltooi.

Vanuit die data-ontleding is daar bevind dat die meerderheid van die deelnemers wel kampusonrus op hulle Suid-Afrikaanse universiteitskampus ervaar het, en dat dit bygedra het tot reedsbestaande stres wat hulle ervaar het. Kampusonrus het ‘n duidelike invloed op die deelnemers gehad, aangesien dit hulle akademiese prestasie, sosiale verhoudings, veiligheid en emosionele welstand geaffekteer het. Die algemene gevoel onder al die deelnemers was dat kampusonrus ‘n negatiewe invloed op veral hulle, as eerstejaarkoshuisstudente, gehad het. Die redes hiervoor is omdat die onderbreking van klasse, die onvoorspelbaarheid en gewelddadigheid daarvan tot beduidende onsekerheid, tot vrees en angs onder hulle as eerstejaarstudente, gelei het. Deelnemers se akademiese prestasie is negatief geaffekteer as gevolg van uitstel van assesserings, aanpassing van roosters en onderbreking van klasse. Dit het uiteindelik dan gelei tot die druip van sommige vakke. Hul veiligheid en emosionele welstand is negatief geaffekteer as gevolg van gewelddadige protesaksies, onverwagse instorm by kampuskoshuise en die aanhoudende vrees en angs dat hulle veiligheid in gedrang is.

Dit blyk dat die gesonde balans wat ‘n eerstejaar oor die algemeen moet leer handhaaf, dus baie moeiliker was om gedurende kampusonrus en protesaksies op kampusse te handhaaf.

‘n Interessante bevinding wat duidelik vanuit die studie uitgestaan het, was dat alle deelnemers van mening was dat kampusonrus en protesaksies wel positiewe en ontwikkelende gevolge vir universiteitskampusse kan inhou. Dit is egter net mits die regte owerhede betrek word, daar geen geweld of aggressie is nie, en daar enigheid oor die algemene doel van die saak is. Sommige van die deelnemers was teleurgesteld in hoe kampusonrus die laaste paar jaar plaasgevind het, aangesien meeste van die protesaksies vir ‘n goeie doel gestaan het, maar kredietwaardigheid verloor het die oomblik toe dit nie ordelik en effektief bestuur is nie.

Die meerderheid van die deelnemers het getuig dat hul steeds sal aanbeveel dat toekomstige eerstejaars by ‘n Suid-Afrikaans universiteit kampuskoshuis aan te sluit. Die algemene gevoel was dat die akademiese, sosiale en emosionele ondersteuning wat daar in die kampuskoshuise gebied word, maak dat die koshuis iets bied wat ‘n eerstejaar nêrens anders op kampus gaan ervaar nie. In onseker tye, soos kampusonrus en protesaksies, het deelnemers juis die nodige ondersteuning in die koshuise ontvang. Van die deelnemers voel dat hierdie ondersteuningsraamwerk baie vir ‘n eerstejaar, blootgestel aan ‘n onbekende omgewing, kan beteken.

Die gevolgtrekking wat dus volgens hierdie navorsingstudie se bevindinge gemaak kan word, is soos volg:

Die meerderheid deelnemers het ‘n algehele goeie belewenis van die kampuskoshuislewe op universiteit gehad, aangesien dit ‘n groot bydrae tot hulle psigososiale en kognitiewe ontwikkeling gehad het. Kampusonrus het egter ingemeng hiermee, aangesien dit ‘n negatiewe invloed op hul emosionele welstand en akademiese prestasie gehad het. Die deelnemers se belewenisse in terme van die graad van die kampusonrus op hulle eie kampusse het verskil, aangesien sommige kampusse ‘n hoër graad van protesaksies en geweld as ander ervaar het. Alhoewel hierdie belewenisse varieer het, was die algemene gevoel onder die deelnemers steeds dat kampusonrus ‘n negatiewe invloed op eerstejaarkoshuisstudente se psigososiale en kognitiewe ontwikkeling het.

6.3 Beantwoording van die navorsingsvrae

Die kwalitatiewe, eksploratiewe aard van die studie het gelei tot die verkryging van ‘n ryk beskrywing van die verskynsel wat ondersoek is, naamlik: eerstejaarkoshuisstudente se belewenisse oor die moontlike invloed wat kampusonrus, as buitengewone stressor, op hulle psigososiale en kognitiewe ontwikkeling het.

Die primêre navorsingsvraag wat vanuit hierdie verskynsel vir die betrokke studie ontwikkel is, was die volgende:

“Wat is eerstejaarkoshuisstudente se belewenis van die invloed wat kampusonrus, as ‘n buitengewone stressor, op hul psigososiale en akademiese ontwikkeling het?”

Vanuit die primêre navorsingsvraag is sewe sekondêre navorsingsvrae geformuleer, soos onder par. 1.4 in Hoofstuk 1 aangedui. Hierdie sekondêre navorsingsvrae gaan hier kortliks beantwoord en bespreek word, waarna die primêre navorsingsvraag, as ‘n finale saamtrek van die bevindinge, beantwoord en bespreek gaan word.

Die sekondêre navorsingsvrae:

- *Wat verstaan eerstejaarkoshuisstudente onder die term "kampusonrus"?*
  Vanuit die deelnemers se onderhoude, het dit geblyk dat almal die term "kampusonrus" goed verstaan, en reeds 'n duidelike idee van hierdie term het. Aangesien die deelnemers almal eerstejaarkoshuisstudente in 2016 was, 'n tyd waarin kampusonrus regoor Suid-Afrikaans universiteitskampusse plaasgevind het, was hulle reeds so blootgestel aan hierdie term dat dit vir hulle niks nuuts was nie. Vir die meerderheid het hierdie term beteken dat hulle akademiese tyd en algemene studentelewe ontwrig was deur betogings wat handuit geruk het.

- *Wat is eerstejaarkoshuisstudente se belewenisse van kampusonrus?*
  Die belewenisse van die meeste deelnemers was dat kampusonrus 'n ontwrigting meegebring het ten opsigte van hul akademiese en algemene studentelewe. Die meerderheid het dit as negatief beskou, en daar was selfs deelnemers wat erge trauma as gevolg daarvan ervaar het. Die algemene belewenisse van eerstejaarkoshuisstudente is dus dat kampusonrus 'n negatiewe konsep is, wat 'n beduidende invloed op veral eerstejaarstudente gehad het.

- *Verstaan eerstejaarkoshuisstudente die verskil tussen algemene stres en buitengewone stres, soos kampusonrus?*
  Vanuit die onderhoude met eerstejaarkoshuisstudente van 2016, was dit duidelik dat die buitengewone stressor van "kampusonrus" nie vir hulle 'n nuwe verskynsel was nie. Die deelnemers het 'n duidelike begrip van die verskil tussen algemene stres en buitengewone stres gehad, aangesien hulle eerstehandse ondervinding daarvan gehad het. Die deelnemers het getuig van die algemene stres wat hulle as nuwe eerstejaarkoshuisstudent gehad het, en hoe kampusonrus as 'n eksterne stressor bygedra het tot hierdie stres en dit selfs begin oorheers het.

- *Wat verstaan eerstejaarkoshuisstudente onder die terme "psigososiale ontwikkeling" en "akademiese ontwikkeling"?*
  Onder psigososiale ontwikkeling het deelnemers dit verstaan as die samevattende ontwikkeling as 'n individu wat sosiaal en emosioneel moet groei om ten einde 'n onafhanklike, interafhanklike en "suksesvolle" individu van die samelewing te wees. Onder akademiese ontwikkeling het deelnemers dit verstaan as die akademiese vordering wat elke nuwe universiteitstudent ondergaan wanneer hulle aan nuwe akademiese uitdagings blootgestel is. Saam met hierdie akademiese vordering, het

hulle dit ook verstaan as ‘n tipe kognitiewe ontwikkeling, aangesien hul kognitiewe denke op universiteit uitgedaag word.

- *Wat is eerstejaarkoshuisstudente se belewenis van die invloed wat kampusonrus op hulle psigososiale en akademiese ontwikkeling het?*
  Elkeen van die deelnemers het weergegee dat kampusonrus vir seker ‘n negatiewe invloed op eerstejaarkoshuisstudente se psigososiale en akademiese ontwikkeling het. Die deelnemers wat eerstehandse ondervinding van kampusonrus beleef het, het getuig van hierdie besliste negatiewe invloed. Hulle het beskryf hoe hul psigososiale ontwikkeling beïnvloed is, aangesien die betogings hulle verhoed het om die algemene “normale” leefstyl van ‘n eerstejaarkoshuisstudent te beleef en sodoende as ‘n onafhanklike en interafhanklike individu van die samelewing te ontwikkel.

  Die deelnemers wat nie noodwendig eerstehandse ondervinding van kampusonrus beleef het nie, het wel hul groot vrees vir die moontlikheid daarvan gedeel. Hierdie vrees, sowel as die onvoorspelbaarheid van kampusonrus in Suid-Afrika, het volgens hulle ook ‘n negatiewe invloed op hulle psigososiale en akademiese ontwikkeling gehad. Alhoewel hul kampus nie noodwendig ernstige kampusonrus beleef het nie, het die algemene verskynsel van kampusonrus op universiteitskampusse steeds ‘n invloed op hulle akademiese rooster en algemene studentelewe gehad.

- *Wat is moontlike voorstelle vir eerstejaarkoshuisstudente om stres, sowel as buitengewone stressors (soos kampusonrus), te hanteer?*
  Vanuit die onderhoude het dit duidelik geblyk dat die meerderheid van die deelnemers ‘n goeie ondersteuningsnetwerk gehad het. Dit was danksy die kampuskoshuise waaraan hulle behoort het. Om deel van ‘n kampuskoshuis te vorm, het gehelp met ‘n gevoel van “familie” en sodoende het dit onder die koshuisstudente gelei tot emosionele ondersteuning in uitdagende tye, soos betogings en kampusonrus.

  Dit is dus baie belangrik vir ‘n eerstejaarkoshuisstudent om gemaklik in sy/haar nuwe koshuis te voel, deel te vorm van die sogenaamde “koshuisfamilie” en verhoudinge en vriendskappe daar te kweek, aangesien hierdie as die fondament van sy/haar ondersteuningsnetwerk gaan dien.

  Eerstejaarkoshuisstudente moet ingelig wees oor die ondersteuningsdienste (soos beraders en sielkundiges) wat die betrokke kampus bied, asook waar hierdie dienste

beskikbaar is. Hierdie inligting moet deur die koshuise aan die nuwe eerstejaars verskaf word.

Die eerstejaarkoshuisstudente moet gemaklik en gewillig wees om van hierdie dienste gebruik te maak indien dit nodig is. Hierdie dienste op kampus moet dus maklik bekombaar en toeganklik wees.

- *Wat is moontlike voorstelle vir Suid-Afrikaanse universiteite om kampusonrus te hanteer, of om die stres te hanteer wanneer kampusonrus plaasvind?*
  Dit is baie belangrik dat Suid-Afrikaanse universiteite 'n opgedateerde plan en program van veiligheidsmaatreëls uitgewerk het vir die moontlikheid van kampusonrus en betogings. Die beskermingsdienste van elke universiteitskampus moet ingelig wees oor hierdie moontlikheid en gereelde werkswinkels oor kampusonrus bywoon, om sodoende voorbereid vir enige uitdagings in hierdie verband te wees. Elke kampuskoshuis van die universiteit moet 'n effektiewe protokol hê, wat enige vorm of insident van kampusonrus aanspreek.

  Die universiteite se kampuskoshuise kan elke semester die veiligheidsmaatreëls opdateer, asook 'n "kampusonrus oefening" hê, waar daar geoefen word wat gedoen sal word, indien kampusonrus sou voorkom.

  Suid-Afrikaanse universiteite moet ook verseker dat alle nuwe eerstejaarstudente al die nodige inligting van die beskikbare ondersteuningsdienste op kampus kry wanneer hulle by die universiteit aansluit. Hierdie dienste op kampus moet dis maklik bekombaar en toeganklik wees.

Deur hierdie studie se bevindinge en gevolgtrekkings te evalueer, kan daar gestel word dat die primêre navorsingsvraag definitief beantwoord is. Die antwoord op hierdie vraag is negatief van aard, want vanuit die bevindinge is die algemene gevolgtrekking gemaak dat die deelnemers, wat almal eerstejaarkoshuisstudente is, kampusonrus as 'n negatiewe invloed op hulle psigososiale en kognitiewe ontwikkeling beleef het. Elke deelnemer het gedeel hoe belangrik sosiale, emosionele en kognitiewe ontwikkeling vir 'n eerstejaarstudent is, en hoe hulle dit self in hulle kampuskoshuise ervaar het. Hierdie is egter toe geaffekteer deur kampusonrus, wat nie ordelik toegepas was nie. Vanuit die bevindinge is dit duidelik dat kampusonrus definitief 'n invloed op die psigososiale en kognitiewe ontwikkeling van eerstejaarstudente gehad het. Die invloed van kampusonrus op Suid-Afrikaanse universiteitskampusse het die psigososiale ontwikkeling van eerstejaarstudente gehinder of

in sommige gevalle selfs tot stilstand gebring. Verder het dit hulle akademiese verpligtinge grotendeels moeiliker gemaak en gelei tot swakker akademiese prestasie onder van die deelnemers.

